

# Splinters en Dorings uit die Rosestad se Verlede

Hannes Haasbroek

sb



# Splinters en Dorings uit die Rosestad se Verlede

Hannes Haasbroek

SUNBONANI SCHOLAR

*Splinters en Dorings uit die Rosestad se Verlede*

Uitgegee deur Ssl Mebg_ Bloemfontein onder die Ssl@ml_lg Qafmj_p druknaam.

Akademiese, professionele en navorsingswerk word onder hierdie druknaam gepubliseer in druk- en elektroniese formaat. Hierdie publikasie kan direk bestel word by kcbg_>qsl`ml_lg.co.za

Alle regte voorbehou.


Kopiereg © 2015 Qsl Kcbg_ @jmckdmlrcgl & Nasionale Museum, Bloemfontein

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskryfopname, mikroverfilming, via die Internet of e-pos of enige ander stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Die menings in hierdie publikasie is dié van die outeur(s) en weerspieël nie noodwendig die opinies van die uitgewer nie.

Eerste uitgawe 2015
ISBN: 978-1-920382-72-8
e-ISBN: 978-1-920382-73-5
BMG8 frrnq8--bmg,mpe-/.,/660.-756/70.160513
Ecqcrgl Jglsv @gmjglsk //-/2 nr

@_lbmlrucpn* `j_bsgrjce cl npmbsiqgc bcsp Qsl Kcbg_ @jmckdmlrcgl
BMG8 frrnq8--bmg,mpe-/.,/660.-756/70.160513



Die publikasie van hierdie boek is moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L W Hiemstra Trust – opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra.

Tensy anders aangedui behoort alle foto's aan die Nasionale Museum in Bloemfontein.





# Inhoud

Voorwoord | **1**
*Landjobbers* maai in die Oranjerivier-Soewereiniteit 1848-1854 | **4**
Oranje-Vrystaat deur Brittanje op skinkbord aan Boere geskenk | **7**
'n Skamele vaatjie kruit het die president gekelder! | **10**
*Woest rijden* van toenterjare | **14**
Dokter B.O. Kellner en die *Injurie-Zaak* van 1877 | **17**
'n Goewernante soos Nakie | **20**
Volksraadsekretaris Van Hoytema steek geld in eie sak | **25**
Louter van Bloemfontein: Die Boere se Julius? | **27**
Arthur Conan Doyle, skrywer van Sherlock Holmes, se voetspore in Bloemfontein | **30**
Bloemfontein-vloed van 1904 | **34**
Die Empire-teater 1905: Bloemfontein se eerste ware teater bestaan net 'n maand | **37**
Sir Cornelis en die *immorele vrouwen* | **40**
Die Stadsraad-debakel van 1907 | **42**
Rolskaatsgier tref die stad in 1909 | **46**
Protokol-flater laat inwoners rooi sien | **49**
Eerste Vrystaatse administrateur moes harde bene kou | **51**
Onderwyskrisis ruk Vrystaat in 1912 | **54**
Gemengde baaiery: 'n Warm debat | **58**
Die ontstaan van die ANC in Bloemfontein | **62**
Die Bethlehem-tussenverkiesing van 1914: Perde uit dieselfde stal stamp koppe | **64**
'n Ambulanskorps vir die Vrystaatse rebelle | **68**
Meneer Duff weier om stoel in stadsraad te ontruim in 1915 | **71**
Teepartytjie in Waaihoek-township: £1 boete of 14 dae hardepad | **74**
Bloemfontein beleef 'n vlieëweek in 1918 | **77**
46c of basta! Loonagitasie van 1919 | **81**
Eie bioskoop vir swart gemeenskap in 1922 | **85**
Blindedermoperasies knou bekende Fichardt-familie | **87**
Sir Etienne se 'Huis van Liefde' | **90**
*Tails or no tails*: 'n Prins in Bloemfontein | **93**
Die 1930-moordsaak | **96**
Britse koningsbesoek in 1947 lei tot kattegeveg oor uitnodigingslys | **99**
De Wet-standbeeld eers ná 25 jaar opgerig | **103**
Bikini-tameletjie in die 1960's | **106**
Bram Fischer: 'n Legende in ons tyd | **110**
Cecilia Wessels: Ons eie grande dame | **117**
*Via dolorosa* van die Vrystaatse Indiërs | **124**
Bloemfontein se unieke Reservoir-galery | **128**
Bronne | **132**
Bronne: Koerante | **134**



# Voorwoord

Soos enige stad of dorp het Bloemfontein (Mangaung) wat ook bekend staan as die Rosestad vanweë die baie rose wat oraloor te vinde is, sy eie ontwikkelingsgeskiedenis. Dit is 'n geskiedenis wat gewoonlik ook gesaai is met oulike, of selfs ontstellende verhale waarvan sommige nie die groot klok haal nie. Om nie te praat van die anekdotes rondom skandes en verleenthede – die dorings – wat soms die hoëlui van die stad of dergelike besoekers omvou nie, maar wat in die vergetelheid geraak het.

Dit is dié verhale en stories, dikwels kleinode, komiese gebeure, skandes en eienaardighede – maar almal waar – wat die menslikheid en hart aan 'n stad verleen. Ofskoon dit in 'n spesifieke stad of dorp afspeel, is die verhale meermale universeel en kon net sowel op enige ander plek gebeur het omdat dit met die mens se feilbaarheid, swakhede, sinnelose besluite, geite, onverkwiklike voorvalle, ydelheid, meerderwaardigheid, integriteit en hartseer te doen het. Vanselfsprekend is mense die kern van die meeste gevalle, maar daar is ook spesifieke makabere en vreemde gebeure wat eers plaasvind voordat dit 'n invloed op die menslike gedrag het.

Dis ook die hoë bome wat die meeste wind vang. Hulle openbare gewigtige doen en late word gewoonlik in die hoofstroom geskiedenis uitgeklaar en oopgevlek, maar selde word 'n eenmalige verbygaande voorval in hul lewe wat vir 'n vlietende oomblik aandag in die pers getrek het, in die historiese anale opgeteken.

Dan is daar die meer hoofstroom verhale wat uitmergelend is om te bestudeer en te verteer wat liefs in 'n neutedop aangebied behoort te word om lesers 'n lang relaas te spaar.

Met dit alles in gedagte, het ek na 'n dienstydperk van 35 jaar as historikus van die Nasionale Museum in Bloemfontein die talle ware geskiedkundige sketse en stories rondom Bloemfontein, wat ek in bogenoemde verband geskryf het en wat met die verloop van die jare in koerante, tydskrifte en ons eie museum tydskrif *Culna* verskyn het, van die rak afgehaal, nuut afgestof en saam met toepaslike foto's vir dié boek aangebied. Die boek strek van die ontstaan van die stad tot dekades later en word grootliks chronologies aangebied.

Ek hoop ook dat die leser hom kan verkneukel in 'n stad se kostelikhede en treurmares van 'n verre verlede, maar wat aan die ander kant duidelik deurslaan op die hedendaagse stads- of dorpsgebeure wat weereens benadruk dat die geskiedenis homself herhaal. Of die karakters van 'n

stad vandag of 100 jaar terug leef of gelewe het, of hulle omring word met die modernste tegnologie of vasgevang is in primitiewe omstandighede, hul gewone menslike optrede bly dikwels dieselfde.

Gedink Bloemfontein is 'n saai en vervelige stad wat sy verlede betref? Delf bietjie deur hierdie ware stadstories, gebaseer op hoofsaaklik inligting uit oorspronklike dokumente in die Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek (VPAB) en Bloemfonteinse koerante, aangevul deur bestaande sekondêre bronne en besluit self. Die foto's is verkry uit die versamelings van die Nasionale Museum (NM), Oliewenhuis-kunsmuseum (OLW), Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek en die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein.

Die rustige plattelandse atmosfeer wat so dikwels aan Bloemfontein as stad toegedig word, het onder dié oppervlak splinter- en doringverhale wat die leser se oë sal laat rek.

Die ondersteuning, samewerking en vriendelikheid van die personeel van die Nasionale Museum, Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek, NALN en Bloemfonteinse stadsbiblioteek, in watter hoedanigheid ook al, word met groot dank erken. Die hulp met die foto's van Sudré Havenga, versamelingsbestuurder van die Nasionale Museum, word hoog op prys gestel.

Dank is aan die raad en direkteur van die Nasionale Museum verskuldig dat hulle hierdie werk ondersteun het. Ten slotte wil ek my opregte dank uitspreek aan Liezel Meintjes, uitgewer van SUN MeDIA Bloemfontein, wat die publikasie van die boek onderneem het. So ook aan die Hiemstra Trust wat deur 'n ruim borgskap dit alles moontlik gemaak het.

**Hannes Haasbroek**
*Nasionale Museum, Bloemfontein*
*Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat*

Februarie 2015



# *Landjobbers* maai in die Oranjerivier-Soewereiniteit 1848-1854

Grond, grond en nogmaals grond! Toenterjare of nou, mense wil gryp, wil hê of wil daarmee woeker, in welke verband ook al. Hedendaags gons dit juis weer behoorlik rondom die omstrede grondonteieningskwessie met rolspelers se besluit dat daar 'n plafon van maksimum 12 000 hektaar of twee plase per persoon moet wees.

'n Mens staan egter verbyster wanneer die buitengewone omvang van grondspekulasie in die Vrystaat gedurende die pre-republikeinse tydperk (1848-1854) onder die soeklig kom. Dit was 'n ander tyd, ander omstandighede. Maar nogtans.

In 1848 is die streek as Britse gebied verklaar en sou voortaan as die Oranjerivier-Soewereiniteit bekend staan. Die besetting deur die magtige Britse Ryk van wat ons vandag as die Vrystaatse grondgebied ken, het by veral baie Engelse vertroue ingeboesem en hulle veilig laat voel om hul in 'n grootliks onontwikkelde landstreek te vestig.

Die Engelse het hoofsaaklik die sakelui uitgemaak of was andersins aan die Britse garnisoen of staatsadministrasie verbonde. Grondspekulasie het weldra algemeen in veral die Engelse gemeenskap voorgekom. Die eenvoudige Boere van destyds, wat vêr in die meerderheid was in vergelyking met die Engelse, het hulle merendeels op boerdery toegelê. Hulle het nóg die vernuf nóg die finansies gehad om hul met grondspekulasie op te hou.

Volgens 'n opgawe van 1854 is daar uit 'n totaal van 1 265 grondbriewe wat voor 1854 uitgereik is, 264 aan 139 Engelssprekendes uitgemaak van wie slegs 40 die grond self bewoon het. Van die 11 miljoen akkers grond (1 morg = 2,1111 akker) wat aan wit inwoners van die Soewereiniteit toegeken is, het die Engelse byna twee en 'n half miljoen besit. Dit kom gemiddeld op 17 754 akkers per Engelssprekende te staan, terwyl die Hollandssprekende boere gemiddeld 5 500 akkers besit het.

Owerheidsregulasies het verbied dat amptenare, wat feitlik almal Engelssprekend was, grond mag aankoop. Die gesagsdraers in die Oranjerivier-Soewereiniteit was egter duisende kilometers vêr verwyder van die berispende en wakende oog van die Kroon sodat hulle in 'n groot mate *carte blanche* in die bestuur van die land gehad en ongebreidel in die spekulasiestrooptog gedeel het.

So het die hoofamptenare, insluitend die Engelse resident, Henry Green, in die nog grootliks ongerepte gebied lustig aan spekulasie meegedoen. Green het inderdaad 83 562 morge grond

(1 morg = 0,8565 hektaar) in sy besit gehad wat hom een van die grootste grondbesitters in die land gemaak het. *Landjobbers* was die naam wat aan die grondspekulante toegeken is.

Joseph Allison, een van die bekendste amptenare in die soewereiniteit en later Volksraadslid, was onder meer die eienaar van Paardekuil (4 670 morge), Rietfontein (4 500 morge), Welgevonden (4 500 morge) en Kareefontein (2 624 morge), almal in die distrik Bloemfontein. Die volgende plase in die distrik Vaalrivier het ook aan hom behoort: Bloemhof (4 500 morge), Langhoek (3 303 morge) en Bloemfield (1 976 morge).



*Henry Green*

A.J. Fraser, van Engelse afkoms en assistent-leerarts van die garnisoen, het hom ook deeglik in hierdie bedryf ingegrawe. Toe die grondspekulasiekoors in die soewereiniteit sy hoogste intensiteit bereik, het hy sy aandag uitsluitlik na die handel in plase verskuif. In die distrikte Bloemfontein en Smithfield was hy die eienaar van Laagkraal (5 741 morge), Doornkuil (12 029 morge), Wesh Tharfield (7 728 morge), Middelkraal (6 228 morge), Rietfontein (7 690 morge), Fraserfield (4 500 morge), Bughlie (4 500 morge), Strathnavon (4 500 morge), Glenlyon (5 741 morge), Flora Dale (12 029 morge) Thorbeck (6 712 morge), Tharfield (5 499 morge) en Auchmacoy (6 288 morge).

Verder het T.W. Vowe (magistraat van Smithfield) 21 064 morge besit. R.H.W. Giddy (magistraatsklerk en vrederegter van Smithfield) het op sy beurt 18 000 morge besit. D.C. Grant (openbare aanklaer van Bloemfontein), J. Burnett (magistraat van Smithfield), H. Lowen (magistraat van Bloemfontein) en T.J. Biddulph (magistraat van Winburg) het elk 4 500 morge besit.

Hierdie plase het gewoonlik vinnig van eienaar verwissel as deel van die winsgewende grondspekulasiebedryf. Toe dit onder die Britse koloniale sekretaris, die hertog van Newcastle, se aandag gebring word, was sy reaksie:

> *I have learnt, not without surprise, what had never before (so far as I am aware) been reported to myself or my predecessors – the extraordinary extent to which British inhabitants connected with the local Government appear to have become owners of public land.*



*Joseph Allison*

Nadat Brittanje die gebied ontruim het en die republiek Oranje-Vrystaat tot stand gekom het, is grondspekulasie aan bande gelê. Daar kon nie verder munt geslaan word uit die

onontwikkelde pionierstoestande wat vroeër in die Transoranje onder die beskerming van die Britse gesag geheers het nie.

Na republiekwording het heelwat grondspekulante die land verlaat omdat grondpryse vinnig gedaal het. Die Engelse wat in die Boererepubliek agtergebly het, het probeer om hierdie klad wat op hulle naam gerus het, af te skud deur die *landjobbers* ten sterkste af te keur.

In 1854 is wetgewing ingestel om grondspekulasie te beperk – 'n wet wat ten volle deur die Engelse Volksraadslede ondersteun is.

# Oranje-Vrystaat deur Brittanje op skinkbord aan Boere geskenk

Die Oranjerivier-Soewereiniteit (vandag die Vrystaat) sou die aansien van die magtige Britse Ryk 'n gevoelige knou toedien omdat die Britse regering hierdie gebied van hulle op 'n skinkbord aan die Boere moes bied om daarvan ontslae te raak. Dit is een van daardie uitsonderlike gevalle waar die heersers in 'n land, gewoonlik in 'n sterk posisie, sonder slag of stoot boedel aan hulle teenstanders oorgee.

Maar terug na die 1800's waar sir Harry Smith in 1848 as goewerneur en hoë kommissaris na die Kaap gekom het. Kort na sy koms het hy inderhaas die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier tot Britse gebied (Oranjerivier-Soewereiniteit) verklaar. Dít doen hy om die vrede te probeer handhaaf tussen die Boere wat pro-republikein was, die lojale Boere (wat Brittanje goedgesind was), Griekwas en swart volkere wat gedurig onderling met mekaar in botsing was.

Min het hy geweet sy meesters in Brittanje sou só besluit: "That territory had to be dropped like the proverbial hot potato." Die voortvarende optrede van sir Harry om die gebied onder die gesag van Brittanje in te skuif, het die Britse regering moeilik afgesluk. Veranderinge het in die Britse koloniale beleid ingetree weens die geweldige uitgawes verbonde aan die Kaapse grensoorloë en die feit dat die binneland van Suid-Afrika in daardie jare nie juis handelspotensiaal of ontginning van minerale gebied het nie.

Sonder om doekies om te draai, het die Britse owerheid verder besluit: "The ultimate abandonment of the Orange River Sovereignty be a settled point in our policy." Sir George Russel Clerk is as Britse spesiale kommissaris na die Vrystaat gestuur om die opsegging daarvan deur te voer. Wat sir Harry Smith tot stand gebring het, moes hy nou spoedig ongedaan maak.

Sir George pen die volgende oor die gebied neer waardeur hy kennelik 'n streep deur die soewereiniteit trek: Die gebied het onteenseglik 'n klompie attraksies en die klimaat is aangenaam. En verder, wild kom oorvloedig voor en die Boere en hul families leef skaars van enigiets anders. As gevolg hiervan en ander spaarsamige gewoontes, is hulle in sekere omstandighede nie in staat om 'n lewensvatbare veeboerdery en genoegsame fondse op te bou wat as welvaart in so 'n gemeenskap gesien kon word nie. Hierdie uitgestrekte onontwikkelde gebied, gaan die spesiale kommissaris voort, bied geen ware belange vir die Ryk nie, regverdig nie besetting nie, bied geen voordeel aan die Britse regering nie en nog minder luister aan die Kroon.

Vanselfsprekend het die lojale Boere en die Engelse inwoners hewig teen die ontruiming geprotesteer. Die standpunt is gehuldig dat Brittanje die Oranjerivier-Soewereiniteit van hom weggooi soos 'n man sy beddegoed in skrik uit 'n nagmerrie.

Brittanje het dus voet by stuk gehou om die land prys te gee.

Sir George het veral moeite gedoen om toenadering te soek by die Boere wat 'n onafhanklikheidsbeweging gevorm het met die doel om die regering van die land oor te neem. Geen simpatie is getoon aan diegene wat steeds Britse gesag oor die gebied verlang het nie. Dit was duidelik dat die Britse regering met enige gewillige party sou onderhandel, solank hy net hierdie sogenaamde las, waarvan hy self die oorsaak was, van sy skouers kon afgooi.

'n Bekende Engelse inwoner, William Collins, wat as staatsamptenaar en pedagoog sy merk in die Vrystaat gemaak het, het die ontevredenes se gevoel oor die gebeure in die Vrystaat so vertolk: "We have been deserted in a most shameful manner by our Mother Country."

Hoe ook al, die Oranje-Vrystaat het soos 'n ryp peer in die skoot van die Boere geval toe dit op 23 Februarie 1854 finaal aan hulle oorhandig is en 'n republiek tot stand gekom het. Die Boere het nooit gedroom vryheid en onafhanklikheid sou so maklik binne die grense van die Britse Ryk aan hulle geskenk word nie – niks minder as op 'n skinkbord nie.

Hierdie was ongetwyfeld 'n rare verskynsel. Dit is immers bekend dat Brittanje gedurende die negentiende eeu nie sommer vrywillig aan die oorspronklike inwoners grondgebied terug sou gee nadat dit eers deur hulle verower of beset is nie.



*Sir Harry Smith*



*William Collins en sy gesin*

# ’n Skamele vaatjie kruit het die president gekelder!

Dit gaan woes in die wêreld. Revolusie is aan die orde van die dag. Ou gevestigde regimes het getuimel. President Hosni Moebarak van Egipte het geval. Die president van Libië, die eksentrieke kolonel Moeammar Ghaddafi, is daarmee heen. Dan was daar ook die drama in Tunisië. Die bevolkings in die lande het na jare en jare se onderdrukking en menseregteskendings hul eens geëerde leiers teengegaan.

Hierdie is maar enkele taamlike onlangse gebeure waar die mense van ’n land die diktatorskap van hul heersers laat intuimel.

Meer as ’n ander half eeu gelede het die republiek Oranje-Vrystaat dit meer in ‘styl’ gedoen en sommer vinnig afgehandel. Die eerste staatspresident van dié land was nie eens nege maande in die ampstoel nie, toe word hy deur die Volksraad gesink. Nie omdat hy die bevolking onderdruk het nie, maar omdat hy nie die meerderheid se republikeinse strewes na wense vertolk het nie.

En, op die oppervlak beskou, dít oor ’n skamele vaatjie kruit van 50 pond (sowat 22 kg).

Soos in die vorige hoofstuk verduidelik is, het Brittanje sy soewereiniteit oor die gebied wat vandag bekend is as die Vrystaat opgehef en die genoemde Boererepubliek het in 1854 onder president Josias Philippus Hoffman tot stand gekom.

Ofskoon Hoffman, ’n Kapenaar van oorsprong, eerder by lojaalgesindes se politiek as by stoere republikeine aanklank gevind het, het sy pad na die presidentskap oopgelê. Nie alleen lei hy in die voorafgaande onafhanklikheidprosesse nie, maar hy word in ’n bevolking, waar dit toe nie algemeen voorgekom het nie, as ’n geleerde man beskou. Hy was welsprekend, ’n bekwame skrywer in sowel Hollands as Engels en kon die harmonium (huisorrel) goed bespeel – dus nogal gekultiveerd. Ondanks ’n helder verstand wat immers noodsaaklik vir so ’n hoë amp is, was sy konsentrasievermoë onder verdenking.

Maar dit is deur die kiesers oorgesien.

Bowenal het dit in Hoffman se guns getel dat hy ’n hegte vriendskapsband met die Basotho-opperhoof, Moshoeshoe, gehad het. Het Hoffman dan nie vir Moshoeshoe vroeër ’n groot kliphuis gebou, terwyl die opperhoof aan hom ’n plaas sou skenk nie? ’n Presidensiële noenmaal vir die opperhoof en sy gevolg tydens ’n besoek aan Bloemfontein, het nie agterweë gebly nie.

Die inwoners van die Vrystaat het gehoop dat hul nuwe president sodoende ’n spoedige en gelukkige einde aan die gespanne verhoudinge oor die algemeen met die Basotho’s, veral as gevolg

van roof- en plundertogte, sou bring. Min wetend dié vriendskap sou hom laat val.

Die sestigjarige Hoffman was die heerser oor 'n ylbevolkte staatjie. Sy hoofsetel, Bloemfontein, was 'n klein plekkie en taamlik onaansienlik: 'n versameling wydverspreide eenvoudige reghoekige eenverdiepinghuisies en -winkels met oop stoepe, ongepleisterde baksteenmure en strooi- en rietdakke. Die indruk? 'n Taamlike troostelose dorpie waaruit Hoffman en sy parlement, die Volksraad, die land gelei het. Die Volksraadstuiste was 'n voormalige skoolsaaltjie waar die publiek aan die een kant afgekamp was, terwyl die sowat 30 landsvaders om 'n lang tafel stelling ingeneem het.

Hoffman was mank in beide bene, maar tog verbasend beweeglik en handig met 'n troffel. Aangesien die goewerment-sekretaris ook kreupel was, het die Hoffman-bewind in die volksmond ook effens spottenderwys as die 'Kruppel-regering' bekend gestaan.

In Augustus 1854 het president Hoffman sy vriend Moshoeshoe besoek om onder andere toenemende veediefstalle deur die Basotho's oor die grens heen te bespreek. So jolig is verwelkomingsalvo's deur die opperhoof se onderdane afgevuur dat hy skielik bekommerd was oor sy kruitvoorraad. Hy het sy ou wit vriend vir 'n bietjie gevra, ook met die oog op 'n volgende verwelkoming.

Die president het ingestem. En woord gehou. Moshoeshoe het sy vaatjie kruit gekry ... en Hoffman het sy ontslag gekry!

Die voorsiening van die vaatjie kruit het nie in geheimhouding afgespeel nie. Hy het die belofte in die teenwoordigheid van sy gevolg by Thaba Bosiu gemaak. Dit is ook amptelik in 'n verslag aangeteken (blykbaar het Hoffman later erken dat hy die paragraaf oor die buskruit in sy eerste verslag weggelaat het). 'n Amptelike brief van die president het die vaatjievervoerders vergesel sodat dit ongestoord sy bestemming kon bereik.

Die aangeleentheid sou waarskynlik nie so hande uitgeruk het as Hoffman alles met fyn diplomasie en begrip hanteer het en raad van sy vertrouelinge gevra het nie.

Tydens die Februarie-sitting in 1855 van die Volksraad is die kwessie egter weer te berde gebring. Daar is gevoel die president speel nie oop kaarte oor die kruit-episode nie. Hoffman is daarvan beskuldig dat hy 'n hoë misdaad begaan het om kruit aan sy vriend te gee wie se onderdane vyandig teenoor die republiek staan.

'n Voorstel dat hy hieroor moes afstap, is ingedien. 'n Amendement dat hy slegs berispe moes word, is ook voorgelê. Om die kruit-episode eers later tot die notule by te voeg toe wenkbroue daaroor gelig word, het kennelik sommige raadslede dwars in die krop gesteek.

Hoffman het die aanslag teen hom in die raad in ligte luim gade geslaan en as 'n klein lastigheid afgemaak. Hy het immers niks verkeerd in sy eie optrede in die verband gesien nie. Dit het sy teenstanders net meer die josie ingemaak en meer vasberade om hom te kelder.

Bygesê, die anti-Hoffman-groep in die raad en onder die publiek het bymotiewe gehad. Hulle was al lankal oorhoeks met die president omdat hy te lou was oor toenadering met Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek) en geglo het die heil van die Vrystaat lê eerder in samewerking met die Kaap.

Die kruit-episode was nou die ideale geleentheid om hom te kruisig.

Volgens wet kon die Volksraad 'n president verhoor as hy van omvangryke misdaad beskuldig word. Dit wil sê die lede is as regters


ingesweer. Maar so ordeloos en vinnig het die proses blykbaar verloop dat sommige van die meer intellektuele lede net hul koppe kon skud.

Die skouspel wat afgespeel het oor die kruit-affêre, was voorwaar 'n revolusie in die kleine in 'n staat wat so pas sy eerste wankelende geboortetreë gegee het. Gevoelens in die raad tussen die twee opponerende faksies het hoog geloop. Die voorstel het 15 en die amendement 11 stemme getrek. Aangesien die vereiste twee-derde-meerderheid nie verkry is om die president skuldig te vind nie, was Hoffman aanvanklik nog veilig in sy pos.

Hierna het die kwessie skielik 'n verpletterende wending vir Hoffman geneem. 'n Klompie heethoofde van die anti-Hoffman-groep het die fort en landdroskantoor beset en kanonne is op die presidentswoning gerig. Hoffman het onder dié onverkwiklike omstandighede van 'n onherstelbare vertrouensbreuk besluit om liewer self te bedank.

Die slotsin van sy bedankingsbrief op 10 Februarie 1855 lui: "Zoo is het dat ik de eer heb u met dezen mijne resignatie aan te bieden."

Hoffman, wat nooit 'n vurige republikein was nie, het later uiters ongewild in die Vrystaat geword omdat hy hom by diegene geskaar het wat Britse heranneksasie bepleit het.



*President J.P. Hoffman*



*Moshoeshoe en sy raadgewers*

# *Woest rijden* van toenterjare

Feitlik daagliks vind daar in ons stede en dorpe motorbotsings plaas en kom een of ander ongeluk voor waarin voetgangers betrokke is. Menigeen verlang dan onverwyld terug na die goeie ou dae van die ossewa, die spaaider, die verewaentjie en die kapkar. Dié dae toe 'n mens ongesteurd jou slentergang deur die strate kon gaan en dit onnodig was om jou telkemale te haas om te verhoed dat 'n verbyflitsende voertuig jou trap.

Maar was strate van vervloë dae so veilig dat 'n voetganger se handel en wandel kommerloos kon geskied? En was die waens en rytuie sulke veilige vervoermiddels dat 'n ongeluk daarmee so te sê ondenkbaar was?

Ongetwyfeld nie – as die nuus van daardie jare onder oë geneem word!

Koerantartikels met opskrifte soos "Gevaar voor kinderen", "Woest rijden" en in die Engelse koerant "Furious and careless riding" en "Carriage accidents" skilder 'n somber prentjie van die verkeersituasie in Bloemfontein gedurende die laaste helfte van die 19de eeu.

Op 17 Junie 1862 meld *The Friend* dat 'n jong Boereklong, ene Roodt, wat die perde van 'n waentjie gelei het, deur die onrustige diere plat geruk is. Voor die stomme jongeling uit die pad kon kom, het die rytuig se voor- en agterwiele oor hom geloop.

Dit het ook soms gebeur dat kinders deur haastige perderuiters getref is. Op 3 Augustus 1882 berig genoemde koerant:

> *On Sunday last a perambulator, containing the infant child of Mr. Wilsenach was run over by a cart drawn by two horses, and the child, we regret to say, received severe injuries.*

Rytuie wat in mekaar vasjaag, was ook nie 'n ongewone gesig nie. In Augustus 1886 het Charles Beck se spaaider gebots met 'n rytuig wat in St. Andrewstraat afgespoed het. Die disselboom het afgebreek. Die perde het van skrik onmiddellik op hol gegaan. Alles het so vinnig gebeur dat die arme Beck nie kans gehad het om dadelik die leisels te los nie en is uit die spaaider geruk, gelukkig sonder ernstige beserings.

Nie net die gewone man op straat was slagoffers van ongelukke met rytuie nie. Diegene van aansien het ook deurgeloop. Andrew Hudson Bain, een van die mees vooraanstaande grondleggers van die Oranje-Vrystaat en eienaar van die bekende plaas Bain's Vleij net buite Bloemfontein (vandag bekend as Bainsvlei en verdeel in hoewes en sakeondernemings) is uit sy rytuig geslinger

toe dit 'n paar klippe in die pad getref het. Een van die wiele het oor hom geloop en die man is ernstig beseer. *The Friend* kon egter op 7 Desember 1866 gerusstellend berig dat "Mr. Bain is now pronounced out of danger and in a fair way of recovery".

In 'n ander voorval het die Kaapse goewerneur, sir Henry Barkly, tydens sy besoek aan Bloemfontein vir 'n skouspel gesorg. Hy is buite die stad ingewag en deur ruiters en rytuie teen 'n taamlike spoed die stad ingelei. Barkly is in die kapkar vergesel deur die Vrystaatse president, J.H. Brand.

En toe gebeur dit!

Die kapkar het omgeslaan nadat sy drywer die rytuig met swier te vinnig om 'n straathoek gestuur het. Die goewerneur het sy kop oopgesny, maar die president en die drywer was ongedeerd.



*Koos Venter*

'n Besondere, indien nie ietwat komiese nie, geval van *woest rijden* was dié waarin Jacobus (Koos) Johannes Venter en Charles Beck betrokke was. Die gebeure het uitgestaan bo die alledaagse insidente as gevolg van Koos Venter se betrokkenheid. Hy was 'n bekende Volksraadslid asook kerkleier en het verskeie kere as waarnemende staatspresident gedien.

Hy het die betrokke wintersdag in Junie 1880 niksvermoedend in die straat afgewandel toe hy so byna-byna sy lewe verloor het weens die onverskillige ryvermoë van Beck – "waardoor zijn leven in gevaar was gebracht, daar hy bijna onder de Paarden was geraakt", soos *The Friend* van 1 Julie 1880 die petalje beskryf het.

Venter, bekend vir sy opvlieënde, driftige en strydlustige geaardheid, het nie alleen vir Beck gedagvaar vir sy "woest rijden met een kar" nie, maar dit blyk dat hy die man ook te lyf gegaan het. "Wij vernemen," berig *The Friend*, "dat de heer Beck nu onze landsvader zal dagvaardig voor aanranding."



*Andrew Hudson Bain*

Net soos vandag was spoed 'n kenmerk van die jeug van ouds. Op 31 Desember 1885 het die redakteur van *De Express*, Carl Borckenhagen, dit wys gevind om die jongmense van Bloemfontein in sy koerant aan te spreek omdat hulle met hul perde en rytuie in volle vaart deur die strate jaag en 'n gevaar skep vir die voetgangers. Hy doen 'n beroep op die munisipale konstabels om die dorp se jongmense vriendelik dog ferm vas te vat. As nagedagte voeg hy by: "It is pleasant to see our future

defenders growing up bold and fearless riders, but there are plenty of places for a spin outside the town, without using the streets."

Bloemfontein se inwoners sou nie gedwee stilsit en toekyk hoe daar op onverantwoordelike en gevaarlike wyse van die strate gebruik gemaak word nie. 'n Ernstige versoekskrif, wat deur die meeste lojale Bloemfonteiners onderteken is, is in 1882 aan die stadsraad gerig, "... versoekende dat stappen mogen genomen worden om personen te beletten, hetzij te paard of per kar, op eene gevaarlijke manier, vooral om de hoeken der straten, te rijden". Die plaaslike koerante het die versoekskrif sterk ondersteun. So het die *Daily News* onder andere op 9 Augustus 1882 gevra dat "the civil power should deal stringently with the nuisance".

Die munisipaliteit is dus mettertyd gedwing om al hoe meer en meer verkeersreëls in te stel om die inwoners te beskerm en die toenemende verkeersvloei te verbeter. Selfs 'n spoedbeperking van agt myl per uur (20 km per uur) sou ingestel word.




*Bloemfontein in die 1890's. Regs is die poskantoor.*

# Dokter B.O. Kellner en die *Injurie-Zaak* van 1877

Mense is gewoonlik – en verstaanbaar – fyngevoelig oor wat ander van hulle dink. Derhalwe is siviele lastersake wat in die hof draai geen ongewone gesig nie. En toenterjare was dit ook nie anders nie.

Bernhard Otto Kellner (1836-1918) was een van die mees gesiene en merkwaardigste inwoners wat vroeë Bloemfontein en die Vrystaat nog opgelewer het. Vanselfsprekend sou die lastersaak waarin hy betrokke geraak het, Bloemfontein se aandag vasvang.

Kellner het Duitsland in 1863 verlaat en hom in die stad as geneesheer gevestig. Wat aan hierdie man so 'n besonderse statuur verleen het, was die feit dat hy die eerste gekwalifiseerde geneesheer in Bloemfontein was. In 'n tyd toe die mediese opset noord van die Oranjerivier uiters ontoereikend was, het Kellner vanselfsprekend gou bekendheid as dokter verwerf. Mettertyd het hy so 'n belangrike rol op mediese gebied gespeel dat hy tereg die vader van die geneeskunde in die Vrystaat genoem is.

Nie alleen as geneesheer nie, maar ook as toegewyde stadsvader, aktiewe politikus en gemeenskapsweldoener was hy oor dekades heen tot met sy dood intens gemoeid met die ontwikkeling van die stad op so te sê alle terreine. Hy was onder andere gedurende die tydperk 1879 tot 1893 meer as tien jaar Volksraadslid. Sy nege jaar wat hy as burgemeester van Bloemfontein gedien het, te wete vanaf 1891 tot 1896 en weer vanaf 1898 tot 1902, het hom die langsdienende eerste burger van alle tye gemaak. Kellner was ook erekurator van die Nasionale Museum van 1888 tot met sy dood in 1918.

Voordat dokter Kellner die eer aangedoen is om die burgemeesterstoel te beklee, was hy reeds jare tevore betrokke by die stadsraad oftewel munisipale raad soos dit destyds bekend gestaan het. Slegs enkele jare na sy vestiging in Bloemfontein is hy in Oktober 1867 tydens 'n tussenverkiesing onbestrede vir die eerste keer tot die raad verkies. Tydens die algemene munisipale verkiesing in 1868 het hy uitgeval. Met die afsterwe van die bekende raadslid Thomas White, redakteur van *The Friend*, in 1876, het Kellner weer om die vakante posisie meegeding en gewen.

Aanvanklik het die aanloop tot die algemene raadsverkiesing in die daaropvolgende jaar onder 'n wolk van wantroue plaasgevind omdat die belastingbetalers van oordeel was dat die raad verbrou het wat betref sy openbare rekeninge en onnodige hoë belastings wou hef. Tydens 'n openbare vergadering is die lug nietemin sodanig gesuiwer dat al die raadslede herkies is. In sy bedankingswoord na die verkiesing het Kellner sy waardering in 'n stampvol stadsaal uitgespreek dat

die klad waaronder die raadslede moes gebuk gaan nie die belastingbetalers se vertroue in die lede se eerbaarheid nadelig beïnvloed het nie.

Dit blyk dat *The Friend* van die standpunt uitgegaan het dat die 'suiweringsvergadering' voor die verkiesing beknoei en gemanipuleer is om die raadslede se hantering van munisipale sake in die reine te bring. Die koerant was allermins oortuig dat die raad eerbaar opgetree het en het Kellner se witwas-opmerking hieroor as onvanpas beskou. Die gevolg was dat die redakteur hierdie snedige berig vir plasing onder die hofie "General News" op 19 April 1877 goedgekeur het:

> *A SLIGHT – The junior Municipal Commissioner [stadsraadslid], who was put in as a stopgap less than a year, was so elated upon being re-elected the other night, that he made use of the following words: - 'he was glad that the slight thrown upon the honesty of the Commissioners had not in any way influenced the confidence reposed in them by the ratepayers.' It is a pity he did not talk in the same strain before the election, and then there might have been a re-enacting of the drama of 1868, when the junior member of the Municipality of that day was ignominiously kicked out. That's what we call a 'slight'.*

Daar was by Kellner geen twyfel dat die berig snedig na hom verwys het nie. Toe die koerant dit nie wou terugtrek of verskoning vra nie, het hy die eienaar vir wederregtelike laster gedagvaar. Die dokter het veral beswaard gevoel oor die gebruik van die woorde *stopgap* (wat hy as stoplap vertolk het), *ignominiously kicked out* (oneervol of letterlik vertaal – met skande uitgeskop) en *that's what we call a slight* (skandvlek).

Die bedrag vir skadevergoeding is op £1 000 gestel wat 'n enorme bedrag vir daardie jare was. Die saak het op 9 en 10 Oktober 1877 voor regter James Buchanan in die rondgaande hof in Bloemfontein gedien. Die pers het met afwagting "The Great Libel Case" oftewel "De Injurie-Zaak" dopgehou. Etlike kolomme met gedetailleerde beriggewing is daaraan afgestaan.

Raadslede wat deur die klaer geroep is om te getuig, was van mening dat, hoewel die berig geen naam noem nie, dit by implikasie beslis na Kellner verwys. Daar is ook genoem dat hy geensins oneervol uitgeskop is nie; inteendeel, hy het sy werksaamhede as raadslid nougeset en met integriteit nagekom.

In die getuiebank het Kellner getuig hoe seer die lasterwoorde hom gemaak het en dat daar nie eens in Duitsland so 'n platvloerse woord soos *stopgap* bestaan nie. Die beswadderde dokter het benadruk dat die hele saak nie om finansiële gewin gaan nie, want geen geld kan vir sy gekrenkte eer vergoed nie.

Om te bepaal of die uitdrukkings in *The Friend* laster is al dan nie, het beide partye in die saak verskeie woordeboeke, geskrifte en persberigte voorgelê om hulle saak te verstewig. Die verweerders het ook 'n taalkundige na die getuiebank geroep om die eienaardighede en betekenisse van sekere uitdrukkings en hul besondere idiomatiese uitlegging aan te toon wat as onoordeelkundige taal en nie soseer as beledigings beskou kon word nie.

Regter Buchanan het 'n lang uitspraak gelewer. Wat betref die woord *stopgap* was die regter van mening dat Kellner onnodig oorgevoelig was omdat hy miskien as Duitser nie so vertroud met Engelse uitdrukkings is nie en die woord waarskynlik as die Nederlandse *stop-gat* kon vertolk het wat beledigend kon wees. In 'n sekere sin, het Buchanan toegegee, verwys die woord na 'n tydelike redmiddel wat selfs as prysenswaardig gesien kon word. Hy

beskou die woord dus nie juis as honend of lasterlik nie en in lyn met 'n uitlating oor 'n openbare figuur.

Maar wanneer daar by die woorde *ignominiously kicked out*, gevolg deur *that's what we call a slight* gekom word, verander die prentjie drasties. Hierdie uitdrukkings, het die regter in sy uitspraak voortgegaan, is geheel en al oordrewe wat betref die werklike gebeure van die 1868-verkiesing – 'n verkiesing waarin nóg die inwoners nóg Kellner veel belangstelling getoon het. Kellner het immers met 'n skamele drie stemme verloor; dit is tog geen drama of smet soos die koerant daarna verwys het nie, al sou dit 'n omwenteling in die stad meegebring het. Dit grens eerder aan die komiese. Om dus te beweer dat die eiser uitgeskop is, of nog erger oneervol uitgeskop is, is 'n verkeerde voorstelling. Uitskop kan natuurlik by politieke gebeure gebruik word, maar in 'n sekere konteks soos hier waar dit nie met die waarheid tred hou nie, is dit onaanvaarbaar!



*Dokter B.O. Kellner*

Buchanan het begrip daarvoor gehad dat koerante soms berigte deeglik inkleur om dit vir hulle lesers interessant te maak, maar dit is te betreur wanneer hoë standaarde deur onbesuis-geskryfde paragrawe versteur word. In die betrokke paragraaf kon Buchanan so te sê niks anders lees as 'n venynige en onverantwoordelike aanval waar ou gebeure van agt jaar gelede opgerakel word sonder dat dit in belang van die gemeenskap is nie. Deur dit van toepassing te maak op 'n raadslid wat nie soseer gemoeid is met sanitasie en administratiewe sake nie, maar met gewigtige sake soos finansies en belastings, vererger die hele aangeleentheid.

Nadat die regter talle woordeboeke en geskrifte, ook in Duits, opgehaal het wat *ignominiously* as oneervol/skandelik/ smaad aandui, kon hy tot geen ander gevolgtrekking kom as dat die uitlating *ignominiously kicked out* onteenseglik op laster dui nie. 'n Mens sou dink dat stille minagting die gepaste optrede van Kellner teenoor die kwessie moes gewees het, maar hy het besluit om sy goeie en eerbare naam, waarvan die hof kon getuig, in die openbaar te verdedig wat sy volste reg was, het Buchanan ten slotte gesê.

Hierna het hy die verweerders met £25, wat gewoonlik in sodanige sake geld, beboet. Hulle is ook aangesê om die kostes van die saak te dra.

# ’n Goewernante soos Nakie

Vandag word al hoe meer navorsing oor gewone mense gedoen wat ’n sinvolle bydrae tot hul samelewing op een of ander wyse gelewer het. So ’n persoon was mejuffrou Marie Anne (Nakie) Smith. Sy is op 22 Februarie 1845 in Essex, Engeland, gebore. Weinig is bekend oor haar ouers of haar jong jare.

Marie Anne, ’n klein en rustig vroutjie, was een van daardie merkwaardige vroue wat, hoewel sy ’n goewernante was, deur haar vriendelikheid, standvastigheid en blindelingse trou aan haar werkgewer, ’n wonderlike positiewe invloed gehad het op die familie wat sy onbaatsugtig gedien het. Beter bekend as Nakie, was sy vir bykans 70 jaar deel van die bekende en baie ryk Fichardt-familie van Bloemfontein.

Sy is deur Gustav Adolph Fichardt in 1880 in Engeland as goewernante vir sy kinders gewerf. In 1864 het Gustav beheer oor die bekende Fichardt-besigheid geneem, ’n winkel wat vir meer as 100 jaar deel van Bloemfontein sou wees en sedertdien diep spore in die gemeenskap van Bloemfontein getrap het. In die republikeinse Vrystaat was hy onder andere voorsitter van die raad van munisipale kommissarisse (’n posisie gelykstaande aan burgemeester) van Bloemfontein, ook ’n geruime tyd voorsitter van die direksie van De Nationale Bank van den Oranje Vrijstaat en ’n nie-amptelike lid van die uitvoerende raad van die Vrystaat. Sy ruim skenkings sou ook bydra om ’n stadsbiblioteek, vernoem na hom, moontlik te maak. Gustav het vir hom ’n groot herehuis, bekend as Kaya Lami, langs sy winkel gebou met ’n groot tuin en tennisbaan agter, terwyl hy ook die bekende plaas Brandkop neffens die stad besit het.

Ondanks waarskuwings dat die lewe in die Vrystaat soms moeilik is, het mejuffrou Smith besluit om Engeland te verlaat. Nooit sou sy aandui wat haar eintlike motivering vir so ’n drastiese stap was nie. Dit blyk dat sy enige tyd bereid was om vloere te skrop om net uit haar geboorteland te kon padgee.

Gustav en sy vrou Caroline se kinders was Charles (Charlie) Gustav, gebore in 1870; Arthur Emmanuel, gebore in 1872; Hebert (Bertie), gebore in 1873; Everard (Timmie) Walter gebore in 1875; Maude Geraldine, gebore in 1877 en die laatlammetjie Ella Cecil, gebore in 1884.

Vanweë hulle afkoms was dit geensins vreemd dat die meeste kinders groot hoogtes in die openbare lewe sou bereik en huwelike met die vooraanstaande inwoners van die stad sou aangaan nie. Charlie Fichardt was ’n burgemeester van Bloemfontein, gerekende politikus in die Nasionale

Party (NP) nadat dit in 1914 tot stand gekom het en het met Katie Innes, dogter van die eerste amptelike burgemeester van die stad, Robert Innes, in die huwelik getree. Arthur het met Violet Borckenhagen, dogter van die bekende en invloedryke Bloemfonteinse redakteur van *De Express*, in die huwelik getree. Maude het later getrou met dokter Hugh Bidwell. Everard en Ella is in 'n dubbelseremonie in 1907 onderskeidelik met Hannah, dogter van president M.T. Steyn en Percy, seun van Abraham Fischer (premier van die Oranjerivierkolonie en na Uniewording, kabinetslid in die Botha-regering) getroud. Everard was ook 'n bekende NP-politikus en Ella het as gemeenskapsleier en skrywer uitgestyg. Haar eggenoot was later 'n regter-president van die Vrystaat. Hulle is ook die ouers van die eertydse vermaarde



*Gustav Fichardt*



*Die Fichardt-herehuis, Kaya Lami (isiZulu vir 'My Huis'), waar Nakie vir baie jare 'n geliefde goewernante was.*

struggle-aktivis en leier van die ondergrondse Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP), Bram Fischer (sien bladsy 110).

Aangesien Ella eers enkele jare na Nakie se aankoms in Bloemfontein gebore is, is dit nie vreemd dat daar 'n besondere hegte band tussen Ella en haar goewernante was, asook tussen haar kinders en Nakie nie. Nakie het dus ook deel van die bekende Fischer-familie van Bloemfontein geword. So was Bram baie lief vir Nakie en soos al die ander kinders sou hy al die jare in kontak met haar bly.

Nakie het deel van die Fichardts se deftige lewenswyse geword. As vooraanstaande inwoners is daar stylvolle onthale by Kaya Lami gehou waarheen die room van die stad genooi is. Tennis en kroukie is ook dikwels by die Fichardts gespeel. Soms het die oorvloedigheid wat dié familie verteenwoordig het sommige kuiergaste en besoekers oorweldig gelaat. Daar was diegene wat nie in die hoë kringe van die Fichardts beweeg het nie en uitgesluit was van al die gesellighede. Daar is geskinder dat Gustav, sy vrou en hul ses kinders, verskans agter die hoë ringmuur, snobisties en hooghartig was.

So tuis was Nakie Smith mettertyd in die Fichardt-huishouding dat sy met gemak beweeg het in die geselskap van hooggeplaastes, waaronder eerste ministers, ministers en generaals waarmee die Fichardts bevriend en bekend was. Hieronder was Bloemfonteinse families soos die Steyns, De Wets, Fischers en Hertzogs. Hulle het die grootste respek vir haar gehad.

Bowenal was sy in alle opsigte vir die Fichardt-kinders soos 'n tweede ma en hulle sou haar tot haar dood koester. Veral die gawe wat hierdie lewenslange vriendin van die famille gehad het om boeiend hardop uit 'n storieboek vir hulle voor te lees, het die Fichardt-kinders bygebly. In die winter het hulle vasgenael in die kinderkamer voor die kaggel gesit en luister en in die somer in die koeler skoolkamer van Kaya Lami.

Daarbenewens het sy die familie se lief en leed gedeel en hulle deeglik onderskraag in al die ellende wat hul deurgemaak het, soos tydens die Anglo-Boereoorlog. Dié oorlog het op 11 Oktober 1899 uitgebreek. Op 13 Maart 1900 het die Fichardts, en waarskynlik Nakie ook, die traumatiese ervaring beleef om in geskokte stilte vanuit Kaya Lami se toring te aanskou hoe die Britse troepe ongehinderd Bloemfontein beset. Die eiendom van republikeinsgesinde inwoners



*Nakie Smith*

is sonder veel ontsag deur die besettingsmag beset en op verskeie huise is beslag gelê. Die verhaal is vertel dat Kaya Lami slegs van kommandering gered is deurdat Nakie Smith glo vreesloos met 'n dubbelloophaelgeweer op die voorstoep stelling ingeneem het. Tydens die beset van die stad was Nakie deur haar rustigheid en positiewe lewensuitkyk ongetwyfeld 'n besondere steunpilaar vir die Fichardts.

Hoewel Engelssprekend was sy nes die Fichardts 'n groot voorstander van Afrikanerbelange en het sy langs die bekende Emily Hobhouse na die vroue en kinders in die konsentrasiekampe omgesien. Die pragtige goue borsspeld wat die filantroop aan Nakie gegee het toe hul paaie skei, het sy al die jare soos 'n kleinood bewaar as herinnering van hul tye saam.

Selfs toe sy afgetree en op haar eie gaan bly het, het die noue kontak tussen haar en die Fichardts en Fischers gebly, veral deur 'n stewige korrespondensie-vloei. In 1918 het Nakie haar eie woning in Zastronstraat 114, wat Charlie Fichardt gekoop en aan haar lewenslank beskikbaar gestel het, betrek. Uit die Fichardt-familietrust is reeds sedert 1907 'n pensioen aan haar voorsien. Daar is voorwaar deur die familie omgesien dat sy 'n sorgvrye oudag kon belewe.

Op haar 85ste verjaarsdag in 1930 het 'n korrespondent van *The Friend* haar besoek om oor dié merkwaardige vrou van Bloemfontein verslag te doen. Hy het die *very charming old lady* in 'n gemoedelike bui aangetref. Hy kon nie anders as om melding te maak van haar joviale geestestoestand, die opvallende goeie gesondheid waarmee sy geseënd is en die verstand wat steeds helder is nie.

Vyf-en-negentig het aangebreek. Dié dag het *Die Volksblad* se verslaggewer oor haar lewe berig en het dit ingelei deur te gesê: "So lewendig, belangstellend en fris van gemoed is die ou dame dat jy telkens vergeet dat sy byna 'n eeu oud is." Op dié gevorderde ouderdom kon Nakie steeds met gemak lees (haar belangstelling in land- en wêreldsake het nie getaan nie), asook gare in 'n naald steek sonder 'n bril. En sy was steeds gefassineer deur perdewedrenne.

Met haar naderende 100ste verjaarsdag het Bram Fischer grappenderwys aangebied om in Bloemfontein vir haar 'n *torchlight procession* te reël, want hy is immers gekonfyt daarmee met dié dat hy onlangs self aan een deelgeneem het om Suid-Afrikaanse en Russiese belange te bevorder.

In 1945 het die familie vanselfsprekend met dié verjaarsdag 'n groot ophef daarvan gemaak. Die feesvieringe het by Harmonie, Ella en Percy Fischer se woning in Bloemfontein, plaasgevind. Ruth Rice, Ella en Percy se kleinkind (dogter van Bram), onthou hoewel sy net vyf jaar oud was in daardie stadium, die opwinding wat geheers het toe Nakie die 100 kersies op die verjaarsdagkoek doodblaas. Selfs 'n telegram van die eerste minister, generaal Jan Smuts, en sy vrou het gearriveer waarin hulle haar met die mylpaal gelukwens. Ofskoon almal in 'n gemoedelike stemming was omdat hul geliefde Nakie dié hoë ouderdom kon bereik, was dit vir hulle duidelik dat haar kragte begin afneem.

Nakie Smith is op 30 April 1947 as vermoedelik Bloemfontein se oudste inwoner op die rype ouderdom van 102 aan 'n beroerte in haar huis oorlede. Kort voor haar dood, toe sy geweet het die einde is naby, was sy nie oor haarself begaan nie, maar wel oor die familie se welstand.

Sy is die eer aangedoen om op die Fichardt-familieplaas Brandkop te ruste gelê te word. Percy Fischer het na haar dood menigeen se siening van Nakie só saamgevat: "Iemand wie se getroue gehegtheid aan die familie Fichardt, wie se liefde vir die kinders en wie se onbaatsugtige diens aan die familie, oor 'n tydperk van vyftig jaar of meer soos 'n goue draad deur die skering en inslag van die familie-weefsel loop."



*Nakie aan die einde van haar lewe.*

# Volksraadsekretaris Van Hoytema steek geld in eie sak

Vandag word die samelewing gereeld oorval met nuus van korrupsie-skandale en finansiële wanpraktyke waarby selfs minsame mense in die openbare oog betrokke is. Soms het die oortreders vriende in hoë kringe wat alles meer kompleks maak.

Meer as 100 jaar gelede het Bloemfontein as die vredige, vriendelike, klein hoofstad van die modelrepubliek Oranje-Vrystaat hom in 'n soortgelyke posisie bevind. In 1894 is die Vrystaatse regering deur een van die onaangenaamste gebeure in die geskiedenis van sy administrasie geruk.

In die spervuur was Dominicus N. Renaud van Hoytema. Hy was sedert 1879 die getroue en bekwame sekretaris van die Volksraad en 'n gerespekteerde en gewilde inwoner van Bloemfontein. Só was sy aansien in die gemeenskap dat hy ook as waarnemende posmeester-generaal en ouditeur-generaal, sekretaris en later voorsitter van die bekende Bloemfontein-klub en komiteelid van die Nasionale Museum gedien het.

Maar dit was juis as sekretaris en penningmeester van die algemene kommissie van publieke eksaminatore in lettere en wetenskap wat hy die misstap begaan het. Dié kommissie het onder andere in beheer van die eksamens op onderwys- en regsgebied gestaan.

In 1894 het hy as penningmeester £450 van 'n beursfonds in sy sak gesit sonder om die kommissie daarvan te sê. Die ouditeure het dit opgetel.

Van Hoytema het groot geskrik toe hy daarmee gekonfronteer word en onmiddellik die geld met rente terugbetaal.

Die kommissie van eksaminatore, waarin drie regters gedien het, het Van Hoytema se oortreding as 'n siviele saak gesien, hom afgedank en in die saak berus. Maar nie die staatsprokureur Reinhold Gregorowski nie. Hy het ook op genoemde kommissie gedien en die penningmeester se wangedrag as 'n kriminele saak beskou. Niks minder as geldverduistering nie, het Gregorowski die Volksraad oor sy sekretaris se gedrag ingelig.

Vir die eerste keer in 'n lang tyd het die raad agter geslote deure vergader om die hoogs sensitiewe aangeleentheid te bespreek. Van Hoytema, wat deur die Volksraad as sekretaris geskors is totdat hy hom van die aantygings kon suiwer, het weldra 'n verweerskrif inhandig. Hierin het hy te kenne gegee dat hy die geld te goeder trou – met geen misdadige oogmerk nie – as 'n lening teen 'n vasgestelde rentekoers geneem het. Soos benodig, sou hy dit onmiddellik terugbetaal, wat hy toe ook gedoen het. Van Hoytema het 'n ernstige pleidooi gerig om weer aangestel te word.

Die pers het vanselfsprekend ook 'n eiertjie oor die opskudding gelê en gevra hoe 'n kundige op regsgebied na die Volksraad om leiding kon kyk.


Die raad het einde ten laaste besluit om Van Hoytema af te dank oor sy onetiese optrede wat hy nie genoegsaam kon regverdig nie. Daarbenewens is die staatsprokureur geroskam oor sy halfhartige optrede oor 'n kwessie wat duidelik onder sy jurisdiksie val.

Die saak is aan die uitvoerende raad oorgegee. Aangesien die kommissie van eksaminatore, waar die wandaad plaasgevind het, nie 'n klag gelê het nie en dit as 'n siviele saak beredder het, het dít waarskynlik die deurslag gegee waarom Van Hoytema nie vervolg is nie.

Die rimpelings wat die Van Hoytema-skandaal in Bloemfontein gemaak het, het mettertyd doodgeloop. Dit blyk dat hy na Transvaal uitgewyk het ...



*Reinhold Gregorowski*



*Dominicus van Hoytema*

# Louter van Bloemfontein: Die Boere se Julius?

Julius Malema, voormalige leier van die ANC-jeugliga en tans leier van die Ekonomiese Vryheidsvegters (EVV), het die volgende kritiek van sommige eertydse volgelinge ontlok: "Malema tree soos 'n keiser op. Dit lei tot groot tweespalt in die organisasie."

Voeg hierby Julius Malema se voortvarende karaktereienskappe en daar kan in 'n sekere sin meer as 'n eeu teruggespring word na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en die genoemde uitlating op die heer Louter Wessels laat neerdaal.

Die Boere se ongelyke worstelstryd teen die magtige Britse Ryk tydens die oorlog het simpatieke belangstelling van heelwat nie-Britse volke uitgelok. Dit het meegebring dat die meerderheid inwoners van lande soos die VSA, Nederland, Duitsland en Frankryk se harte warm vir die Boere geklop het. Derhalwe was daar in Amerika en Europa heelwat pleitbesorgers, sommige afkomstig uit Suid-Afrika, wat deur veral filantropiese organisasies, maar ook deur eie inisiatief, hulle vir die Boeresaak beywer het.

Pro-Boerepropaganda is gemaak en fondse is vir noodlenigingswerk in Suid-Afrika ingesamel. Bygesê en dít het hierdie verdienstelike prentjie besoedel, sommige van dié entoesiaste was onbekwaam en het slegs om selfsugtige en egoïstiese redes hulle met die Boeresaak bemoei.

Nêrens het hierdie tweespalt meer voorgekom as in die VSA nie. Een van die mees omstrede Boerepleitbesorgers in dié land en 'n voorbok in die onenigheid tussen die beyweraars was Philippus Wessel Barend Wessels, beter bekend as Louter Wessels.

Louter is in 1860 gebore. Hy was deel van die invloedryke Wessels-familie in die Oranje-Vrystaat. So was sy pa die bekende welgestelde Boshofse boer Johannes Jacobus Wessels wie se twee diamantdraende plase teenaan die Kimberleyse diamantvelde vir 'n reuse bedrag aan De Beers verkoop is. Louter se halfbroer, Cornelis Hermanus Wessels (later sir Cornelis), was onder andere voorsitter van die Vrystaatse Volksraad tydens die republikeinse tydperk en na Uniewording die tweede administrateur van die Vrystaat (sien bladsye 40, 64 en 117). P.J.D. Wessels, Louter se broer, was in 1885 'n grondlegger van die Sabbatariese geloof in die land.

Volgens Louter is hy voor die uitbreek van die oorlog deur die Vrystaatse staatspresident, M.T. Steyn (die Wesselse en die Steyns was familie van mekaar), versoek om na die Kaapkolonie te gaan om die Kolonialers tot gesamentlike aksie teen Brittanje op te werk. Na die uitbreek van die oorlog het skynbaar 'n sterk gevoel van vaderlandsliefde en 'n brandende begeerte om die

Boeresaak in die buiteland te bevorder Louter gedryf om na die VSA uit te wyk om daar sy sogenaamde begaafdhede in Boerebelange aan te wend. Sy vertrek na die VSA het weliswaar geen amptelike status geniet nie, maar dit blyk tog dat die president in sy privaat hoedanigheid goedkeuring daaraan verleen het.

Het hierdie 'presidensiële seëning' kop toe gegaan? Waarskynlik.

Louter Wessels het hom teen Februarie 1900 in die VSA bevind waar hy in New York by die *National Boer Fund Association* aangesluit het. Hierdie noodfonds is grootliks deur die voortvarende Hollandse Amerikaner advokaat George van Siclen beheer. Van Siclen se taktlose optrede het orals aanstoot gegee en sy hantering van fondse was allermins bo verdenking. Louter se dik vriendskapsbande met die advokaat het weldra die wenkbroue laat lig.

Alles dui daarop dat Louter Wessels homself as 'n 'spesiale kommissaris' van die Vrystaat, meer nog as soort 'godgegewe profeet' (lees keiser) beskou het, wat die filantropiese beweging in die land ten gunste van die Boere moes lei.

Sy talente as 'diplomaat' het hom jammerlik gefaal. Die goed wat hy wel gedoen het deur sy oratoriese voordragte om die Boeresaak voor groot en simpatiekgesinde Amerikaanse gehore te bepleit en die meegaande fondsinsameling vir die noodlydendes, is geheel en al oorskadu deur sy slordige fondsadministrasie en gebrek aan gesonde oordeel en menseverhoudinge.

Skinderstories in Amerikaanse koerante dat hy as getroude man in 'n liefdesverhouding met sy sekretaresse, 'n getroude vrou, gewikkel was, het nie tot sy eer gestrek nie.

As halfbroer van C.H. Wessels, lid van die amptelike Boeredeputasie na Europa, Rusland en die VSA gedurende die oorlog wat vergeefs probeer het om die buiteland tot intervensie te oorreed, het hy teen die sin van die ander twee deputasielede (A. Fischer van die Vrystaat en A.D.W. Wolmarans van Transvaal) ten nouste met hulle tydens hul verblyf in die VSA geskakel. Louter het gruwelik van sy posisie in die binnekringe van die deputasie misbruik gemaak. Gesoute Boerepleitbesorgers van aansien én met integriteit wat hom om verstaanbare redes nie goedgesind was nie, het hy moedswillig by die deputasielede beswadder.

Genoemde deputasielede en etlike ander geloofwaardige Boerepleitbesorgers in die buiteland soos W.J. Leyds (amptelike gesant van Transvaal in Europa) en Montagu White (persoonlike gesant van Leyds in die VSA) het 'n probleem met Louter gehad. Hulle het deurgaans met minagting van Louter Wessels se handelswyse in die VSA gepraat en hom as uiters verwaand afgemaak. Hy is andersins uit dié geledere as dom, nydig, selfsugtig en as 'n geslepe huigelaar afgeskiet. Hierdie selfaangestelde Boerepleitbesorgers in die VSA is afgemaak as "lijdt aan 'dikkopziekte' of zooals de Amerikanen dit noemen 'swelled head,'" deur White en ander.

Voor hulle vertrek uit die VSA het die deputasie besluit om 'n hoofkomitee aan te stel wat advies aan ander noodlenigingskomitees kon gee en fondse kon administreer. Die flater is begaan om Louter (Wolmarans was heftig gekant teen sy insluiting), White en Charles Pierce (Vrystaatse konsul in die VSA) vir die taak in te span. Die ander twee deputasielede het waarskynlik gedink dat hierdie drie die

geskikste persone was om te dien en gehoop dat 'n gemeenskaplike doel die opvallende onderlinge twiste en wantroue tussen hulle sou laat verdwyn.

Dit het nie gebeur nie. Daar is trouens van wolf skaapwagter gemaak. Agterdog jeens Louter en veral Pierce as tesourier oor die hantering van fondse het ontstaan sodat die betroubare White spoedig van sy komiteegenote onttrek het. Pierce is later voor stok gekry vir sy slordige fondshantering en van sy pos onthef weens wanpraktyke, terwyl dié hoofkomitee ontbind is. Die hele onaangename gebeurtenis is so stil as moontlik gehou om nie die Boeresaak te benadeel nie.

En Louter? Hy is nie oor sy gedrag waaroor daar so baie gekla is, aangespreek nie, kennelik uit vrees dat dit verdere negatiewe publisiteit sou verleen. Die gevoel onder heelwat pro-Boere-organisasies in die buiteland dat hy gedeporteer moes word, is as onmoontlik beskou as gevolg van sy bloedverwantskap met C.H. Wessels. Vermoedelik het Louter ook vriende in hoë politieke kringe gehad wat alles meer kompleks gemaak het.

Mettertyd het dit uiteindelik tot C.H. Wessels deurgedring dat sy halfbroer se gedrag nie na wense was nie. Daar het tussen die twee voortaan 'n koel afsydigheid geheers. Hy was toe grootmoedig genoeg om toe te gee dat sy aanvanklike noue verhouding met Louter 'n verstaanbare oordeelsfout was.

Na die oorlog het Louter na Suid-Afrika teruggekeer en sy boerderybelange in die Koppies-omgewing hervat en was as gemeenskapsleier blykbaar ook deel van die ontwikkeling van die dorp.



*Louter Wessels*



*Cornelis Hermanus Wessels*

# Arthur Conan Doyle, skrywer van Sherlock Holmes, se voetspore in Bloemfontein

Die lewensbelangrike rol wat sir Arthur Conan Doyle, skrywer van onder meer die beroemde Sherlock Holmes-stories, as geneesheer in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in Bloemfontein gespeel het, sowel as 'n boek wat hy oor dié oorlog geskryf het, het daartoe bygedra dat hy tot ridder geslaan is.

Doyle is op 22 Mei 1859 in Edinburgh, Skotland, gebore as die oudste seun van die kunstenaar Charles Altimont Doyle. Aanvanklik het die jong Doyle in die geneeskunde belanggestel. Reeds op 22-jarige ouderdom gradueer hy aan die Universiteit van Edinburgh as mediese praktisyn.

Ofskoon die jong Doyle hom ook in 1885 as oogspesialis bekwaam het, het hy geen noemenswaardige hoogtepunte in sy mediese loopbaan in Brittanje bereik nie. Weldra sou die belangstelling in die mediese beroep uit sy lewe wegsyfer om eers weer in die Anglo-Boereoorlog na vore te tree.

Die skryflus het hom eerder beetgepak.

Reeds in 1887, drie jaar voordat hy die geneeskunde die rug toegekeer het, het die speurkarakter Sherlock Holmes uit sy pen gevloei toe *A study in scarlet* verskyn het. Die besondere speurtegnieke en avonture van Sherlock Holmes en sy vriend, dokter Watson, het oor die ganse wêreld bekendheid verwerf, ook in Suid-Afrika.

In Holmes het Doyle daarin geslaag om 'n mitiese karakter te skep, die held wie se wedervaringe op intelligensie in plaas van aksie berus, 'n bekende dog moeilik peilbare figuur wat magiese kenmerke omvat, maar ook as jou gunsteling oom kon deurgaan.

Die skeppende gees van Doyle het daarop uitgeloop dat nog heelwat boeke oor die briljante misdaad-oplosser die lig gesien het. Van die bekendstes is *The memoirs of Sherlock Holmes* (1893), *The hound of the Baskervilles* (1902); *The return of Sherlock Holmes* (1905) en *The case of Sherlock Holmes* (1927). Hierdie speurverhale is vandag steeds baie gewild, maar so ook van sy ander dramas en romans. Hier dink ons aan *Micah Clark* (1888), *The white company* (1890), *The story of Waterloo* (1894), *Sir Nigel* (1906) en *The fires of fate* (1909).


Sy belangstelling in die wetenskap het sterk na vore gekom in die *Professor Challenger*-reeks, waarvan *The lost world* (1912) seker die bekendste is. Sommige lesers het die reeks selfs bo die Sherlock Holmes-verhale verkies.

As robuuste avonturier en ingestel op medemenslikheid, het Doyle, wat simpatiek teenoor die lydendes in die Anglo-Boereoorlog gestaan het, hom na Suid-Afrika gewend. In die Vrystaat sou hy weer kans kry om sy ou beroep as medikus te beoefen.

Doyle, vergesel van sy lyfkneg, het na die besetting van Bloemfontein in Maart 1900 deur die Britse magte in die stad aangekom as 'n vrywillige burgerlike geneesheer sonder besoldiging. Hier, in Bloemfontein, het hy inderdaad sy vuurdoop as dokter deurgemaak toe hy tydens die kritieke ingewandskoors-epidemie onder die soldate in bevel van die Langman-veldhospitaal op die Ramblers-terrein geplaas is.

In hulle opmars na en tydens hul verblyf in Bloemfontein het die Britse troepe besmette water gedrink. In die stad moes ou putte oopgemaak word om die skaarste aan water te verlig. Die inhoud: stinkende water waarop die vrotheid dryf. Dit het weldra daartoe gelei dat een na die ander soldaat siek geword het. Maagkoors! Die epidemie het vinnig in disenterie oorgeslaan en in die stad het haglike toestande geheers. Die Britse owerheid was nie daarop voorbereid om so 'n grootskaalse siekte te hanteer nie. Gevolglik het 'n problematiese toestand ontstaan weens die gebrek aan genoegsame mediese voorrade en huisvesting vir die siekes.


In hierdie uiters treurige en onverkwiklike omstandighede en te midde van aaklige gesigte, geluide en reuke het Doyle onverpoos gewerk om die lyding van die Britse soldate te verlig. Hy sou vertel van die horde vlieë wat op alles en almal toegesak het en selfs probeer het om jou mond binne te dring.



*Sir Arthur Conan Doyle*

Met verloop van tyd het die epidemie uitgewoed, dooies is begrawe en die herstelde siekes het hul militêre pligte hervat. Terwyl sommige dokters die onuithoubare toestande kwalik kon baasraak – een het hom aan drank oorgegee en 'n ander het na Engeland teruggevlug – het hy as't ware as 'n Florence Nightingale uit die stryd getree. Doyle het die een krisis na die ander met sorgsame optrede en geduld hanteer. Die lewe van sy medemens was immers op die spel.

Dat Doyle geen onbeduidende rol in dié opsig in die oorlog gespeel het nie, blyk duidelik uit die ridderskap wat hy ontvang het. Sy opofferings in Bloemfontein tydens die oorlog en sy boek




*Britse troepe, besig om oor Markplein (later Hoffmanplein) en af in Maitlandstraat te beweeg, beset Bloemfontein in Maart 1900.*

*The war in South Africa* het daartoe bygedra dat hy in 1902 tot ridder geslaan is. Hy is voorwaar beloon vir sy humanitêre en ootmoedige optrede in Bloemfontein gedurende die oorlog.

Lank nog sou hy 'n toonaangewende figuur in staatsake wees en verskeie hoogaangeskrewe werke het uit sy pen gevloei, onder meer *The crime of the Congo* (1910) en *A history of the British campaign in France and Flanders* (6 dele, 1916-1920). As vurige ondersteuner van die spiritisme het *History of spiritualism* (2 dele, 1926) en *Our African winter* (1929) verskyn.



*Dokter Arthur Conan Doyle sit hier regs op die bed tydens sy besoek aan beseerde Kanadese soldate in die Bloemfonteinse klubgebou.*

# Bloemfontein-vloed van 1904

Die Vrystaat, soos elders, steier soms in die somermaande onder ontsaglike hitte wat daagliks mens, dier en natuur uitmergelend teister. 'n Lafenissie word waarskynlik deur menigeen afgebid, maar stellig nie met 'n vloed in gedagte nie.

Laingsburg in die Wes-Kaap het onder andere in 2014 juis genadeloos deurgeloop onder oorstromings wat dood en verwoesting gesaai het. Dít, terwyl die allemintige katastrofiese watervloed wat dié dorp ook in die 1980's getref het, weer terugspring in 'n mens se geheue.

Maar in 1904 het Bloemfontein ook sy Laingsburg-oomblik belewe. Dit was die ergste waterramp wat die stad tot in daardie stadium getref het en waarskynlik daarna ook. Bygesê, die verbetering en modernisering van waterafvoer in die stad deur die dekades het sodanige rampe voorkom.

Op Sondagoggend, 17 Januarie 1904, het Bloemfontein doodluiters sy gewone gang gegaan. In kerkdienste is dankgebede opgestuur oor die swaar reën wat die naweek begin uitsak het; welkom na die droogte van die vorige jaar. Na die dienste merk die gelowiges met 'n glimlag dat swaar wolke skielik in die weste begin opsteek. Bloemspruit wat nog altyd as afvoerkanaal vir die stad gebruik is, het in dié stadium sterk afgekom na die swaar reën, maar dit was nog nie gelyk aan sy walle nie. Daar was geen rede tot kommer nie, want geen verdere reën het toe uitgesak wat gevaarligte kon laat flikker nie.

Na die middaguur is die spruit so sterk gevoed deur aanhoudende vloedwater dat sy walle oorstroom het. Dit is weldra aangevuur deur stormwinde en stortreën, beskryf as aanhoudende wolkbreuke, wat teen drie-uur oor die stad neergebars en die watervlak dramaties laat styg het. Die meeste Bloemfonteiners het al hul middagslapie geniet en is wreed wakker geruk deur die gedruis van vloedwater en vallende mure.

Soos 'n mini-tsoenami het 'n wal van water in die spruit afgekom – en alles meegesleur. Chaos het in die stad geheers. Brûe oor die spruit is binne 'n oogwink weggespoel. Ontstellende tonele van bome, huise en ander geboue, perde, muile, meubels, hout, sinkplate, doodskiste, drankkratte en negosieware wat meegesleur word, het die inwoners begroet. Hulle het verskrik op dakke en in bome probeer skuiling soek. Helaas het van hulle omgekom met dié dat hul skuiling in die slag gebly het. Lyke is later vêr buite die stad gevind. Diegene wat op Naval Hill kon skuiling soek, was ten minste verseker om van die watergevaar te ontkom.

Vanselfsprekend was daar hartseer verhale wat hom in die omstandighede afgespeel het. So het die De Bok-egpaar hul drie seuns van 18, 21 en 24 verloor. In Kerkstraat het die hele Houten-

gesin verdrink. Ene mevrou Hamilton het aanskou hoe haar dogtertjie in die bruin stroom modderwater verdwyn. Twee swart inwoners het tot op die dak van die Carlton-restaurant gevlug. Na hulle 'n sug van verligting gegee het omdat hulle veilig is, het die gebou ingestort. Hulle is nooit weer gesien nie.

In die afwesigheid van die polisie waaroor heelwat kritiek later uitgespreek is, kon ook die brandweer nie veel verrig in die absolute chaos nie en het reddingswerk hoofsaaklik op individuele inwoners se behulpsaamheid neergekom.

By die Royal Hotel het blykbaar die grootste treurspel afgespeel. Op die veranda van die hotel het nuuskierige toeskouers sowaar saamgedrom om die skouspel in ongeloof gade te slaan. Net soos by die *Titanic*-ramp het 'n aanvanklike gevoel van ontkenning oor die lewensgevaarlike toestande eers geheers, maar toe geboue oorkant die straat begin wegspoel, het hulle tot besinning gekom oor die gevaar waarin hulle self verkeer. Met 'n tou is gepoog om hulle oor die malende vloedwater in Fonteinstraat na veiligheid te bring, maar voordat almal gered kon word, het die veranda meegegee met tragiese gevolge. Vermoedelik het 'n ossewa teen die gebou vasgespoel.

Die opportunistiese plunderaars, swart en wit, was ook daar. Bruikbare wrakgoed is met pale en planke opgediep. Bykans 50 moes later op aanklagte van plundering in die hof verskyn.

Later die middag het die reën begin bedaar. Die water het gedaal en Bloemfontein kon 'n




*Bloemspruit in vloed tydens die 1904-ramp. Links agter is Jenkins & Co. en regs daarvan die ineengestorte Royal-hotel.*

sug van verligting gee dat die ergste gevaar verby was. 'n Afdeling van die Gloster-regiment en die polisie het hul verskyning gemaak om met die reddingspoging en die handhaaf van orde te help. Tussen die modderpuin het verslae en nuuskierige inwoners saamgedrom. Soos iemand opgemerk het, dit lyk of Bloemfontein met dinamiet en grofgeskut uitmekaargeskiet is. Dakloses is in die stadsaal en die Normaalkollege gehuisves, ander by vriende en besorgdes.

Die omvang van die skade was aansienlik: Bykans 60 mense is dood, talle is dakloos of beseer gelaat, 175 geboue is verwoes en skade van £250 000 is aangerig.

Sommige in die eenvoudige en diep godsdienstige Boeregemeenskap het glo die ramp toegeskryf as 'die wraak van God' omdat die Britte die vorige jaar met langafstandkanonne na belowende wolke geskiet het om 'reën te maak' sonder enige sukses. 'n Onjuiste stertjie is later bygevoeg dat daar die betrokke naweek van die vloed ook met kanonne op wolke losgebrand is en dat dít die ramp veroorsaak het.



*Na die vloed staan inwoners op 'n brug oor Bloemspruit wat nie weggespoel het nie.*

# Die Empire-teater 1905: Bloemfontein se eerste ware teater bestaan net ’n maand

Die Empire-teater was in 1905 vir ’n kort tydjie deel van Bloemfontein se vermaaklikheidslewe. Dit was nie net die eerste ware teater in Bloemfontein nie, maar ook die enigste variété-teater van sodanige omvang.

Bloemfontein het voor 1905 geen teater in die ware sin van die woord gehad nie. Aanvanklik is opvoerings in die republikeinse tyd (1854-1902) in plekke soos skoolsale, leë winkels, die raadsaal van die goewermentsgebou en selfs in ’n wolpakkamer gehou.

Die stadsaal wat in 1883 geopen is, het heelwat verligting op hierdie terrein gebring, asook hotels, ’n saal van die Ramblersklub en die spoorweginstituut.

In 1905 onder die Britse kroonkolonie het Bloemfontein sy eerste volwaardige en veronderstelde permanente teater gekry, toepaslik gedoop die Empire-teater. In die teater sou daar hoofsaaklik op variété-voorstellings in lyn met variété-produksies gekonsentreer word.

Dié soort teaters het hul oorsprong in veral die herberge en kantiene van Engeland gehad. Teen die middel van die negentiende eeu het dit na Suid-Afrika oorgespoel.

Die ontdekking van diamante in die 1870’s by Kimberley en omgewing, asook bietjie later van goud aan die Witwatersrand, wat ’n groot toeloop van fortuinsoekers en avonturiers tot gevolg gehad het, het gewoonlik dié teaters laat gedy.

Teen die tyd dat die Empire-teater in Bloemfontein sou open, was die stad se musiek en sosiale lewe na die Anglo-Boereoorlog weer goed op dreef. Jack G. Myers het geoordeel die tyd is ryp vir die opening van Bloemfontein se eerste werklike teater. Oor hom is min bekend. Hy was blykbaar ’n sakeman, eienaar van Myers Private Hotel, lid van die perdewedrenklub en beroepswedder. Laasgenoemde verklaar waarskynlik hoekom hy bereid was om die waagstuk aan te gaan om die eerste teater in die stad te open sonder dat hy kon oordeel of soortgelyke projekte suksesvol was.

Myers se teater het in April 1905 begin vorm aanneem op die hoek van Fontein- en Aliwalstraat, direk agter die hooggeregshof wat in 1906 op die hoek van Pres. Brand- en Fonteinstraat sou verrys. Hy het die gebou eers suksesvol as rolskaatsbaan ingerig, blykbaar om fondse te in vir die beplande teater.

Die teater met sy onderverdieping en galery het gespog met ’n verhoog wat 60 cm langer as dié van die stadsaal s’n was, brandvaste verhooggordyne, asook ander brandvaste toerusting, oordadige versierings en opgestopte, gedrapeerde sitplekke vir teatergangers.

Die ingevoerde kunstenaars vir die openingsaand op 15 Mei 1905 was hoofsaaklik van Britse afkoms. Daar was J. Wellesley Lynn (vermaaklikheidskunstenaar), die Cambry-susters (sangeresse en dansers), Rose Long (balladesangeres), George Burt (mimiek-kunstenaar), Gilbert Aslett (komiese goëlaar) en Ivy Cambry (komediant). 'n Week na die opening van die Empire Theatre and Palace of Varieties is nog nuwe talent by die geselskap gevoeg. Myers het daarin geslaag om so te sê aand na aand vaudeville by uitnemendheid vir waarderende Bloemfontein-gehore aan te bied.

Dit is ironies dat terwyl die pers en die gemeenskap in die loop van die eerste helfte van Junie 1905 net die hoogste lof vir die Empire as variété-teater gehad het en groot verwagtinge daarvoor vir die toekoms gekoester is, die teater vinnig op sy einde afgestuur het. Teen die naweek van 16 Junie 1905 het die Empire-geselskap almal nog opgetree. 'n Nuwe program is selfs vir die Saterdagaand aangekondig. Die Maandag was mense geskok toe hulle hoor die gewilde Sondagaand-musiekkonserte word gestaak omdat die teater glo nie geskik daarvoor is nie.

Geen verdere aankondigings oor aanbiedings in die Empire-teater het gevolg nie. 'n Sluier is oor alles getrek asof dié teater nooit bestaan het nie. Waarskynlik het Bloemfontein nie genoeg inwoners en derhalwe ondersteuners gehad om elke aand lonend te maak nie. Die



*Ramblersklub voor dit in 1903 afgebrand en herbou is.*

wisseling in die teater-bestuur het ook 'n negatiewe uitwerking gehad.

Die swierige Grand-teater wat in 1906 in Bloemfontein geopen is, waar veral opera-geselskappe tuis was, is juis skaars 16 maande later saam met die aangrensende Grand-hotel gelikwideer. Dié grandiose teater kan egter nie, soos deur sommige voorgestaan word, as Bloemfontein se eerste ware teater beskou word nie – daarin het die Empire hom voorgespring.

Die gebou van die Empire-teater is die daaropvolgende jare deur verskeie instansies en ondernemings gebruik – die Empire-vrugte-depot, die Heilsleër, die CJMV-atletiekklub, die Rendezvous-teatergeselskap, Bloemfontein-motorhawe, Beamish-boukontrakteurs, Universal-motorhawe en die motorhawe van Brink en Holmes, wat ook die agentskap vir Ford-motors was. Die saal is kort na die sluiting van die teater ook vir politieke byeenkomste gebruik.




*Die Grand-teater op die voorgrond met die Grand-hotel langsaan.*

# Sir Cornelis en die *immorele vrouwen*

Destyds in die ou republikeinse Vrystaat (1854-1902) het die mooi woord 'landsvaders' bestaan. Dit is gewoonlik toegeken aan die staatspresident en die Volksraadslede wat die belange van die inwoners van die land in die parlement op waardige en stigtelike wyse op die hart gedra het, net soos 'n vader en patriarg met sy gesin (dikwels geseënd met tot 16 kinders) sou doen.

Met hul vol lang baarde en welige snorre het dié landsvaders nougeset oor die heil van volk en vaderland gewaak.

Wanneer hulle waardigheid aangetas is, het dit vanselfsprekend groot verontwaardigheid veroorsaak, kennelik as daar 'n seksuele konnotasie aan verbonde was. Dit was 'n tyd van erkende lewenswaardes en preutsheid.

As Vrystaatse landsvader het Cornelis Hermanus Wessels (1851-1924) hom opgeruk toe hy voel sy naam word deur die modder gesleep.

Wessels was 'n besonder welgestelde boer, bekende politikus en ook die vader van die internasionaal bekende en vermaarde dramatiese sopraan Cecilia Wessels wat 'n legende in Suid-Afrika se musiekwêreld geword het (sien bladsy 117). Hy het op die bekende plaas Kwaggafontein neffens Bloemfontein gewoon. In die republiek Oranje-Vrystaat was Wessels 'n Volksraadslid en ook in 'n stadium voorsitter daarvan. Na die Anglo-Boereoorlog het hy in die Fischer-kabinet gedien gedurende die Oranjerivierkolonie-tydperk (1902-1910) en na Uniewording in 1910 was hy die tweede administrateur van die provinsie vanaf 1915 tot en met sy dood in 1924.

As leier en politikus was Wessels gerespekteer, vertrou en hoog geag, maar nie besonder geliefd of bewonder nie. Hy was 'n ietwat eksentrieke figuur. Hy was ingetoë van aard, nogal stuurs en dikwels swygsaam in geselskap, maar in die openbaar was hy altyd hoflik en genaakbaar met 'n outydse boeresjarme wat waardigheid verleen het aan die openbare betrekkinge wat hy beklee het.

Na die oorlog het die Orangia-Unie as volks- en politieke organisasie in die Oranjerivierkolonie tot stand gekom, 'n beweging uit die Afrikanervolk gerugsteun deur heelwat gematigde Engelssprekendes met as doel selfregering wat in 1907 gerealiseer het. Wessels was 'n gesiene lid van die sentrale bestuurskomitee van die unie.

As teenvoeter vir die Orangia-Unie het veral die Engelssprekendes, wat Afrikaneroorheersing gevrees het, die Konstitusionele Party in die lewe geroep in 'n poging om die Vrystaat onder streng Britse bewind te hou. *The Bloemfontein Post* as mondstuk van dié party het alles in sy vermoë gedoen om die volksparty en sy leiers in 'n swak lig te stel om politieke punte aan te teken.

Wessels het ook genadeloos onder die venynige tong van *The Bloemfontein Post* deurgeloop. As Vrystaatse landsvader bekend vir sy hoë Christelike waardes en sy onbaatsugtige diens aan land en volk, het hy onware aantygings nog verduur dat hy as kapitalis en grondbaron ongevoelig teenoor armblankes staan.

Weldra het die koerant te vêr gegaan in sy hekelsug met die Afrikanerleiers. *The Bloemfontein Post* sou sy rieme deeglik styfloop met hierdie stoere konserwatiewe en stroewe boer.


H.J. Poutsma, die Hollandse redakteur van die *Post*, het in 1906 in 'n berig verontwaardig te kenne gegee dat die heer Wessels dit durf waag om in die openbaar oor volksopleiding en Christelike skole te praat, dít terwyl hy sy eiendom in St. Johnstraat (later Voortrekkerstraat en vandag Nelson Mandelarylaan) deur 'n agent aan *immorele vrouwen* (lees prostitute) tot ergernis van die buurt verhuur. Solank as wat hy hierdie *geld der schande* in sy sak laat gly, solank sal die samelewing die volksparty se sentrale komitee minag, het Poutsma listig gelaster.

Na dese was die gort gaar. Hierdie aantygings was die laaste strooi. Waar die koerant aan hierdie storie gekom het en waarop dit gebaseer is, is nie duidelik nie.

Wessels het geprosedeer. Die saak is buite die hof geskik. Die Argus P. & P. Company aan wie *The Bloemfontein Post* behoort het, het hom van Poutsma se ongeoorloofde uitlatings gedistansieer. Verskoning is teenoor Wessels in 'n groot advertensie in *The Bloemfontein Post* en *The Friend* aangeteken vir die onreg wat hom aangedoen is. Al sy onkoste in die saak is ook betaal.

Aangesien die koerant voor Wessels se aanslag gekapituleer het, dui dit op die onjuistheid van die berig en die kwaadwilligheid waarmee dit opgetower is om 'n politieke opponent neer te slaan.

Aan die een kant het die gemeenskap waarskynlik die nydige vlak betreur waartoe die koerant in sy beriggewing van hierdie insident gedaal het. Aan die ander kant het sommige dit sekerlik amusant gevind. Selfs met die grootste verbeeldingskrag kon 'n landsvader soos sir Cornelis moeilik met *immorele vrouwen* vereenselwig word!



*Cornelis Wessels*

# Die Stadsraad-debakel van 1907

Die ou gesegde lui dat daar niks nuuts onder die son is nie – die geskiedenis herhaal homself. Hedendaagse herhaalde opstande en betogings deur die inwoners van stede en dorpe oor swak dienslewering en dies meer roep in herinnering die Bloemfonteinse stadsraad-debakel van meer as 100 jaar gelede.

Matelose eksterne en interne probleme en woelinge op verskeie terreine het uiteindelik daartoe gelei dat die hele stadsraad in 1907 *en bloc* moes bedank.

Sedert die begin van 1905 het dit vir die publiek en die pers, asook rolspelers en kundiges buite die munisipaliteitskader, al hoe meer ooglopend geword dat die stad swak bestuur word deur die stadsraad, veral op finansiële gebied.

Vir eers was daar die groot bedrag geld wat die bekende Ramblersklub in daardie jaar geleen het en waarvoor die stadsraad borg gestaan het sonder om wetlike stukrag aan die proses te verleen.

In 1906 het die aansien van die raad, onder die burgemeesterskap van Wolf Ehrlich ('n Duitse Jood wat hom in 1877 in Bloemfontein gevestig het), verder in die oë van die gemeenskap gedaal. Die pers het hom aanvanklik as die ideale man vir die pos voorgehou, maar later het veral *The Friend* meermale begin verwys na die raad se "policy of muddle and concealment".

Daar was die sogenaamde boomplant-fiasko toe aanvanklik vermoed is dat die munisipaliteit 'n groot aantal dooie bome in die stad geplant het – let wel, bome wat reeds dood was teen die tyd toe dit geplant is. Later het dit geblyk dat dit slegs 'n beperkte aantal bome van die totaal sou wees, maar die versuim om van meet af die bome van 'n beskermingstut te voorsien het nog 'n klomp in die slag laat bly. In die loop van daardie jaar was daar ook die skietwerk by gruisgroewe waaroor die publiek ongelukkig was, omdat dit lewens in gevaar gestel het. Dit is gevolg deur die geval waar 'n vooraanstaande inwoner bereid was om die stadsraad hof toe te sleep omdat die padkonstruksiewerk sy eiendom kon benadeel en daar geweier is om aanvaarbare voorsorgmaatreëls te tref. Die pers het hom daarin verkneukel dat die raad nie daarin kon slaag om hierdie aangeleentheid te ignoreer soos soms in sekere gevalle gebeur het nie, want die reg was ongetwyfeld aan die inwoner se kant.

Die stadsraad het ook nie voorkomend opgetree om 'n voetganger-sprinkaanplaag wat 'n deel van die stad getref het onder beheer te bring nie, terwyl die vernietiging van 3 300 rioolpype vanweë nalatigheid groot verontwaardiging ontlok het, omdat dit weer ten duurste van oorsee bekom

moes word. Daarbenewens was die brandweer-afdeling blykbaar nie paraat genoeg om sy funksies behoorlik te vervul nie, omdat die raad nie die nodige ondersteuning gebied het nie.

Die openbare mening, in 'n sekere sin aangevuur deur oordrywing, het in hierdie tyd al hoe meer venynig teenoor die stadsraad gedraai. Die intellektuele vermoëns van die lede is openlik bevraagteken, terwyl hulle optrede in die raadsaal as belangeloos en vermakerig voorgehou is. Ofskoon daar uitsonderings was, is die meerderheid daarvan beskuldig dat hulle tyd mors met nuttelose voordragte in die raad en dat hulle eie gewin vooropstel. Menige belastingbetalers was toe van mening dat hulle belange nie aanvaarbaar gedien word nie.

Om alles te kroon, het die stadsraad tydens sy laaste sitting van 1906, waartydens belangrike sake afgehandel moes word, nie eers 'n kworum opgelewer nie. Die burgemeester het vergeefs gepoog om ontbrekende lede op te spoor. Ehrlich moes ten einde laaste die vergadering onverrigte sake ontbind.

Aan die begin van 1907 was die pers, publiek en die Bloemfonteinse belastingbetalersvereniging nog meer oortuig dat die stad se finansies nie op 'n gesonde grondslag bedryf word nie. Daar is gepraat en geskinder oor 'n verskeidenheid sake: geheimhouding, wanvoorstellings om die finansiële posisie in 'n beter lig te stel, verklarings dat daar geen wesenlike probleme rondom die stad se finansies is nie, dit terwyl die praktyk op die teendeel wys, onbevredigende boekhouding, oortrokke fasiliteite wat toeneem, verdagte begrotings en die opvallende gebrek aan kundigheid oor geldsake onder heelwat raadslede. Die skielike verhoging van belastings sonder waarskuwing wat ten doel sou hê om tekorte aan te vul, het bygedra daartoe dat die stadsraad se finansiële bestuur van die stad verder onder ernstige verdenking geplaas is.

Die ietwat aanmatigende houding van die burgemeester teenoor die aangeleentheid het geensins die stadsraad tot eer gestrek nie. So het Ehrlich in Februarie 1907 as genooide gas by 'n openbare vergadering van die belastingbetalersvereniging onseker oor finansiële sake voorgekom, halfhartig die raad se optrede in die verband verdedig, maar terselfdertyd vermakerig die personeel van



*Burgemeester Wolff Ehrlich*

*The Friend*, wat gewoonlik die knoeiwerk van die raad aan die lig bring, uitgedaag om die stad te bestuur as hulle dan so slim sou wees oor hoe dit gedoen moes word. En beledigend bygevoeg dat "the only difference between ratepayers was that some had common sense and some were fools".

Op 29 Augustus 1907 het Ehrlich as burgemeester 'n laagtepunt in sy termyn bereik toe hy tydens 'n openbare vergadering van belastingbetalers in die stadsaal aangekondig het dat 'n mosie van vertroue in die stadsraad die paal gehaal het met die opsteek van hande, terwyl dit opvallend was dat dit nié so is nie. Sy uitspraak is deur twee teenwoordige raadslede gerepudieer!

Ofskoon die algemene raadsverkiesing binne drie maande sou plaasvind, het die raad na hierdie skandalige voorval weinig van 'n keuse gehad as om almal onmiddellik te bedank. 'n Nuwe verkiesing het op 16 September 1907 plaasgevind. Almal wat op die raad was, het weer gestaan, terwyl nuwe kandidate ook in die stryd was.

'n Interessante wending in die hele debakel was die gesamentlike besluit van die ou raadslede dat hulle geen verkiesingsveldtog gaan voer of enigsins hulle kiesers gaan toespreek



*Burgemeester C.L. Botha*



*J.P. Logan*

nie. Hulle het waarskynlik besef dat dit tot eindelose haarklowery en beskuldigings sou lei en gevoel dat die kieserskorps maar self ’n oordeel moes vel.

Die helfte van die ou span is nie weer verkies nie. Ehrlich het net-net die paal gehaal, maar na dese die eerbare weg gevolg deur sy benoeming as burgemeesterskandidaat van die hand te wys. Nietemin sou sy jare lange algemene hardwerkende diens as gemeenskapsleier meebring dat hy weer van 1911 tot 1912 as burgemeester gedien het.

Na die 1907-verkiesing is daarop gehamer dat niks anders as ’n deeglike onpartydige amptelike ondersoek na die hele situasie die gemoedere sou laat bedaar nie. Die gevolg was dat die owerheid ’n kommissie aangestel het om die kwessie te ondersoek. A. Brown, die koloniale tesourier, en J.F. Bivan, die ouditeur-generaal, het in dié regeringskommissie gedien. Hulle verslag oor die algemene administrasie en finansiële posisie van Bloemfontein is na ’n uitputtende ondersoek van agt weke op 18 November 1907 voltooi.

Die nuwe burgemeester, C.L. Botha, het diplomaties in die burgemeestersverslag van 1907 aankondig dat die algemene gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat die finansies van die stad gesond is, die belastingheffings redelik en dat die verskillende munisipale departemente doeltreffend en ekonomies bestuur word.

Hy het egter nagelaat om te meld dat die kommissieverslag die woorde ‘nou’ en ‘vandag’ pertinent bevat. Die verslag het immers uitgestippel dat daar in die verlede gronde vir bekommernis by die belastingbetalers was oor die finansiële bestuur van die stad en dat verbeterings eers ingetree het toe J.P. Logan (na wie Loch Logan later vernoem is) as rekenpligtige aangestel is. Daar is verder onder andere voorgestel dat kapitaaluitgawes vir eers gestaak moes word, sekere fondse vir onthale, pensioene en donasies twyfelagtig is, onbevredigende boekhouding by die “Stores Account” voorkom en dat die stadsraad se waarborg aan die Ramblersklub sonder wetlike gronde is.

Wat die skuldlas van die stad in daardie stadium behels het, het die ondersoekkommissie tot die gevolgtrekking gekom dat dit nie buitensporig is in vergelyking met die ander stede in die land nie, maar tog raadsaam om dit nie verder te laat toeneem nie.

# Rolskaatsgier tref die stad in 1909

Vandag kan 'n mens jou moeilik die volgende prentjie voorstel: Die voorste inwoners van Bloemfontein wat as hoogtepunt van hul sosiale kalender in deftige klere op rolskaatsbane rondrits of dans. Maar in 1909 het die rolskaatsgier Bloemfontein oordadig beetgepak.

Die spoorweë wat vervoer van mense en goedere vergemaklik, het ook gesorg dat die inwoners al hoe meer met die vermaaklikheidswêreld in aanraking gekom het. Dit het bewerkstellig dat die volle impak van rolskaats Bloemfontein aan die begin van die 1890's tref.

Op 8 Mei 1891 het president F.W. Reitz 'n groot baan, bekend as die Columbia Élite Roller Skating Rink, van 232 vierkante meter en 'n verversingslokaal in die stadsaal in Maitlandstraat vir die winterseisoen geopen. Talle gaste het dit bygewoon en die Bloemfonteinse amateursorkes het die volkslied gespeel.

In daardie jare was die stad se sosiale lewe dikwels leweloos en hierdie gebeure het mense se verbeelding in die oortreffende trap aangegryp. Reitz het juis gesê dat baie jongmense nie 'n perd besit nie, of deur hulle werk so vasgekluister word dat hul nie gesonde en bevredigende ontspanning het nie. Dié skaatsbaan kon aan die behoefte voldoen.

Inwoners het hier met orkesbegeleiding na hartelus gerolskaats en rolskaatsresies is ook gehou. Ander vermaak en sport is ook aangebied: driebeen-resies, 'n lemoenresies vir vroue, polowedstryde en 'n Meiboom-dansparty. Die skeerseisoen is met 'n kostuumkarvaval en 'n groot mars onder beskerming van die staatspresident afgesluit. Vooraanstaande families het dit bygewoon.

Die stadsaal was egter na dié seisoen in so 'n gehawende toestand dat die stadsraad geweier het om dit weer vir die doel te verhuur.

Bloemfontein het hierna nog drie winterseisoene van rolskaats beleef wat onder andere in groot stoorruimtes beslag gekry het. Die stad kon na dese nie weer die genietinge van 'n rolskaatsbaan beleef tot na die einde van die Anglo-Boereoorlog nie. In 1909 en 1910 het rolskaatsbane die vermaaklikheidsbedryf in die stad weer oorheers.

Op 13 Maart 1909 het die Royal Roller Skating Rink onder bestuur van die vermaaklikheidsaanbieder Louis Condell geopen. Dit was geleë 'n blok van die spoorwegstasie af, op die hoek van Maitland- en Hangerstraat, direk langs die Masonic Hotel,

Burgemeester C.L. Botha het die opening waargeneem met die musiek van die orkes van die Welsh Regiment. Daar was 'n samedromming van sowat 1 500 mense.

Die baan is later verleng tot teen St. Andrewstraat sodat 'n baan vir beginners uit die hoofbaan gevloei het. Alles was in die opelug, maar die loopvlak om die baan en die sitplekke vir toeskouers was onder dak. Dit is deur menigeen as gesond beskou om in die opelug te skaats, in teenstelling met 'n toegeboude struktuur wat bedompig en ongerieflik kan wees.

Toegang was 'n sjieling per persoon en 'n paar skaatse kon teen dieselfde bedrag gehuur word. Skaatsgeesdriftiges het gewoonlik hulle skaatse by G.A. Fichardt Bpk., Boucher & Pike en Cuthberts gekoop.

Die stelling is selfs gemaak dat rolskaats 'n heilsame uitwerking op die samelewing het vanweë die afname in misdaad omdat potensiële misdadigers hul ledige ure op die baan verwyl. Selfs bejaardes het moeisaam om die baan gesirkel en vir plattelanders was rolskaats 'n hoogtepunt van 'n besoek aan die stad.

Rolskaats is as minder gevaarlik as ander sportsoorte beskou omdat dit net soms 'n verstuite enkel of duim veroorsaak het.

Goue horlosies was as pryse uitgeloof vir amateurresies op dié baan, sokker is op skaatse gespeel en sierskaatsvertonings is gehou, maar dit was veral kostuumkarnavalle wat die inwoners gaande gehad het.

Intussen was die bestuur van die Ramblersklub ongelukkig omdat sy lede die skaatsbaan in die stad ondersteun het, wat 'n geldverlies vir die klub beteken het. As teenvoeter het die Ramblers Skating Rink op 31 Mei 1909 geopen.

Die mededinging tussen die Ramblersbaan en die Royal-baan was straf. In die koerante is so te sê daagliks oor die bane geskryf. Die bestuur van die twee bane het alles moontlik gedoen om die vloere in 'n puik toestand te hou en opwindende programme aan te bied. Sportsoorte op skaatse was van die



*Die pyltjie dui aan waar die Royal-rolskaatsbaan eens in Maitlandstraat was.*

gewildste vermaak. Kindersterre met hul sierskaats-toertjies het toeskouers gaande gehad.

Teen die middel van 1910 was dinge nie meer na wense by die twee bane nie. Die rolskaatsgier het begin taan. Die Royal-baan het wel daarin geslaag om vir langer as 'n jaar te bestaan. Dit is as 'n prestasie beskou omdat min bane in die land dit kon regkry.

Al twee bane het blykbaar weens geldprobleme gesluit, terwyl bioskoopteaters ook vir mededinging gesorg het. Getroue rolskaatsers was verslae oor die wending. Die Royal-baan is na 'n opelug-bioskoop met sitplek vir 600 mense verander, met tafeltjies waar hulle kon sit asook 'n promenade wat deur bome, struike en palms gestrek het sodat die besoekers beide die buitelug en rolprente kon geniet.

Die bane het beslis 'n ruk lank 'n opvallende leemte in die vermaaklikheids-, sport- en sosiale lewe van Bloemfontein gevul.



*President F.W. Reitz het in 1891 'n rolskaatsbaan in die stadsaal geopen.*




*Die bekende Bloemfonteinse winkel G.A. Fichardt Bpk. waar geesdriftiges hul rolskaatse kon koop.*

# Protokol-flater laat inwoners rooi sien

Tydens die kort besoek van die aangewese eerste goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika aan Bloemfontein kort voor Uniewording in 1910 het 'n protokol-voorval plaasgevind wat publiek en pers as hoogs betreurenswaardig beskou het.

Die aand van 25 Mei 1910 het die trein waarin die goewerneur-generaal en sy vrou, lord en lady Gladstone, na hul nuwe bestemming in Pretoria gereis het, vir sowat 'n uur in Bloemfontein gestop. Hulle het die geleentheid spesiaal benut om die hoogwaardigheidsbekleërs van die stad te ontmoet.

Uiteraard was die burgemeester, raadslid A.E. Parfitt, deel van die uitgesoekte geselskap wat die eer aangedoen is om met die vername gaste kennis te maak. Tot almal se verbasing is hy vooraf per telefoon meegedeel dat sy vrou nie aan die Gladstones voorgestel sou word nie. Bloemfontein was tereg verontwaardig dat sy *first lady* sulke swak behandeling van die protokol-komitee ontvang het.

'n Dag na die goewerneur-generaal se besoek het die stadsraad vergader om reëlings vir Uniewording op 31 Mei 1910 te bespreek. Die protokol-glips was ook op die agenda. Die gort was behoorlik daaroor gaar. Die feit dat twee onbekende Johannesburgse vroue wel aan die Gladstones voorgestel is, het die gemoedere verder opgejaag. Parfitt en sy raad het openlik gal oor die hele hantering van die aangeleentheid gebraak. Dat sy vrou ongesteld was en buitendien nie die verrigtinge sou kon bywoon nie, het vir hulle geensins die beginsel van die saak verander nie. As eggenote van die burgemeester beklee sy immers 'n vername posisie op enige protokol-lys. Sy is ongetwyfeld daarop geregtig om saam met haar man belangrike besoekers aan Bloemfontein te ontvang, is onomwonde verklaar.

Die raad was nietemin eensgesind dat die goewerneur-generaal en sy vrou nie vir die flater te blameer was nie. Lady Gladstone het immers onmiddellik by die burgemeester verneem waar sy vrou dan is.

Die lede het egter hulle mes in gehad vir die persoon in beheer van die protokol-reëlings. Of hy wel vir sy blaps aangespreek is, is nie bekend nie.

Daar was inwoners wat die burgemeester en die raadslede kwalik geneem het dat hulle nie die moed van hulle oortuiging gehad om die ontmoeting te boikot nie. Sodoende is geredeneer, kon 'n duidelike boodskap oorgedra word aan diegene wat verantwoordelik vir hierdie *faux pas* in Bloemfontein was.



*Burgemeester A.E. Parfitt*



*Mevrou Parfitt*

# Eerste Vrystaatse administrateur moes harde bene kou

Op 1 Junie 1910 is die eer dokter A.E.W. Ramsbottom aangedoen om diens as eerste administrateur van die provinsie Oranje-Vrystaat te aanvaar. Toe hy as baanbreker met ywer en toegewydheid sy taak aanpak, kon hy in sy vêrste gedagtegang nie voorsien deur watter diep waters sy administrasietydperk van vyf jaar sou gaan nie.

Sy geduld, uithouvermoë en bevoegdheid is voorwaar tot die uiterste beproef. Nadat die twee Boererepublieke, die Oranje-Vrystaat en Transvaal, in 1902 tydens die Anglo-Boereoorlog tot oorgawe gedwing is, het hulle Britse kolonies geword. In 1907 is selfbestuur aan beide toegeken. Ekonomiese vraagstukke, wydverspreide vrees vir swart opstande en die sogenaamde kritieke internasionale situasie was van die belangrikste faktore wat die samesmelting van die vier Britse kolonies aan die suidpunt van Afrika bespoedig het.

Op 31 Mei 1910 het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom waarin generaal Louis Botha se Suid-Afrikaanse Party (SAP) die leiding sou neem. In elke provinsie, dit is die Oranje-Vrystaat (onder Britse bewind bekend as die Oranjerivierkolonie), Transvaal, Natal en die Kaap, het 'n provinsiale raad tot stand gekom. 'n Administrateur (vandag premier) was die hoogste uitvoerende amptenaar, bygestaan deur 'n uitvoerende komitee.

Alfred Ernest William Ramsbottom is op 1 Augustus 1860 te Grahamstad gebore. Hy was die tweede oudste kind van luitenant William Ramsbottom van Dublin, Ierland en Mathilda Wallace, dogter van 'n Grahamstadse Britse offisier. In 1874 het die Ramsbottom-gesin hulle in die republiek Oranje-Vrystaat gevestig waar hulle hul boerderybedrywighede in die distrik Smithfield voortgesit het. Nadat hy sy skoolloopbaan aan Grey-kollege voltooi het en na hoogs geslaagde mediese studies oorsee, onder andere in Dublin, het die jong Alfred in 1897 sy eie praktyk in Bloemfontein begin.

Ondanks sy Brits/Ierse-afkoms het Ramsbottom hom met die Vrystaatse republikeinse strewe vereenselwig en die persoonlike lyfarts en vertroueling van president M.T. Steyn geword. Gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) is hy deur die regering as hoof van die republikeinse ambulansdienste aangestel.

Na die oorlog het Ramsbottom sy praktyk hervat, maar hom ook in die politiek begewe. Hy het aktief aan die Boereverset teen Milnerisme deelgeneem. In 1907 het Brittanje selfbestuur aan die Oranjerivierkolonie toegeken. Ramsbottom is as koloniale tesourier in die Fischer-kabinet opgeneem.

Ramsbottom was die aangewese keuse om in 1910 die Vrystaat in die nuwe politieke bedeling as administrateur te lei. So'n kandidaat moes aanvaarbaar vir die Afrikaans- en Engelssprekendes in die provinsie wees (onthou, die swart gemeenskap was nie in die politieke prentjie nie) anders kon die 'haatgevoel' tussen die twee blanke bevolkingsgroepe sedert die oorlog verdiep. Vanweë sy afkoms was hy in die oë van die Engelse een van hulle. Vir die Afrikaner was hy lid van daardie besondere generasie Engelssprekende Vrystaters wat hul vereenselwig het met die Afrikanersaak. Daarbenewens kon Ramsbottom ook goed Hollands praat.

Die administrateur en sy bestuurspan het in die nuwe bedeling moedig voortgebeur om die provinsiale stelsel te implementeer en die geloofwaardigheid daarvan onder die publiek tuis te bring. Hulle het hul vasgeloop teen feitlik onophoudelike probleme en krisisse. Hiervan was die aanvanklike onbevredigende finansiële opset van die provinsie beslis nie die minste nie. Vir eers was dit hoofsaaklik in die hande van die Unieregering wat vanselfsprekend groot frustrasie vir die provinsiale regering veroorsaak het.

Maar dit was veral twee politieke insidente wat die Ramsbottom-administrasie gekniehalter het. Eerstens was daar die Botha/Hertzog-breuk. Generaal Louis Botha as eerste minister en generaal J.B.M. (Barry) Hertzog as minister met sy sterk Afrikaner-ingesteldheid kon mekaar nie vind oor hoe om die land te regeer nie. Vervolgens het Botha vir Hertzog uit sy kabinet gesny en laasgenoemde het die Nasionale Party (NP) in 1914 gestig.

Ramsbottom en die meerderheid provinsiale raadslede, asook die meeste Vrystaters, het hul in die Hertzogkamp bevind. Ofskoon sy verbintenis met die NP vanweë sy administrateurskap nie so openlik was nie, was dit algemeen bekend. Gevolglik het die Engelssprekendes en Botha-ondersteuners al hoe meer vervreemd van Ramsbottom se leierskap gestaan wat die politieke spanning in die provinsie verhoog het.

Alles is vererger deur die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 en die gepaardgaande Rebellie in Suid-Afrika wat veral in die Vrystaat en Transvaal gewoed het. In 'n neutedop beskou, was die Rebellie hoofsaaklik 'n vorm van gewapende protes uit Afrikanergeledere teen die Botha-regering se voorgenome Duits-Suidwes-veldtog (Suidwes-Afrika, vandag Namibië, was toe in Duitse hande) om Brittanje te ondersteun. Dit was ook 'n sugting van



*Ramsbottom as administrateur*

verlange van baie Afrikaners om die vryheid van die voormalige Boererepublieke te herwin.

Die Vrystaat was taamlik pro-Rebellie. Sommige provinsiale regeringslede het hulle aan die kant van óf die rebelle óf die lojaliste bevind en die Ramsbottom-administrasie sodoende grotendeels lamgelê. In plaas van om die krisis met die nodige takt te hanteer, het Ramsbottom deur sy stilswye kennelik gewys waar sy simpatie lê. Sy neutraliteit was geïnterpreteer as 'n tekort aan lojaliteit en die Botha-regering het gekies om nie sy termyn in 1915 te verleng nie.

Hierdie regeringsbesluit het groot ontevredenheid onder die meerderheid Vrystaatse inwoners, veral onder die Afrikaanssprekendes veroorsaak, en daardeur die intensiteit van die politieke warboel laat toeneem.

Tussendeur al hierdie ontstellende beroeringe het die provinsiale administrasie onbevredigende betrekkinge met die onderwysdepartement en die onderwysers gehandhaaf. Gevolglik is daar met die een tydrowende onderwyskrisis na die ander geworstel (sien bladsy 54). Slegs deur takt en gesonde verstand het Ramsbottom daarin geslaag om die probleme deels te ontlont.

Ofskoon Ramsbottom se administrateurskap en sy administrasie van die provinsie vol komplikasies en onmin was, was daar nietemin enkele noemenswaardige uitvloeisels wat tot voordeel van die provinsie gestrek het. Hy het sy verpligtinge nougeset en met die nodige waardigheid en byna ouwêreldse hoflikheid nagekom waardeur hy sy felste kritici se respek verdien het. Ondanks die problematiese onderwysopset is daar tog vordering gemaak indien die groot aantal nuwe skole, snelle groei van die skoolrol en vermeerdering van personeel in ag geneem word. Origens het sy opregte belangstelling in en opbouende toesprake oor die landbou 'n heilsame invloed daarop gehad.

Bowenal het Ramsbottom die genoegdoening gesmaak om as geliefde administrateur van die meerderheid Vrystaatse inwoners, uit blanke perspektief gesien, die tuig neer te lê met die wete dat hy tot die einde van sy loopbaan op hul volgehoue ondersteuning kon staatmaak. Hy is op 16 April 1921 in Londen oorlede.



*Dokter A.E.W. Ramsbottom saam met een van sy dogters tydens die Anglo-Boereoorlog.*

# Onderwyskrisis ruk Vrystaat in 1912

Herhaaldelike groot krisisse in die onderwyssfeer van die land duik herhaaldelik onder die ANC-bewind op. Maar, dis nie nuwe verwikkelinge in die geskiedenis van Suid-Afrika nie.

So is die eerste paar jaar van provinsiale bestuur in die Oranje-Vrystaat gekenmerk deur ernstige onenigheid en verskille tussen die administrasie en die onderwyskorps. Veral 1912 kan uitgesonder word as die jaar waarin die onderwysdispuut 'n hoogtepunt bereik het.

Gegrief deur onder meer die sogenaamde outokratiese houding van die provinsiale owerheid, het die onderwysgeledere hul kragte saamgesnoer en in verset gekom teen die Ramsbottom-administrasie. Dit het uitgeloop op die grootste openbare protesvergadering van onderwysers tot op daardie stadium.

Met Uniewording in 1910 is alle onderwys, behalwe hoër onderwys, aan die nuutgeskepte provinsiale owerhede oorgedra. Soos gesien in die vorige hoofstuk, is doktor A.E.W. Ramsbottom as die eerste administrateur van die Oranje-Vrystaat aangestel en sy verbintenis met die NP het die intensiteit van politieke beroeringe in die provinsie laat toeneem.

Ofskoon daar gedurende die Ramsbottom-administrasie goeie vordering op onderwysgebied gemaak is, soos die groot aantal nuwe skole wat opgerig is, het die provinsie sporadies met die een onderwyskrisis na die ander geworstel. Die laaste helfte van 1912 was inderdaad 'n tydperk wat deur buitengewone beroeringe op onderwysvlak gekenmerk is.

Die dispuut van daardie jaar het hoofsaaklik tussen die administrateur, die provinsiale sekretaris en die provinsie se uitvoerende komitee aan die een kant en doktor W.J. Viljoen as direkteur van onderwys, die onderwysdepartement en die Vrystaatse Onderwysersvereniging aan die ander kant afgespeel. Die hele geskil was in 'n wolk van misverstande, verkeerde vertolkings van omsendstukke, taktlose optrede en 'n strewe na eie belang gehul.

Die grootste en hewigste onderwysversetbeweging tot op daardie stadium het hieruit voortgespruit en sou sy hoogtepunt in 'n provinsiewye protesvergadering bereik. Etlike gebeure, maar veral die Gray-aanstelling en -afdanking, die Holloway-geval en die onnadenkende skrywe van die provinsiale sekretaris in 1912, het onderwys in die Vrystaat tot in sy fondamente geskud.

Die beroemde seunskool Grey-kollege was te midde van alles! Nadat daar teen die middel van 1912 'n dringende vakature by Grey-kollege ontstaan het, het die direkteur van onderwys besluit om mevrou J.B. Gray, 'n voormalige prinsipaal van die Council Schools, tydelik vir ses maande by dié

spog seunskool aan te stel. Sy was glo die beste gekwalifiseer, daar was geen ander geskikte kandidaat nie en die onderhoof van Grey het sy goedkeuring aan die aanstelling geheg. Council Schools is deur beswaardes, veral uit die Engelse gemeenskap, los van staatskole in die lewe geroep. Dit is gedoen uit protes teen die eng Hertzog-onderwyswet, maar na die aanneem van onderwysordonnansie 2 van 1912, wat berusting onder hulle gebring het, is dié skole ontbind en by die staatskole ingelyf.

Die Gray-aanstelling het nie Grey-kollege se skoolkomitee se goedkeuring weggedra nie. Die wenkbroue is ook gelig omdat sy aan die Council Schools verbonde was. Daar is aanbeveel dat die pos tydelik deur 'n man en later ook permanent deur 'n man gevul moes sword. Viljoen het ingestem tot die laaste deel van die versoek, maar het sy voet neergesit oor die onmiddellike verwydering van Gray; daar is immers 'n ooreenkoms met haar aangegaan en die skoolinspeksies was op hande.

Die Grey-skoolkomitee is sak en pak na die administrateur om die saak voor hom te lê. Ramsbottom het simpatiek die komiteelede aangehoor en op 17 Julie Viljoen as direkteur van onderwys aangesê om alternatiewe reëlings vir Gray te tref. Viljoen het persoonlik by Ramsbottom geprotesteer hieroor, maar sonder sukses.

Toe die kwessie op 6 September steeds nie opgelos is nie, het Ramsbottom deur 'n skrywe Viljoen streng aangespreek dat hy opsetlik opdragte van die administrasie verontagsaam en voortgaan om die onderwyseres se diens teen die wense van die skoolkomitee te handhaaf. Beëindig haar diens onmiddellik, is Viljoen aangesê. Halfhartig het die direkteur hieraan gehoor gegee en Gray ingelig dat hy persoonlik die besluit in twyfel trek en onder dwang daaraan toegee. Vanweë politieke verskille was die verstandhouding tussen Ramsbottom en Viljoen juis stram en die voorval het dit kennelik nie verbeter nie.

Tussendeur het die Holloway-geval gebeur wat gemoedere tussen die onderwysrolspelers verder opgejaag het. Die uitvoerende komitee van Ramsbottom het einde Augustus 1912, sonder om grondige redes te verskaf, vir meneer J.E. Holloway, 'n 22-jarige onderwyser van Grey-kollege met 'n BA-kwalifikasie, in die raad van eksaminatore aangestel nadat 'n vakature ontstaan het. Dié raad het onder andere die eksaminering van onderwysers hanteer en leerplanne vir onderwyseksamens voorgeskryf. Aangesien dit onafhanklik van die direkteur en die onderwysdepartement fungeer het, is dit uit hierdie hoek as 'n anomalie beskou. Die gevolg: wye ontevredenheid uit onderwysgeledere. Te jonk en onervare is gesê en diegene geskik vir die pos met rype ondervinding is nie eers in aanmerking geneem nie.

Die administrateur het die Onderwysersvereniging se dagbestuur, wat hulle misnoeë oor die aanstelling voor hom kom uitstort het, hoflik ontvang, maar sy uitvoerende komitee se besluit gehandhaaf om hulle die verleentheid te spaar.

Die hele kwessie is vererger toe die president van die Onderwysersvereniging in sy telegram waarin hy verskoning maak dat hy nie die dagbestuur kon vergesel na die administrateur nie, namens die onderwysberoep beswaar teen die Holloway-aanstelling uitspreek. Ramsbottom en sy uitvoerende komitee het die bewoording as kras, voorskriftelik en botsend met prosedure ervaar. A.M.N. de Villiers, die provinsiale sekretaris, het op sy perdjie gespring

en die direkteur van onderwys in kennis gestel dat al die kommunikasie met hulle liefs deur die direkteur self hanteer moes word. En hy sluit af met dié gewraakte woorde: "In any case, the Committee declines to consider any matter submitted to them in the form of a protest." Uit onderwyskringe en die publiek het hierdie opmerking vanselfsprekend die indruk gewek dat die reg om protes aan te teken, hetsy deur 'n afvaardiging of andersins, hulle ontneem word.

Die hele debakel het in die pers voortgewoed deurdat die telegram van die president, asook die De Villiers-skrywe, aan die pers oorhandig is om te oordeel. En soos te wagte was, was die algemene gevoel dat die provinsiale sekretaris se bewoording skerp aanstoot kon gee. Ofskoon *The Friend* gemagtig is om aan te kondig dat die deure van die administrasie oopstaan om klagtes deur die regte kanale aan te hoor, is daarop aangedring dat slegs 'n amptelike verklaring van die administrateur onderwyskringe tevrede sou stel.

Menigeen het die herhaalde misverstande en openlike dispuut tussen die owerheid en die onderwyssektor daaraan toegeskryf dat die direkteur van onderwys nie direk toegang tot die administrateur gehad het, soos die gebruik in die ander provinsies was nie.

So ongelukkig en woedend was die Vrystaatse onderwysers oor al die gebeure, dat die Vrystaatse Onderwysersvereniging geen ander uitweg gesien het as om die ongewone stap te neem deur 'n openbare protesvergadering op 14 September 1912 in Bloemfontein te hou nie. Die doel: om te protesteer teen die outokratiese en skadelike werkswyse van die owerheid.

Onderwysers van oor die hele Vrystaat – sowat 630 uit 1 000 – het na die hoofstad gestroom om hulle griewe in die Grand-teater te lig. Opvallend was die eenstemmigheid en vasberadenheid waarmee die bestaande griewe aangespreek is. Die gewigtige besluit is ook geneem dat die tyd ryp was vir die Uniekabinet om 'n volskaalse ondersoek na onderwystoestande in die provinsie te loods.

Ramsbottom en van sy uitvoerende komiteelede het hulle na Pretoria gehaas om die onderwyskrisis met die eerste minister te bespreek en Viljoen weer twee dae later. Die onderhandelinge het agter geslote deure plaasgevind en geen persverklarings is uitgereik nie. Tussen die lyne is gelees dat die regering nie bereid was om sommerso in provinsiale sake in te gryp nie en sou vir eers adviserend optree. Hulle was ook nie bereid om Viljoen op te offer nie, maar dit was duidelik dat die simpatie by die provinsiale owerheid gelê het.

Die minister van onderwys, F.S. Malan, het nie veel bygedra om die krisis te ontlont toe hy in 'n toespraak op Potchefstroom die Vrystaatse onderwyskrisis, na aanleiding van die vreedsame wyse waarop soortgelyke probleme in ander provinsies gehanteer is, as belaglik afgemaak het nie. Hy het blykbaar nie die erns van die saak begryp nie.

Tussen alles deur het die Ramsbottom-administrasie en die onderwyssektor elkeen uit sy hoek die pers gebruik om hulle optrede in die kwessie te verdedig en regverdig. Hierdie onverkwiklike geredekawel het die swak betrekkinge tussen die partye beklemtoon, tot niemand se voordeel gestrek nie en die hele onderwysspektrum 'n negatiewe beeld gegee.

As leier van die provinsie het Ramsbottom in Oktober 1912 gewys wat in hom steek om die krisis te ontlont. Van openbare platforms het hy sy diepe en opregte spyt uitgespreek

dat die gebeure ooit plaasgevind het en dat 'n bietjie meer gesonde verstand en 'n bietjie minder oorhaastigheid die kwessie vroegtydig ongedaan sou maak. Die oorsaak van die kwaad het hy voor die deur gelê van die amptenare wat nie die opdragte van die uitvoerende komitee nougeset uitgevoer het nie en administratiewe flaters wat te goeder trou gemaak is, soos die besluite van die uitvoerende komitee wat in omsendstukke nie reg bewoord is nie. Ramsbottom het by herhaling die versekering gegee dat die administrasie besware te alle tye deur die regte kanale sou aanhoor en dat die skrywe wat anders beweer 'n oordeelsfout was.

Die wysiging van die onderwyswet in 1913 het ook redelik groot byval in die onderwyskorps gevind, veral die reëling dat die direkteur van onderwys *ex officio* die voorsitter van die raad van eksaminatore sou wees. Dis jammer dit het nie 'n jaar tevore ingeskop nie, het *The Friend* tereg opgemerk, dan kon al die drama verhoed gewees het. Intussen is 'n beurs aan Holloway toegeken vir verdere oorsese studie sodat die probleem rondom sy aanstelling ook opgelos is.

Deur versoenende toesprake ter wille van onderwys is die strydbyl tussen Ramsbottom en Viljoen ook grootliks begrawe. "We have reached peace with honor," het *The Friend* bemoedigend teen einde Oktober opgemerk, "and the road is open for the march of educational progress."



*W.J. Viljoen saam met familielede.*

# Gemengde baaiery: 'n Warm debat

Die groot uitbreiding wat Bloemfontein na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) beleef het, het die stadsraad genoodsaak om die eerste munisipale of openbare swembad vir die stad te bou. In 1907 het dit aan die bo-punt van Wes-Burgerstraat geopen. Dit was aanvanklik 'n oordekte bad en is later na die bekende swemafrigter Arthur Nathan vernoem.

Gemengde baaiery is aanvanklik nog nie toegelaat nie. Juis dit sou vir etlike jare 'n warm besprekingspunt in die stadsraad wees totdat dit in 1913 algemeen goedgekeur is.

Die toelaatbaarheid al dan nie van gemengde baaiery het ook lank die gemoedere van die pers, koerantbriefskrywers, swementoesiaste en die gemeenskap gaande gehou. Vandag sou so 'n debat aan die komiese grens, maar in daardie tyd was dit 'n saak van groot erns, hoewel diegene met 'n meer verligte geaardheid dit ook soms tong-in-die-kies benader het.

In 1909, weereens nadat talle versoeke van die publiek ontvang is dat gemengde baaiery ingestel moes word, het die openbare gesondheidskomitee die stadsraad gevra om daaroor 'n besluit te neem.

Die voor- en teenstanders daarvan in die raad het mekaar deeglik aangevat en soms deur venynige tussenwerpsels hulle misnoeë oor standpunte weergegee. Die voorstel dat die groen lig gegee moes word omdat dit meer inkomste sou genereer en 'n stad soos Johannesburg dit buitendien toegelaat het, het nie die paal gehaal nie.

Die meerderheid van die raad het in daardie stadium iets onbetaamlik daarin gelees. Hulle was oortuig dat by verre die meerderheid van die stad se inwoners nie ten gunste daarvan was nie en beide geslagte die bad sou vermy indien dit sou gebeur. Volgens hulle was die see 'n ander saak, maar om in die grootte van 'n swembad, en daarby 'n bedekte een, 300 tot 400 gemengde baaiers in te druk, was ongehoord en 'n betreurenswaardige manier om geld te in. "Oh, you are duffers!" het Mnr. W. Olds, wat die voorstel ingedien het, teen die einde van die debat uitgeroep.

In 1913 het die stadsraad uiteindelik toegegee, maar nie voordat die kwessie 'n interessante wending geneem het nie.

Tydens die raadsvergadering op 20 Februarie 1913 het die voorstanders weer 'n mosie ingedien dat gemengde baaiery algemeen toegelaat moes word. Daar was teen hierdie tyd die sogenaamde Swan Club waaraan slegs getroude pare volgens streng voorwaardes kon behoort en wat toegelaat is om saam te swem. Sommige het die klub van klasse-hoogmoedigheid beskuldig. Maar so 'n

eksklusiewe swemklub vir getroudes waar beide by die swemmery teenwoordig moes wees, is deur menigeen as te voorskriftelik en nie as 'n bevredigende oplossing vir gemengde baaiery gesien nie. So kon 'n vader nie sy dogter en 'n moeder nie haar seun swembad toe neem nie.

Daar was diegene wat die getroudes-klub probeer verdedig het deur daarop te wys dat hulle ten minste nie die swembad bloot uit nuuskierigheid (!) sou besoek nie. By hulle was daar kennelik die vrees dat sedeloosheid sou volg op algemene gemengde baaiery.

In die raad is verdere bewyse voorgelê van verskeie ander groot stede en dorpe waar al die inwoners gemengde baaiery geniet sonder enige probleme of dat dit in onbetaamlikheid ontaard het, asook dat dit 'n finansiële sukses is.

Tot voordeel van die voorstanders was Ivan Haarburger, prominent in die stad se musieklewe, in daardie stadium in die burgemeesterstoel. Hy was in vele opsigte meer ondernemend as die meeste van sy voorgangers en het die voorstel ondersteun wat ongetwyfeld stukrag daaraan verleen het. Hierdie keer het die finansiële voordele en die onregverdigheid om slegs getroudes te bevoordeel die deurslag vir goedkeuring gegee. Die openbare gesondheidskomitee is aangesê om die nodige regulasies op te stel.

Die algemene morele tendense van Bloemfontein is deur die strydende partye óf besing óf bevraagteken as dit 'n aanduiding sou wees of gemengde baaiery enigsins geduld kon word.

Toe selfs die skoolhoofde van die stad vergader om die netelige kwessie te bespreek, het ene juffrou Steedman van Girl's High vroom verklaar dat sy nie die bohaai begryp nie, want sy was nog altyd onder die indruk dat mans *perfectly safe* in koue water is. Ook buite die stad het gemoedere hoog geloop. "Like in dancing," het dominee H.C. de Wet uit Brandfort gewaarsku, "where the two sexes are allowed unseemly familiarities with each other, anyone with some knowledge of the animal nature in man, knows also that thus the sensual propensities are fostered."

Ofskoon gemengde baaiery in beginsel aan die begin van 1913 goedgekeur is, is dit eers weer aan die einde van daardie jaar op 3 November te berde gebring, maar nie op die wyse wat die raad verwag het nie. In plaas van slegs 'n formaliteit om die betrokke regulasies soos opgestel deur die gesondheidskomitee,



*Burgemeester Ivan Haarburger*

wat in beheer van die bad was, goed te keur, moes die raad tot sy ontsteltenis verneem dat dit nie gedoen kon word nie. Die meerderheid van dié komitee was in beginsel teen gemengde baaiery gekant en het derhalwe nie hulle weg oopgesien om daartoe oor te gaan nie.

Raadslid Wolff Ehrlich, voorsitter van die gesondheidskomitee en van meet af een van die lede wat gemengde baaiery met mag en mening geopponeer het, het sowaar die durf gehad om op grond hiervan die besluit na die raad terug te verwys. Hy was steeds oortuig dat slegs die minderheid inwoners van die stad so iets wou hê, want die vorige dag het hy 'n hele aantal vername inwoners van die stad by sy huis onthaal en almal was teen gemengde baaiery gekant. Ehrlich het in 'n lang relaas al die teenkantingsargumente wat reeds herhaaldelik in die verlede geopper is, weereens voorgelê. Burgemeester Haarburger het by sy standpunt ter ondersteuning van gemengde baaiery gebly, maar diplomaties gemoedere in ag geneem en die vloer oopgemaak dat die kwessie weer gedebatteer kon word.

Veral P.J. van Breda Faure het die aanslag teen Ehrlich en sy meelopers in die raad gelei. Faure het die argument dat 'n toegemaakte bad nie geskik vir gemengde baaiery is nie, as alles onsin verwerp. Hy het gepleit dat Bloemfontein met een van die grootste sodanige baddens in die wêreld sekerlik die reg het om, soos by hierdie baddens in Engeland en elders, dit toe te pas sonder enige probleme.

Ehrlich-hulle is behoorlik geroskam. Die optrede van die gesondheidskomitee om 'n amptelike besluit van die raad te systap en die deurtrapte kwessie weer voor die raad te kom lê, is as vermetel afgemaak. Faure en sy ondersteuners het gevra dat die gewone werkersklas en salaristrekkers in ag geneem moes word, wat vanweë hulle agtergrond en inkomste verstoke van 'n snobistiese klub soos die Swan Club was en gemengde baaiery dus buite hulle bereik was. Die vraag is gevra of hulle geraadpleeg is. Gesinne wil graag almal saam gaan swem, maar dit is hulle nie beskore nie. Daar kon uit kerklike kringe miskien 'n anti-gevoel gewees het, maar Bloemfontein het 'n groot sport-gemeenskap wat voluit vir gemengde baaiery was, is verder betoog.

Op sy beurt het Lionel Nathan opgemerk dat die indruk bestaan dat die gesondheidskomitee van mening was dat die ganse Bloemfontein immoreel is en van gemengde baaiery weerhou moes word. As gemengde baaiery dan so immoreel is, het hy voortgegaan, hoe is dit moontlik dat dans nie oor dieselfde kam geskeer word nie – is dit omdat die vooraanstaande ingesetenes van die stad dit sonder voorbehoud doen?

Ehrlich het gepaai dat dit nie die bedoeling van die komitee was om die raad te beledig nie, maar dat hulle te goeder trou opgetree het deur die kwessie weer voor die raad te bring aangesien daar tweespalt in die komitee oor die aangeleentheid was. Hierdie keer was die skrif duidelik aan die muur oor hoe die meerderheid raadslede oor die saak voel – dit is met ses teen twee stemme terugverwys na die komitee om die regulasie op te stel!

Na hierdie taamlike stormagtige vergadering het die komitee op 1 Desember 1913 sy regulasies vir gemengde baaiery oftewel familiebaaiery voor die raad gelê. Streng regulasies het gegeld vir hierdie toegewing wat uiteindelik deur die raad gemaak is. Gemengde baaiery sou op Woensdag- en Saterdagaande van sewe tot tien plaasvind en geen persoon is toegelaat

wat nie van die teenoorgestelde geslag vergesel word nie. Enkel baaiers moes 'n halfuur voordat gemengde baaiery 'n aanvang sou neem die swembad verlaat. 'n Ieder en elk moes behoorlik van nek tot knie in 'n donker swemkledingstuk geklee wees "and all male bathers clad in a single garment costume shall wear bathing drawers underneath and known as the 'university costume'". Manlike en vroulike swemmers kon slegs die bad verlaat aan die kant van hulle onderskeidelike kleedhokkies en geen naaklopery is toegelaat nie.

Maar daar was nog 'n kinkel in die verhaal. Ofskoon gemengde baaiery in beginsel deur die raad goedgekeur en sedertdien gehandhaaf is, is die regulasies van 1907 wat dit verbied het blykbaar nooit amptelik in die munisipale wetboeke gewysig nie tot in 1955 toe die raad nuwe algemene swemregulasies uitgevaardig het. Ietwat tong-in-die-kies het die pers die inwoners geroskam omdat hulle dus vir etlike dekades die wet skaamteloos oortree het.




*Bloemfontein se eerste munisipale swembad, later bekend as die Arthur Nathan-swembad, wat in 1907 geopen het en aanvanklik oordek was.*

# Die ontstaan van die ANC in Bloemfontein

Deur die inisiatief van Pixley ka Izaka Seme en ondersteun deur leiers soos Sol Plaatje, Richard Msimang, Alfred Mangena, George Montsioa en Thomas Mapikela, het etlike honderde prominente persone uit die swart gemeenskappe van suidelike Afrika in Januarie 1912 op Bloemfontein toegesak. Die doel was om 'n swart nasionale politieke organisasie in die lewe te roep.

In die Wesleyaanse skoolsaaltjie vir swart kinders in Fortstraat, Waaihoek (die bekende township van daardie jare, geleë teenaan Bloemfontein), het die gebeure op 8 Januarie hom afgespeel. Hier het die African National Congress (ANC) – aanvanklik tot 1923 bekend as die South African Native National Congress (SANNC) – die lig gesien.

Die stigterslede van die organisasie was nie militant, arrogant of radikaal nie. Inteendeel, hulle was hoofsaaklik beroepsmense soos onderwysers, kerklikes, prokureurs, klerke en ambagsmanne. Heelwat van hulle was formeel in dagpakke, swaelstertpakke en pluiskeile geklee. Die afgevaardigdes het hulle self beskou as progressief, ywerig om gehoor te gee aan 'n nuwe orde en met 'n optimistiese vertroue dat alles sou lei tot 'n geleidelike oorgang na politieke- en menseregte vir almal

Op daardie warm dag in Januarie in die Wesleyaanse skoolsaaltjie was daar 'n opgewonde en entoesiastiese atmosfeer. Hulle het besef dat hier iets groot in wording is en dat hulle deelneem aan 'n konferensie van historiese belang.

Pixley ka Izaka Seme het die beleidsrede gelewer. In hulle geboorteland, so het hy gesê, word swart mense as houtkappers en waterdraers gesien. Wit mense het die Unie van Suid-Afrika gevorm in 1910, maar dit is 'n unie waarin swart mense geen stem in wetgewing en geen aandeel in die administrasie het nie, het hy voortgegaan. Almal is na die konferensie opgeroep om 'n nasionale groepering te vorm sodat hulle regte en voorregte beskerm kon word.

Op sy voorstel dat die Congress tot stand moes kom, het luide toejuiging die algemene gevoel oorgedra dat die afgevaardigdes dit eenparig aanvaar. Die belangrikste strewes sou wees om gelyke regte vir almal te predik, om die openbare mening ten gunste van swart belange te beïnvloed, om swart verteenwoordiging in enige regering te bewerkstellig en om allerweë so te handel dat die swart gemeenskap voordeel daaruit sou trek.

John Dube is tot eerste president van die nuwe organisasie gekies, Seme as tesourier, Plaatje as sekretaris-generaal en Thomas Mapikela van Bloemfontein as speaker.

Dit het 82 jaar geneem voordat die ANC in 1994 die regering van die dag in Suid-Afrika geword het. In 2012 kon die party die vreugdevure aansteek om sy eeufees in die stad van sy geboorte te vier. Sy stigtingsplek, die genoemde kerkskoolsaaltjie, staan nog steeds bykans ongeskonde en is pragtig gerestoureer.



*Die Wesleyaanse kerkskooltjie, Waaihoek, waar die ANC in 1912 in Bloemfontein gestig is.*



*Thomas Mapikela*




*Die restourasie van die voormalige Wesleyaanse kerkskooltjie in Fortstraat waar die ANC in 1912 gestig is, nader in 2014 voltooiing.*



*John Dube, eerste ANC-president*

# Die Bethlehem-tussenverkiesing van 1914: Perde uit dieselfde stal stamp koppe

Perde uit dieselfde stal het in Desember 2012 tydens die ANC-kongres in Bloemfontein koppe gestamp oor wie met die louere as leier van die party sou wegstap. In die kryt se een hoek was die bestaande leier, staatspresident Jacob Zuma. In die ander hoek adjunkpresident Kgalema Motlanthe, wat immers al as president gedien het toe Zuma tydelik uit die prentjie was. Die onderskeie ondersteuners van die twee kampe onder dieselfde politieke dak was daarop uit om derms uit te ryg sodat hulle kandidaat kon wen. Zuma het met die louere weggestap.

Meer as 100 jaar gelede tydens die veelbesproke en omstrede Bethlehem-tussenverkiesing in Februarie 1914 het 'n nogal soortgelyke politieke tendens in die kleine afgespeel.

Die afsterwe in November 1913 van Abraham Fischer in die tuig as lid van die Suid-Afrikaanse Party (SAP) en minister in die Botha-kabinet, het die vakante setel in die Volksraad laat ontstaan.

Hier was nou die interessante geval dat die grootste gros kiesers van die party en by name die distriksbestuur, hoewel gereed om te dros, sterk agter die een kandidaat gestaan het. Dít, terwyl die party se hoofbestuur 'n ander kandidaat ondersteun het en hom teen die meerderheid se wil afgedwing het.

Na Uniewording in 1910 was die eenheid in Afrikanergeledere soos vergestalt in die regerende SAP van korte duur. Die Bethlehem-tussenverkiesing was een van die eerste tussenverkiesings na die breuk oor beleidsvertolkings tussen eerste minister Louis Botha en sy minister van justisie, J.B.M. Hertzog.

Toe Hertzog, die gewilde Vrystaatse leier, uit die Botha-kabinet gegooi is, het dit ontevredenheid onder die meerderheid Vrystaters veroorsaak.

Die tussenverkiesing het groot opslae gemaak en omvangryke polemiek in die media uitgelok omdat 'n Botha- en 'n Hertzog-kandidaat onder die vaandel van die SAP die setel betwis het. Die onverkwiklike omstandighede sou die skeuring in Afrikanergeledere beklemtoon.

Die Hertzog-faksie in die SAP het verreweg die meerderheid in die Bethlehem-kiesafdeling gevorm, maar het reeds op nuwe partystigting afgestuur. Hulle het sonder skroom onder die dekmantel van en deur die organisasienetwerk van die SAP hul kandidaat, die 39-jarige Jan Hendricus Brand Wessels (vernoem na die gewese Vrystaatse president), as die partynominasie in die verkiesing deurgedruk. Hy was 'n invloedryke prokureur van die dorp, jare lange stadsraadslid, burgemeester en voorsitter van die SAP-distrikskomitee.

Om sy geloofwaardigheid te behou, het die Botha-regering weinig van 'n keuse gehad as om deur middel van die SAP-hoofbestuur dié nominasie te verwerp. Hulle kon tog nie 'n adder aan hulle boesem druk en hulle sodoende in die voet skiet nie, want J.H.B. Wessels was duidelik antagonisties teenoor die regering. Geen party wat sy sout werd is, kan tog toelaat dat 'n kandidaat onder sy naam deelneem, wetende dat dié gal braak teenoor die einste party wat hy veronderstel is om te verteenwoordig nie.


Maar waar sou hulle 'n kandidaat kry wat die gewilde prokureur ten minste sou kon troef? Die bekende en welgestelde Vrystaatse boer en politikus, die 62-jarige Cornelis Hermanus Wessels (later sir Cornelis tydens sy administrateurskap van die Vrystaat), is opgediep uit die politieke anale van die Vrystaat. As een van die ou landsvaders uit die republikeinse tyd en wie se rakleeftyd na Uniewording vir eers uitgeloop het, is hy afgestof vir die stryd.

In die Vrystaat waar Hertzogisme hoogty gevier het, was Cornelis Wessels een van weinig SAP-lede aan Botha-kant wat nog ietwat gesag gedra het weens sy diens aan land en volk in vroeër tye, veral die republikeinse tydperk. So was hy jare lank Vrystaatse Volksraadslid, voorsitter daarvan, lid van die Boeredeputasie na die buiteland tydens die Anglo-Boereoorlog om ingryping te probeer bewerkstellig en na die oorlog lid van die Fischer-kabinet in die Oranjerivierkolonie. Hy was geen naby-familie van sy opponent nie.

As eerste minister het Botha probeer rang trek – daar sal geen partynominasie wees nie, net 'n regeringsnominasie, in dié geval Cornelis Wessels. Die opponerende groep het hulle weinig hieraan gesteur.

Beide faksies het hulle op die SAP-konstitusie beroep om hulle saak te versterk en dit so vertolk dat dit hul eie agenda pas om die regmatige kandidaat aan te wys. J.H.B. Wessels en sy volgelinge het gesê daarvolgens geld die partynominasie en die hoofbestuur is daarna net 'n rubberstempel, terwyl die Botha-ondersteuners gesê het dat die hoofbestuur die finale besluit het.

Die Bloemfonteinse Engelse dagblad van destyds, *The Friend*, het die hele debakel treffend opgesom: "It is hardly possible for anything to be more Gilbertian."



*Abraham Fischer saam met sy kleinseun Bram. (foto VPAB)*

Die Hertzogiete was waarskynlik bewus van hul onregverdige aanspraak om op die rug van die SAP vir eie gewin ’n setel in te palm – onthou, dit was in daardie stadium so te sê ’n voldonge feit dat hulle gaan vertrek om ’n nuwe party te stig – maar is daar al ooit gesê politiek is nie ’n vuil en meermale onderduimse spel nie.

Nieteenstaande Cornelis Wessels en sy ondersteuners se optimisme dat hy weens sy vername politieke verlede ’n redelike kans gehad het om te wen en ’n misleidende koerantopskrif soos “Neck-and-neck contest” het hy behoorlik die onderspit gedelf: 386 teenoor 972 stemme.



*J.H.B Wessels en sy vrou*



*Oom C.H. Wessels*

Die Hertzogiete het hulle verkneukel in die wegholoorwinning, want 'n geoefende en vooraanstaande politikus soos oom C.H. Wessels moes die knie voor hul jeugdige en betreklik onervare kandidaat buig.

'n Paar maande later, op 1 Julie 1914, het genl. Hertzog die amptelike stigting van die Nasionale Party geloods met die aangename wete dat hy reeds 'n lid in die parlementkussings het.



*Die Vrystaters Abraham Fischer (regs voor) en generaal J.B.M. Hertzog (links agter) was deel van die eerste kabinet na Uniewording in 1910. Voor in die middel is die eerste minister, generaal Louis Botha. (foto Zuid-Afrikaansche geschiedenis in beeld, 1913)*

# ’n Ambulanskorps vir die Vrystaatse rebelle

Die Eerste Wêreldoorlog het in 1914 uitgebreek. Soos reeds verduidelik, was die Rebellie hoofsaaklik ’n vorm van gewapende protes teen die Botha-regering se voorgenome Suidwes-Afrika-veldtog op versoek van Brittanje en as uiting van verlange by baie Afrikaners om die vryheid van die Boererepublieke te herwin.

Die Botha-regering het krygswet afgekondig. Die Rebellie is deur die owerheid neergeslaan met ’n meedoënloosheid wat geen sprake van versoening toegelaat het nie en was vroeg in 1915 iets van die verlede.

M.T. Steyn, laaste staatspresident van die republiek Oranje-Vrystaat, het vergeefs getrag om versoening te bewerkstellig. Sy seun Colin, asook Charlie Fichardt, voormalige burgemeester van Bloemfontein en politikus, het hy as sy persoonlike afgevaardigdes na die rebelleleier, generaal C.R. de Wet, gestuur. Maar die ou Boeregeneraal het op vervloë glorie geteer en was ook nie in ’n bui vir versoening nie omdat hy pas van die dood van sy seun verneem het. Derhalwe het die missie nie die gewenste vrugte afgewerp nie.

Beide Ella en Percy Fischer van Bloemfontein het simpatiek teenoor die rebelle gestaan. Hulle het sonder skroom die voortou in die noodlenigingswerk onder die rebelle geneem. Advokaat Percy Fischer, seun van die bekende Vrystaatse politikus Abraham Fischer (van 1907 tot 1910 premier van die Oranjerivierkolonie), sou later tot regter-president van die Vrystaat vorder. Sy vrou, Ella, was een van die stad se bekendste gemeenskapsleiers en stam uit die bekende Fichardt-familie (sien bladsy 110).

Aangesien die regeringsambulansdiens tydens die Rebellie hoofsaaklik na hul eie mense omgesien het, is Ella daartoe aangespoor om in die plaaslike pers ’n beroep op die samelewing te doen om lewensmiddele en medisyne te voorsien sodat ’n ambulanskorps vir die rebellemagte op die been gebring kon word. In ’n herinneringskrif oor die Rebellie vertel Ella van ’n ou vrou wat kort na die oproep met ’n muskietnet onder die arm dwarsdeur die dorp geloop het om dit by die Fischer-woning af te gee. Ella was die middelpunt van die fonds en daar is na haar as die presidente daarvan verwys.

Dit was die meer gevestigde lede van die gemeenskap soos Ella en Percy, asook haar broer Everard, wat dit kon waag om openlik hulle simpatie met die rebelle te toon. So heftig was emosies in Bloemfontein tydens die oorlog dat die meeste simpatiseerders slegs in die geheim tot die

noodlenigingskema van die Fischers durf bydra het. En daar ís mildelik bygedra. In die donker is oor heinings en deur agterplase gesluip om bydraes te maak. Onderwysers het van hulle karige spaargeldjies afgeknyp en deurgegee. Vrywilligers, onder wie studente, het merendeels ook snags kom help om alles te orden. Vrouens het hulle gewig ingegooi om hospitaalhemde te maak, spalke op te stop, verbande te sny, op te rol en rooikruisvlae en -armbande te maak.

President Steyn het 'n poging aangewend om hierdie ambulanskorps vir die rebelle amptelik deur die regering erken te kry. Eers toe die Rebellie feitlik onderdruk was – daar was diegene wat die regering van 'n verskuilde agenda verdink het – het die regering daartoe ingestem. Toestemming is verleen dat die distrikte Bloemfontein, Winburg, Bethlehem, Lindley, Senekal en Ficksburg deur so 'n korps bedien kon word.



*Ella Fischer*

Op die oggend van 8 Desember 1914 was die rebelle-ambulans gereed om te vertrek. Volgens Ella het "die eindresultaat maar baie skraal gelyk" alhoewel daar baie voorbereidende werk gedoen is. 'n Klein oop trollie (volgens Ella) oftewel bokkiekar wat op 'n plaas gebruik is, is in 'n ambulanswa met 'n tent omskep en is deur twee perde getrek. 'n Kapkar was deel van die proses. Onder die vrywilligers wat sou diens doen, was benewens Percy Fischer, die prokureur Gordon Fraser van Bloemfontein, ene dokter Loubser van Bethlehem, dokter Gerard Marais van Ficksburg en 'n student van die Grey-universiteitskollege, ene N.D. Serfontein. Die keuse van die ambulansspan was eintlik tot mans met onafhanklike status beperk, maar die student het



*Die rebelle-ambulanskorps gereed om op 8 Desember 1914 uit Bloemfontein te vertrek. (foto VPAB)*

uitgesnuffel wanneer die groep sou vertrek en betyds met perd, saal en toom opgedaag, vasbeslote om saam te gaan. 'n Swart man in diens van die Fischers, Johannes, wat vrywillig die ekspedisie vergesel het, het ietwat van berusting by die vroue van die vertrekkendes gebring, want bekommernis of die professionele manne in hulle onkunde die kamplewe sou kon baasraak, het vlak gelê.


Percy se seuns het later die storie wat van hulle pa se rol in die Rebellie oorvertel is, altyd ietwat amusant gevind. Blykbaar het Percy, wat gedurende die Anglo-Boereoorlog in die buiteland studeer het en dus nie dié drama in die Afrikanergeskiedenis beleef het nie en skuldgevoelens daaroor ondervind het, gevoel sy oomblik was nou hier om daarvoor te vergoed.

Maar helaas, die rebelle-ambulanskorps het egter nie tot sy reg gekom nie behalwe as aanduiding dat die rebelle politieke oortreders was en nie kriminele oortreders nie. Die ambulans het probeer om in aanraking te kom met die een rebellekommando, dan weer met 'n ander net om uit te vind dat hulle reeds na ander posisies versit het om die oprukkende regeringsmagte te ontduik. Onthou, vervoer per perdekar was tergend stadig, soos Ella sou opmerk.

Die ambulanswa het glo net so ver as Senekal gevorder, so is goedig gespot, voordat dit in 'n sloot vasgeval het ... en teen daardie tyd was die Rebellie oor. Met gemengde gevoelens het die lede van die ambulanskorps weer op hulle spore teruggedraai sonder dat hulle hul doel bereik het waarvoor so hard gewerk is.

Die toerusting, komberse en medisyne sou toe vir die gewonde en siek rebelle in die hospitaal in Bloemfontein aangewend word.

Generaal De Wet en die ander rebelle is gevange geneem, verhoor en veroordeel en sou later traag en teësinnig begenadig word.



*Percy Fischer*



*Generaal C.R. de Wet*

# Meneer Duff weier om stoel in stadsraad te ontruim in 1915

Vandag is menige inwoners van stede en dorpe deeglik bewus van talle dramas wat in hul stadsrade en munisipaliteite afspeel. Maar in die verre verlede met slegs wit heersers in die stoel het stadsrade ook sy kwota opskuddings en struwelinge opgelewer wat die opmerking 'die geskiedenis herhaal homself' van pas maak.

Bloemfontein nie minder so nie. Toe raadslid John Duff op 18 Januarie 1915 tydens 'n stadsraadsvergadering weier om sy stoel te ontruim nadat burgemeester P.J. van Breda Faure hom daarop gewys het dat hy onwettig teenwoordig is, was dit die begin van groot probleme vir die Bloemfonteinse stadsraad.

Duff, lid van die destydse Arbeidersparty en van die Vrystaatse Provinsiale Raad, is in Maart 1914 tot stadsraadslid verkies. In Januarie 1915 is 'n nuwe munisipale kieserslys opgestel. Duff se naam het nie weer daarop voorgekom nie, want hy het hom intussen op die Shannon-hoewes gevestig.

Tydens genoemde vergadering het 'n oorhaastige burgemeester Faure, sonder om regsmening in te win, op grond van 'n gewysigde ordonnansie vir Duff, wat die vergadering ongenooid bygewoon het, meegedeel dat hy geen sittingsreg het nie.

Duff is onder 'n ordonnansie verkies wat slegs lees dat enigeen wat kwalifiseer om op die kieserslys te verskyn as raadslid verkiesbaar is, maar die nuwe ordonnansie het toe verder bepaal dat indien jou naam van die lys verwyder word jou dae as lid ook daarmee heen is.

Duff het die saak nie gelate aanvaar soos A.J. Campbell wat in dieselfde bootjie was nie. Hy sou hardnekkig volhou dat die raad geen wetlike bevoegdheid gehad het om hom sy pos te ontneem nie. Hy het hom beroep op die oorspronklike ordonnansie waaronder hy verkies is. Die gewysigde ordonnansie is nie terugwerkend nie en het dus geen betrekking op hom nie, was sy verweer om sy termyn, wat in 1916 sou verstryk, uit te dien.

Vol bravade het hy die raad meegedeel dat hy deur 700 kiesers daar geplaas is en 700 kiesers sal dit kos om hom daar uit te kry.

Al die dreigemente, selfs van skorsing en mooipraat deur Faure en die ander raadslede het hom geensins beïndruk nie. Hy sit waar hy sit. Ten einde laaste het 'n magtelose Faure hom so ver gekry om die gesprek in sy kamers te gaan voortsit.

Inderhaas het die stadsklerk gereël dat Duff se bank en stoel, asook ander leë sitplekke, uit die vergadersaal verwyder word in 'n poging om hom te verdryf. Waarskynlik bietjie kinderagtig, maar nogtans. Vol afwagting en ietwat geamuseerd het die lede op Duff se terugkeer gewag. Groot was hulle teleurstelling toe die burgemeester alleen instap. Dit blyk dat sy oorredingsvermoë buite die vergadersaal meer trefkrag gehad het en dat Duff vertrek het.

Nietemin het Duff 'n skrywe aan die raad gerig waarin hy hom die reg toeëien om sy pos te behou totdat sy opvolger met 'n volgende verkiesing aangewys word. In die pers is daar druk bespiegel of die gewysigde ordonnansie diegene kon raak wat verkies is voordat dit in werking getree het. Regskundiges het hulle óf by Faure óf by Duff geskaar.

Ofskoon daar geen eenstemmigheid oor die kwessie in die raad was nie, was Faure voorbarig genoeg om op regsadvies die vakante posisies van Duff en Campbell in die amptelike koerant bekend te maak. Hierdeur het die stadsraad inderdaad standpunt ingeneem, maar homself ook in 'n hoek gedryf. Sou die twee verontregte raadslede voortgaan om vergaderings by te woon, moes die raad hulle skors om sy besluit gestand te doen. En dít voordat 'n hof moontlik oor die regverdigheid van die aangeleentheid kon besluit.

Wat die stadsraad gevrees het, het gebeur.

Tydens die stadsraadsvergadering op 1 Februarie 1915 het Duff en Campbell sowaar hulle verskyning gemaak, vasbeslote om hul termyn uit te dien. Die vergadering is onmiddellik ontbind om konfrontasie tussen die rolspelers te verhoed.

Die saak is hooggeregshof toe.

Dit was duidelik dat slegs 'n hofbeslissing alle twyfel uit die weg sou ruim en 'n bevredigende oplossing sou bied. Die Bloemfonteinse tak van die Arbeidersparty het onmiddellik die "John Duff Defence Fund" ter bestryding van sy regskoste geskep. Duff het in die openbaar uitgevaar teen die Belastingbetalersvereniging (nege van die 12 raadslede het daaraan behoort) dat hulle saamgespan het om van hom ontslae te raak.

Die hofsaak het reeds op 4 Februarie 1915 voorgekom. Dit was ongetwyfeld 'n gewigtige saak, want die bekende advokaat J.B.M. Hertzog (leier van die Nasionale Party en later eerste minister van Suid-Afrika) het die stadsraad en advokaat C.L. Botha, in 'n stadium



*John Duff*

burgemeester van Bloemfontein, die Duff-kamp bedien. Hoofregter sir Andries Maasdorp het dieselfde dag ten gunste van Duff uitspraak gelewer en verklaar dat "Mnr. Duff se stoel nie vakant is nie".

Op 8 Februarie 1915 is Duff en Campbell ewe vroom deur die burgemeester in die raad terugverwelkom. Vol strydlus wou Duff weet of die vergaderings waar hulle nie teenwoordig was nie, as wettig beskou kon word ...

Hoewel Duff en Campbell by die hofuitspraak baat gevind het, moes hulle skerp kritiek van die pers en die publiek verduur. Op 'n regstegniese punt het hulle as oorwinnaars uit die stryd getree, is gesê, maar dit bly 'n groot onreëlmatigheid dat hulle as nie-munisipale kiesers kon voortgaan om as raadslede te dien – die eerbare stap sou tog gewees het om afstand van hulle posisie te doen!



*Hoofregter sir Andries Maasdorp wat die Duff-saak hanteer het.*

# Teepartytjie in Waaihoek-township: £1 boete of 14 dae hardepad

Oudergewoonte het *The Friend* op 12 Julie 1918 sy lesers van Bloemfontein en die Vrystaat onder "Day by Day" kortliks ingelig oor nog 'n alledaagse uitspraak van die hof, min wetend dat dit 'n rumoer onder die swart en wit gemeenskap sou veroorsaak.

"At the Magistrate's Court, Bloemfontein, yesterday," so het die berig gelui, "Mr. C.W.F. Atkinson, Additional Magistrate, sentenced a native to a fine of £1 or 14 days' imprisonment with hard labor for holding a tea party in the Waaihoek location [Bloemfontein se historiese swart woonbuurt teenaan die stad] after the time allowed him by permission previously obtained by the police."

Om moontlike rusverstoring en geweldpleging te voorkom, het streng, selfs drakoniese, munisipale regulasies in daardie jare gegeld vir die sogenaamde bierpartytjies wat dikwels in die swart woonbuurte plaasgevind het. Blykbaar om die ordelikheid van hierdie townships verder te verseker, was sekere beperkende regulasies van toepassing op onskuldige byeenkomste soos 'n teepartytjie. Want, so is daar deur die owerheid en die blanke pers geoordeel, die uitbundige, prikkelbare geaardheid van die swart mense kan maklik hierdie funksies ook in 'n oproerigheid omskakel.

Dit is nie soseer die beperkende maatreëls en regulasies as sodanig wat die swart gemeenskap aanstoot gegee het nie. Nee, dit is die soms buitensporige, onbeskofte en onoordeelkundige wyse waarop wit én swart polisie die talle regulasies wat die swart samelewing geraak het, afgedwing het. Om nie te praat van die soms oordrewe strafoplegging deur die howe vir geringe oortredings.

In die betrokke geval het die beskuldigde blykbaar sy wettige toegestane tyd met 'n driekwart uur oorskry nadat die polisie hom reeds gewaarsku het dat hy moes aanstoot met die afsien van die gaste.

"His indiscretion cost him a sovereign," het die pers lakonies opgemerk.

Deken Frank Hulme van die Anglikaanse kerk in die stad was hewig ontsteld oor die gebeure. Hy het sy misnoeë daaroor in geen onduidelike taal terstond in 'n brief aan *The Friend* uiteengesit. Benewens dat hy die vonnis as onnodig en uiters kras beskou en die regstelsel as diskriminerend teen swart mense afgemaak het, het hy dit as absurd beskou dat iemand wat in sy eie huis, in sy eie woonbuurt en met toestemming 'n teefunksie hou, sonder meer in hegtenis geneem word toe hy sy toegestane tyd ietwat oorskry het.

Is dit geregverdig, het die deken aan die lesers gevra, dat hierdie man dwangarbeid tussen geharde kriminele in die gesig moes staar indien die boete nie vereffen kon word nie – 'n boete wat waarskynlik die helfte van sy maandelikse inkomste beslaan?

In sy redaksionele kommentaar het *The Friend* in 'n mate onpartydig in die kwessie gestaan deur simpatie met die onderhawige geval te toon. Nietemin het die koerant daarop gewys dat dit onregverdig is om die regstelsel te blameer as vonnisse opgelê word vir die openlike oortreding van regulasies. As nagedagte is bygevoeg dat die beskuldigde geweet het waarvoor hy hom inlaat en dat hy blykbaar nie so begaan was oor die moontlikheid van 'n hoë boete-oplegging soos wat die deken sou openbaar nie.

Die Hulme-brief het skerp reaksie van die swart en wit samelewing in die Vrystaat uitgelok. Vir sowat 'n maand na die verskyning van sy brief het etlike korrespondente van hulle laat hoor. "This notorious tea party has brought about quite a lively controversy," het een tereg opgemerk.

Aanvanklik het die koerant die briewewisseling en kommentaar onder die opskrif *A Waaihoek Tea Party* geplaas. Soos dit in intensiteit toegeneem het, is die "*a*" met "*the*" vervang.

Insiggewend genoeg het die betrokke teeparty-debakel en die regverdigheid al dan nie van die vonnis – dit waaroor dit in die eerste plek gegaan het – na die agtergrond geskuif. Dit het trouens slegs as afspringplek gedien vir 'n polemiek in die pers wat oor 'n heelwat dieperliggende kwessie gehandel het, te wete die ingewikkelde rasseverhoudinge in die land in die algemeen. Daarbenewens is irrelevante sake lukraak bygesleep.

Ons het nou twee kampe van ekstremiste in skerp antagonisme met mekaar, het *The Friend* noodgedwonge verklaar. In die een hoek is daar diegene uit wit geledere wat Hulme en ander kerklikes daarvan beskuldig dat hulle met hul filantropiese gekwetter die swart bevolking teen wettige gesag opsweep. As arbeider moes die swart man sy plek ken. Hierdie siening was natuurlik nie vreemd vir daardie tyd nie, want die ordening van die samelewing was steeds op wit heerskappy geskoei.

Hulme is ook daarvan beskuldig dat hy eenogig na die teedrink-debakel kyk; daar is



*Deken Frank Hulme*

gevra of hy daarvan bewus was dat mans en vrouens tronkstraf opgelê word net omdat hulle 'n skamele bottel brandewyn aan 'n swart man verkoop – en of dít nou so 'n vreeslike strafbare oortreding is, is gevra. Die hele onaangenaamheid het hulle voor die deur van die deken gelê. As hy nie die wiel aan die rol gesit het nie, so is geredeneer, sou geen swarte die saak aangeroer het nie, want hulle het immers besef die wet is oortree.

Daarteenoor het swart korrespondente vanselfsprekend die deken geprys vir sy optrede. Hulle het die wit man daarvan beskuldig dat hy vir niks deug nie behalwe om swart mense met die sambok te administreer. Verder is die magistrate beskuldig van onkonsekwente optrede wanneer swartes ter sprake is.

Veral uit Anglikaanse kerkkringe – selfs 'n sendeling in Basoetoland (Lesotho) het die pen opgetel, asook uit sommige wit geledere het Hulme ondersteuning vir sy standpunt gekry. Vir dié geestelikes was gelyke beregtiging vir almal onder die vaandel van die kerk belangrik. *The Friend* het juis ietwat dramaties die Waaihoek-teeparty met die welbekende Boston Tea Party in 1773 vergelyk wat 'n voorloper van die Amerikaners se vryheidstryd was.

Ofskoon diegene in kerkgeledere hulle nie daaraan skuldig gemaak het nie, was dit opvallend hoe sommige korrespondente uit beide kampe hulle aan nydige en sarkastiese uitlatings oor die rassekwessie in die algemeen en die teedrink-voorval in die besonder skuldig gemaak het. So het die skuilnaam van 'n anti-Hulme-korrespondent, 'Everyone in his place' – wat op rasseskeiding gesinspeel het, die volgende bytende kommentaar van ene Arthur P. Pitso van Kroonstad ontlok: "To begin with, the native in question was in his place – at Waaihoek location in his own house. He was not in town hankering after social equality with any white man. Can one be more in place than that?"

Hierdie stryd in die pers het sowat 'n maand geduur totdat *The Friend* dit gestaak het aangesien dit in 'n moddergooiery ontaard het en nie meer die aanvanklike saak waaroor dit handel, aanspreek nie.

# Bloemfontein beleef ’n vlieëweek in 1918

Op die Mieliestronk-webwerf staan dié gevatte opmerking oor ons bekende huisvlieg: “Hy’s ratser as ’n wildekat en soms veel lastiger as ’n kleuter … wanneer hy om jou ore kom neul of op jou neus kom sit die presiese oomblik as jy indut.”

Maar dit is nie om dié rede dat die vlieg ’n groot verpesting is nie. Vlieë is die draers van erge siektekieme soos maagkoors, tering en polio. ’n Wyfievlieg kan tot 900 eiers lê en kan in gunstige omstandighede binne sowat agt dae van eier tot ’n volwassene ontwikkel, gereed om tussen twee en drie miljoen bakterieë met hom saam te dra. En hulle is nie juis kieskeurige vreters nie. Voordat hulle op ’n suikerpot toesak, kon hul vorige maaltyd ontlasting gewees het!

Vandag is vlieë steeds ’n gereelde onwelkome gas in menige huishouding, veral in die hoogsomer. Maar streng munisipale regulasies, die moderne leefwyse, *Doom* en die tradisionele vlieëplak hou gewoonlik die laspos op sy plek.

Vroeër jare toe die lewe meer primitief was, die alledaagse vervoermiddel deur diere getrek is, hulle in jou erf gebly het en melkerye in die stad toegelaat is, het vlieë inwoners erg geteister. Die gewilde markplein met al sy voedselhantering en diere (dink beeste en perde … en mis) wat gewoonlik die middelpunt van stad en dorp was, het ruim daartoe bygedra dat die probleem ’n plaag geword het.

In 1918 het die Bloemfonteinse stadsraad en munisipaliteit sy voet dwars gesit. Daar is in Julie amptelik aangekondig dat van 5 tot 10 Augustus die stad ’n amptelike vlieëweek gaan beleef om die huisvlieg-vraagstuk daadwerklik aan te durf en ook onder die publiek se aandag te bring. Die hele stad is opgekommandeer om hieraan deel te neem. Daar is gewaarsku dat ’n ketting net so sterk as sy swakste skakel is en ’n paar onbetrokke inwoners kon dus die veldtog laat misluk. Daar is gevra dat diegene wat hulle laks hou in die veldtog, se name in die pers gepubliseer moes word.

Die feit dat so ’n veldtog in die middel van die winter aangekondig is, dui op die erns van die probleem. *The Friend* het juis die ou gesegde opgediep dat ’n dooie vlieg in die wintermaande verhoed dat miljoene oor die Kerstyd op huishoudings toesak.

Saam met die plaaslike owerheid was Jacobus Faure, die Vrystaatse landboudepartement se entomoloog, aan die voorfront in hierdie uitdelgingsveldtog van die mens se bekendste vyand. As

kundige is van hom verwag om die inwoners oor die doen en late, die gevare en die uitroeimetodes van die huisvlieg in te lig. Dit het hy gedoen deur onderskeidelik lesings daaroor aan onderwysers in die stadsraadskamer en aan inwoners in die stadsaal te lewer, terwyl die pers ook ingespan is om inligting oor te dra. Skole is aangemoedig om vlieë as tema vir opstelle te gebruik.

Die aanslag sou tweërlei geskied: Eerstens moes die broeiplek met mening getakel word, dit wil sê weg met mis- en vullishope. "In die dorp kan een man wat 'n perd aanhou genoeg vlieë teel om 'n hele buurt ruim daarvan te voorsien," het Faure gewaarsku. Hy is hierin ondersteun deur 'n inwoner wat in die pers opgemerk het dat die ou moedervlieg wat die winter in 'n knus hoekie in die kombuis oorleef nou gulsig begin rondkyk vir 'n lekker viesige broeiplekkie soos 'n mis- of vullishopie om haar eiers te lê. Die einddoel – om teen Kersfees miljoene telge in die veld te stoot wat haar seënwense aan jou Kerstafel kon oordra. Daar is aanbeveel dat al die mis in Bloemfontein saam met vullis gereeld verwyder moes word na die munisipale vullisvernietiger, blykbaar 'n proses waar aanstootlike vullis van enige soort onmiddellik deur vuur vernietig word. Maar dit alleen kon nie sukses waarborg nie.

Tweedens moes giftige lokaas uitgesit word in die vorm van Mally-vlieëgif. C.W. Mally, 'n Kaapse entomoloog, het met sy konkoksie van soda-arseniet, suiker en water reeds groot sukses bereik en veral boere het hiervan getuig. Daar is aanbeveel dat die mengsel elke drie of vier dae dun en lig op bloekomboom- of ander takke besprinkel word en opgehang word in stalle, stoepe en ander plekke waar vlieë voorkom. By die stadsaal is talle gedipte takke amptelik uitgedeel.



*Baumannplein was 'n bekende oop terrein in die sentrale deel van Bloemfontein wat vir baie jare as uitspanplek gebruik is wanneer boere produkte aan die stad gelewer het totdat 'n nuwe markgebou in 1925 hier opgerig is. Vanselfsprekend het osse die plek bevuil wat talle vlieë gelok het. Regs agter is die Grand-teater en langsaan die Grand-hotel.*

Daar is 'n ernstige beroep op diegene gedoen wat perde en koeie aanhou om aktief deel te neem, want hulle is immers die grootste vlieë-telers. Die munisipaliteit is ook versoek om gereeld genoemde vlieëgif te spuit in agterplase waar diere aangehou word en ander plekke waar mis voorkom, want om die verantwoordelikheid net op die publiek te laat, kon riskant wees. Origens is Bloemfontein aangepor om deur die aanbring van gaasdraad voor deure en vensters vlieë uit die huis te hou.

Bloemfontein het nogal skouer aan die wiel gesit om die plaaslike owerheid, onder aanvoering van stadsingenieur G. A. Stewart en stadsklerk J.P. Logan, in die veldtog te ondersteun. Nougeset het gesondheidsinspekteurs in die betrokke week huis-tot-huis inspeksie gedoen en hulle is hartlik deur huiseienaars ontvang.

Daar is voor en tydens die veldtog mildelik aan die pers geskryf in dier voege. "Let all strain every effort to make this campaign the success it ought to be, and so set an example to the rest of South Africa as to what can be done to minimize this great danger," het A.E. Fichardt, lid van die invloedryke Fichardt-familie en voorsitter van die Bloemfonteinse belastingbetalersvereniging, die gemeenskap tot die daad aangepor. 'Inquirer' het selfs so vêr gegaan as om teen die einde van die vlieëweek die geweldige belangstelling van die



*'n Bedrywige oggend by die markgebou op Baumannplein in Bloemfontein in die 1920's. Waens en rytuie was toe steeds 'n opvallend gesig in die stad gepaardgaande met die trekdiere daarvan wat vlieë gelok het.*

opgewonde publiek daarin te meet as net-net ondergeskik aan hul reaksie op operasies aan die Wesfront tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918).

Sommige inwoners het openlik hul vingers na die melkerye in die stad as die groot bron van kwaad gewys. Dit is tog vanselfsprekend, is gesê, dat as diere toegelaat word om in groot getalle in woongebiede voor te kom, al is dit onder gunstige omstandighede, vlieë en masse gelok sou word. Voor die probleem nie aangespreek en lisensies geweier word nie, sou dit moeilik wees om die vraagstuk onder beheer te bring, is bygevoeg. Tot hier toe en nie vêrder nie, het 'Sanitas' in *The Friend* gebrom. Daar is voorgestel dat daar met die melkerye in die stad weggedoen moes word, dit sou die vlieëplaag uitgewis het. Hoewel die siening gewig gedra het, was so iets vanselfsprekend nie toe haalbaar nie.

Bloemfontein se weekblaadjie, *The People's Weekly,* was so meegevoer deur alles dat 'n limeriekwedstryd, met die vlieg as middelpunt, geloods is en kontantpryse was op die spel. As voorbeeld is die volgende verskaf:

*There was an old fly in our home*
*WHO in search of a rest had to roam*
    *She flew far and wide*
    *But nowhere could hide*
*So got swatted inside a big Tomé.*

Na die betrokke week het die plaaslike owerheid met genoegdoening aangekondig dat die veldtog suksesvol verloop het en 'n ieder en elk is bedank vir hulle ywerige bydrae. Daar is verklaar dat die stad 'n deeglike skoonmaakproses ondergaan het en dat die belangstelling en ondersteuning van die publiek hoogs waardeer word.

Die vlieëplaag wat Bloemfontein geteister het, was egter die minste van die stad se probleme in daardie jaar. In September 1918 het die Groot Griep-epidemie met gepaardgaande sterftes Suid-Afrika getref en Bloemfontein het nie ongeskonde daarvan ontkom nie.

# 46c of basta! Loonagitasie van 1919

Suid-Afrika word nogal dikwels fisies en geestelik geruk deur loonagitasies uit veral die geledere van mynarbeiders en plaaswerkers. Aksies wat meermale dood en verwoesting tot gevolg het.

Die einddoel van die opstandelinge? Meer geld vir werk deur hulle gelewer. Die redenasie? Kyk hoe baai almal in die vettigheid van die land en net ons, wat immers 'n groot ekonomiese mag is wat die landswiele aan die rol hou, trek aan die kortste ent.

Agter alles sit waarskynlik ook sinister politiekgedrewe agendas.

Mynwerkers wat onder R5 000 'n maand kry, gryp gulsig na R12 000, selfs R18 000, of basta, ons ruk alles tot stilstand. Plaaswerkers gil dit uit vir R150 'n dag, die minimumloon van R105 is 'n skande!

Maar hoe het 'n opstand oor lone bietjie minder as 100 jaar gelede daar uitgesien, veral as dit teruggetrek word na 'n stad soos Bloemfontein wat toe nog grootliks 'n plattelandse atmosfeer geadem het en as 'n vredige plek gesien is?

Daar is die tipiese raaklyne wat so opvallend by sulke opstand is: Die leier tree na vore wat die massa hieroor opsweep. Hy *demand* dan vir die verontregtes gewoonlik 'n bedrag wat die geteikende werkgewers na hul asem laat snak. Daar word ook lukraak gedreig met stakings. Dan volg vrugtelose onderhandelinge tussen die rolspelers.

Die gemor van die ontevredenes begin dan al hoe harder opklink wat uitloop op 'n opstand gewoonlik bewerkstellig deur die leier. Intussen is daar diegene uit die betoog-geledere wat erken dat die bedrag wat geëis word belaglik is en dat daar meer realisties onderhandel moet word. Dit loop gewoonlik op 'n gekef en gebyt onder die opstandelinge uit. Die klimaks is wanneer veral die leier gearresteer word en sodoende martelaarstatus kry, terwyl woede en verbittering oor dié situasie onder die verontregtes broei. Uiteindelik word 'n skikking bereik.

Hoe meet die Bloemfonteinse loonagitasie van 1919 aan bogenoemde scenario? Die patroon blyk ooreenstemmend te wees – 'n tydspan van dekades het nie 'n wesenlike invloed op die *modus operandi* nie. Om die geldstelsel van destyds min of meer begryplik te maak, word dit gemeet aan die instel van die desimale stelsel in Suid-Afrika in 1961 toe een pennie (1d.) gelyk was aan 1c en een sjieling (1s.) aan 10c. Maar onthou net, toe kon jy nogal 'n paar dinge koop met daardie sjieling en pennie.

Henry Selby Msimang (1886-1982) het in 1919, nadat hy hom enkele jare tevore in Bloemfontein gevestig het, sterk na vore getree as die leier van 'n verwoede loonagitasie in die stad. Hy was 'n stigterslid van die ANC in 1912 en nadat hy Bloemfontein in 1922 verlaat het, het hy nog vir baie jare 'n belangrike rol in die openbare lewe gespeel om swart belange te bevorder.

Die betreklike jong Msimang het in Bloemfontein as vuurvreter die openbare toneel in swart geledere so oorheers dat hy die ou en gevestigde swart leiers meermale in die skadu gestel het.

Die minimum daaglikse werkersloon van 2s. (20c) per dag het hy neergeskiet as totaal ontoereikend om darem net-net te oorleef. 46c oftewel 4s. 6d., dít is wat nodig was per dag om jou basiese soos hout, mieliemeel (slegs vir die oggend), kole, tee, koffie, suiker, melk, brood, vleis, kerse en seep aan te skaf.

Teen einde Februarie 1919 het hy reeds etlike massavergaderings in Bloemfontein in taamlik opruiende taal toegespreek met die kern daarvan hoër lone of stakings kon die voorland van die stad wees. Msimang het flink sinsnedes soos 'wees gereed vir enigiets', 'wees bereid om saam uit die bitter beker te drink' en 'wees voorbereid om die donker dag op ons kalender tegemoet te gaan' gebruik. Hy sê almal aan om ook geen vrees vir vuurwapens te hê nie.

By geleentheid het hy die skare se bloed so opgekook met 'n vurige toespraak dat iemand geskreeu het: "We'll declare war!" Hy slaag ook daarin om swart werkers en huisbediendes so te bearbei dat hulle almal op dieselfde gegewe tyd by hul werkgewers op hoër lone aandring.

Dít alles het wit Bloemfontein al hoe meer vreesbevange gemaak dat geweldpleging voor hul deur staan.

Die loonagtasie van Msimang het genoegsame rimpelings gemaak dat die owerheid, besigheidsektor en ander werkgewers van ongeskoolde arbeiders 'n komitee aangewys het om die lone-kwessie te ondersoek. Die beste waarmee hulle vorendag kon kom, was aanvangslone van 2s. 3d. wat na ses maande met 3d. aangepas kon word en na 18 maande op 2s. 9d. kon staan.

Joseph Twayi, nog 'n gerekende swart leier van die stad en lid van die amptelike adviserende naturelleraad wat names die swart gemeenskap die plaaslike owerheid bedien het, het groot onmin in swart geledere veroorsaak toe hy gedienstig 'n loon van 2s. 6d. as billik beskou. Volgens hom was elke swart werker nie 4s. 6d. werd nie, maar 'n minimum loon van 2s. 3d. was billik vir almal.

Msimang het die werkgewers se voorstelle minagtend van die tafel gevee. Deur sterk leierskap en fyn oorredingsvermoë het hy die massa in 'n verenigde front saamgesnoer om sy oorspronklike voorstel te handhaaf.

Op 26 Februarie 1919 is werkgewers derhalwe gedwing om 25 swart afgevaardigdes te ontmoet om die kwessie te bespreek. As hoofwoordvoerder is Msimang deur die wit verteenwoordigers getakel dat hy geweld aanstook deur uitlatings te maak soos 'iets kan gebeur' as nie toegegee word aan die eise nie. Dit voel vir hulle dat hul met 'n pistool teen die kop die saak moes beredeneer, het van die wit verteenwoordigers gebrom. Msimang het die vrese van geweld besweer deur diplomaties daarop te wys dat sy uitsprake maar net

beteken dat daar 'n tekort aan werkers sou wees as die loononderhandelinge faal.

Terug by die tekenbord is besluit om die swart werkers tegemoet te kom met 2s. 6d. minimumloon wat na 12 maande bevredigende diens na 2s. 9d. kon opskiet. Msimang is ook oor sy onversetlike betoog gekruisig, want, het sommige werkgewers geoordeel, deur die afgelope wêreldoorlog heen kon die werkers op hul lone oorleef totdat die agitator Msimang onder hulle ingespring het en hul tot ander insigte aangevuur het.

Die owerheid het nou ook sy tande gewys. Vrydagoggend, 28 Februarie, is Msimang gearresteer op aanklagte dat hy openbare geweld aanspoor. Blykbaar het 'n wit vriend hom gewaarsku wat gaan kom, maar hy het besluit om sy man te staan. Martelaarstatus is onmiddellik aan hom toegedig en sy aansien onder sy mense het sterk gestyg. Sy ondersteuners het die hofgebou volgepak en buite luidrugtig saamgedrom. Borg is nie aan hom toegestaan nie omdat die staatsaanklaer geglo het hy is 'n wesenlike gevaar vir die samelewing.

Dit wat die blankes gevrees het, het toe juis uitgebreek ná Msimang se arrestasie. Die swart werkers het geglo hy is aangekeer omdat hy hul lone wou verbeter. Ontstelde volgelinge was vasbeslote om hom uit polisieaanhouding te bevry.

'n Luidrugtige groep van tussen 400 en 500, sommige stormdronk, het na die polisiekantoor en gevangenis opgeruk om onsuksesvol op sy vrylating aan te dring. Ontstoke hieroor, is met die terugkeer na hul woonbuurte die burgemeester se kar en huise van die adviserende naturellekomitee-lede, waaronder Twayi, met klippe bestook. Vensters en verandas het in die slag gebly. Een van die aanvoerders het hom uitdagend op die dak van Twayi se huis begewe van waar hy sy ondersteuners toegespreek het.

Die polisie wat wou ingryp, is uitgejou en verwoed met klippe gegooi. Slegs nadat skote oor die oproermakers se koppe geskiet is, het die uitbarsting van geweld, die ergste wat die stad in jare beleef hef het, afgeneem. Polisiemanne is beseer en van die belhamels is gearresteer.

Tydens die voorlopige verhoor die Maandag is die enorme borg-bedrag van £500 (R1 000) deur die landdros toegestaan. Hy het ook die horde swartes wat die saak bygewoon het daarop attent gemaak dat Msimang aangekeer is vir sy aansporing tot geweld en nie vir sy pleit om hoër lone nie.

Die landdros, bygestaan deur burgemeester D.A. Thomson, het enkele dae later vanaf 'n trollie 'n swart gehoor van sowat 1 000 toegespreek om te verduidelik waaroor die arrestasie gaan en om gemoedere te kalmeer. Msimang was self teenwoordig.


I.J. Nthatise het namens die swart gemeenskap 'n adres gelewer waarin gepleit is vir die Msimang-loonaanpassing, terwyl die loonagitasie as spontaan voorgehou is en nie as 'n radikale beweging wat van buite aangewakker is, soos sommige blankes geglo het nie. Die polisie en die owerheid is vir hulle drastiese optrede geroskam in die adres, maar eersgenoemde is tog ook geloof vir die taktvolle wyse waarop hulle die krisis hanteer het sodat dit nie in 'n algehele katastrofe ontaard het nie.

Die verrigtinge het redelik versoenend verloop totdat die burgemeester die gewraakte woorde geuiter het dat swart vroue net so hard moes werk soos hulle mans om die pot

aan die kook te hou. 'n Geruis het deur die skare gegaan en 'n klomp het hierna die byeenkoms verlaat. Msimang het later die gemaakte verhoog bestyg en *God save the King* ingesit, waarna hy skouerómhoog onder groot toejuiging rondgedra is – ongetwyfeld die man van die oomblik.

Ten spyte van al die betogings en proteste is die minimumloon toe op 2s. 6d. vasgestel.

Msimang se veggees was allermins gedemp en stilkry was min. Terwyl hy verhoorafwagtend was, het hy ongestoord voortgegaan om op Sondae byeenkomste toe te spreek waar hy hoër lone gepropageer het. Smalend versoek hy sy ondersteuners om hulle van geweldpleging te weerhou, want die geringste skeef trap maak hulle 'n teiken in die openbaar vir wittes "hungering to kill the natives".



*Henry Selby Msimang*

Msimang het steeds gepoog om die swart Bloemfonteinse bevolking in 'n sterk versetbeweging teen swak lone te organiseer. Hy het aan sy volgelinge gepredik dat wit mense die loonagitasiebeweging wil kortwiek, want hulle besef as die beweging stoom optel daar weinig keer aan sou wees om verdere doelstellings te bereik.

Op 12 Mei 1919 is Msimang in 'n stampvol hooggeregshof voor 'n regter en twee assessore (daardie jare vanselfsprekend almal wit) verhoor. Die uitslag: Die hof het bevind dat die akte van beskuldiging, dit wil sê die opstook van openbare geweldpleging, te vaag is en dat die afwesigheid van die presiese woorde waaroor gekla is dat dit tot geweld sou lei, 'n verdere leemte in die saak is.

Die aanklag teen Msimang is nietig verklaar. 'n Heldeontvangs deur sy mense het buite die hofgebou gewag. Ofskoon die swart werkers slegs 'n klein verhoging gekry het, was dit tog 'n oorwinning om deur merendeels georganiseerde agitasie die owerheid en ander werkgewers tot so 'n toegewing te dwing.

Ter herdenking van Msimang se leeue-aandeel is 'n deel van die tradisionele swart woonbuurt toe *Four and Six* genoem, terwyl 'n straat hier ook sy naam dra.



*Burgemeester D.A. Thomson*

# Eie bioskoop vir swart gemeenskap in 1922

Om die eerste rolprent in Bloemfontein te sien en om dit die eerste keer in hul eie bioskoopsaal te beleef, was eers in 1922 vir die swart inwoners van die stad 'n gelyktydige gebeurtenis toe die Batho-saal opgerig is. Die wit ingesetenes was toe reeds 'n hele ruk hieraan blootgestel.

Die pas wat die verkryging van 'n eie bioskoop vir die Bloemfonteinse swart gemeenskap geloop het, grens in 'n sekere sin aan die ironie.

Vir eers het hoofsaaklik die rasseordening van die samelewing in daardie jare meegebring dat die swart samelewing verstoke was van die al hoe meer opkomende vermaaklikheidsvorms. Toe die stadsraad teen 1909 inwillig om die eerste keer 'n gemeenskapsaal vir die swart inwoners in hulle woongebied op te rig waar hul ook aan bioskoopvertonings blootgestel kon word, was dit hoofsaaklik uit die behoudende en kerklike swart geledere self, ondersteun deur die wit kerkkringe, wat die projek laat skipbreuk ly het.

Vrees vir morele verval, asook verdere verarming, wat die nuwe tendens kon meebring, het die swart leiers daarvan laat wegskram.

Dié omstandighede, tesame met die insinking van die rolprentbedryf teen 1913 en die uitbreek van die ontwrigtende Eerste Wêreldoorlog 'n jaar later, het daartoe bygedra dat die saal tot in 1918 gelaat is toe daar weer uit swart geledere self vir 'n eie bioskoop aanvoorwerk gedoen is.

Ofskoon die stadsraad die beginsel van die saak aanvaarbaar gevind het, was daar soveel redekawelings oor hoe die bioskoop-opset daar moes uitsien en die vorm van sensuur wat gehandhaaf moes word, dat dit nog etlike jare sou sloer.

Een ligpunt was die owerheid se besluit om dadelik met die bou van 'n saal voort te gaan, waarna in dieselfde konteks as gemeenskapsaal, bioskoopsaal en stadsaal verwys is, terwyl die bedryf van die bioskoop vir die swart gemeenskap uitgesorteer word.

Maar die trots waarmee die plaaslike wit owerheid dié baanbrekerswerk van hulle, dit wil sê die totstandkoming in 1922 van die eerste gemeenskapsaal (Batho-saal), aan die swart gemeenskap gebied het en hul blye ontvangs daarvan in afwagting om in die genot van die bioskoop te deel, het weldra versuur.

Die bioskoop in die township het om verskillende redes nie aan die verwagtinge van die plaaslike owerheid of die swart ingesetenes voldoen nie. In minder as 'n jaar het die bioskoop vir die stadsraad, wat oorhoofs beheer daaroor uitgeoefen het, eerder 'n las as 'n vorm van inkomste

geword. Daarenteen was die ondersteuning van die bedryf deur die swart inwoners geensins na wense nie.

Dit was eerstens te wyte aan die uiters streng sensuurstelsel om te verhoed dat die swart gehore rolprente en tonele sien wat die blanke in sy rassemeerderwaardigheid kon krenk. Dit het die bioskoop grootliks gelaat met rolprente, dikwels van 'n saai opvoedkundige aard, waarby die swart fliekkykers meermale moeilik aanklank kon vind en allermins as vermaak beleef het. Die wit owerheid en sy kiesers was kennelik bevrees dat van die uitbeeldings van wit mense se gedrag op die silwerdoek hulle waardighede voor swart gehore kon aantas. Maar net soos die wit fliekkykers, wou die swartes graag aksie, Tarzan- en cowboy-verhale, asook strokiesprente in Amerikaanse sleng sien. Die gebrek daaraan het hulle van hul bioskoop weggedryf.

Dit blyk dat eers toe die swart YMCA van Batho die bioskoop onder die vlerk van die lokasie-superintendent bedryf het, die loon-opset van die swartes verbeter het en die saal in 1934 ingerig is om klankrolprente te vertoon, dat die bioskoopbedryf in swart Bloemfontein weer 'n oplewing ondervind het.



*'n Dans in die Batho-saal in die 1950's.*

# Blindedermoperasies knou bekende Fichardt-familie

Dit is in 'n sekere sin verstommend dat vandag met sy gevorderde mediese tegnologie blindedermoperasies steeds weens mediese onbeholpenheid skeef kan loop en tot die dood lei.

Etlike dekades gelede is een van Bloemfontein se heel bekendste families, die Fichardts, twee keer in 'n kort tydjie geruk deur soortgelyke hartseer omstandighede.

Gustav Adolph Fichardt wat sedert die 1850's die Fichardt-winkel in die stad (waar die Middestadsentrum vandag is) uitgebrei het tot een van die bekendste familie-handelsake in die stad, het ses kinders gehad. Drie van die kinders wat groot hoogtes in die samelewing bereik het, was die oudste seun, Charlie (1870-1923), die jongste seun, Everard (1875-1924), en die jongste dogter, Ella (1884-1964).

Beide Charlie en Everard was deel van die Nasionale Party nadat dit in 1914 tot stand gekom het. Van eersgenoemde, wat ook 'n burgemeester van Bloemfontein was, is algemeen verwag dat hy minister in 'n NP-kabinet sou word. Ella, wat as gemeenskapsleier uitgestaan het, was getroud met advokaat Percy Fischer, later regter-president van die Vrystaat.

Charlie en Everard het beide gebuk gegaan onder die hartseer en lyding wat 'n verknoeide blindedermoperasie kan meebring.

In 1923 is die Fichardts geruk deur die afsterwe van Charlie, asook sy 22-jarige dogter – die pragtige en bekoorlike Valerie – 'n maand voor hom. Charlie was verpletter deur sy geliefde en enigste dogter se dood nadat 'n blindedermoperasie in Kaapstad skeef geloop het.

Op 18 April 1923, 'n dag voor dié operasie, skryf Charlie bekommerd aan Ella: "I have just left my Val up at the hospital ... the poor girlie is probably in for a rough and heavy time, and I am very sorry for her. I would far rather it was myself that had the ordeal than she." 'n Foto van Charlie waar hy droewig by haar graf staan, vertel 'n duisend woorde. Soms, as die familie hom soek, sou hulle Charlie treurende by die graf opspoor.

Na Valerie se dood het 'n somber wolk oor die familie gehang. Charlie het op 53-jarige ouderdom na 'n operasie die lewe bes gegee nadat hy vroeër, wenend oor sy dogter, verklaar het dat hy nie meer wil lewe nie. Beide is op die familieplaas Brandkop net buite Bloemfontein begrawe.

In sy huldeblyk in die parlement aan oorlede Charlie het generaal Jan Smuts as eerste minister ook verwys na sy geknakte lewe na sy dogter se dood.

Die jaar na Charlie se dood het Everard selfmoord gepleeg. Vir die grootste deel van sy lewe het Everard, 'n begaafde, veelsydige man met musikale en literêre aanleg wat ook op sportgebied gepresteer het, veral krieket, aan swak gesondheid gely. Die kranklikheid was hoofsaaklik as gevolg van 'n verknoeide blindedermoperasie in Nederland. Ofskoon Everard in 1919 om gesondheidsredes as Volksraadslid bedank het, het hy in 1922 'n Afrikaanse roman, *Onder die olyfboom*, geskryf. Dit is gepubliseer en ten spyte van nogal eienaardige taal en styl – onthou hy was Engelssprekend – as 'n wins vir die Afrikaanse prosa beskryf.

Everard het in sy groot herehuis Rustendal bo in Wes-Burgerstraat 'n ou rewolwer wat nog aan sy pa behoort het en almal gedink het van geen nut is nie, uit 'n laai gehaal en homself in die verhemelte geskiet. Sy vrou Hannah (oudste dogter van president M.T. Steyn) het die skoot gehoor terwyl sy in die huis besig was. Aanvanklik het sy gedink iets het omgeval, maar by nadere ondersoek kry sy haar man uitgestrek in sy aantrekkamer lê, terwyl bloed by sy mond uitstroom.

Mense was bewus van Everard se melancholie en neiging tot somberheid waartoe sy swak gesondheid waarskynlik grootliks bygedra het. Tog was hy in sekere opsigte 'n opgewekte sosiale mens met 'n lewendige humorsin.

Niemand het voorsien dat sy lewe só sou eindig nie. Blykbaar uit respek vir die familie het die pers geen woord oor selfmoord gerep nie. Daar is slegs vermeld dat hy te sterwe gekom het.



*Valerie saam met haar ma, Katie, in 1918.*



*Charlie Fichardt*



*Everard Fichardt se spog woning Rustendal, bo aan Wes-Burgerstraat, wat lankal gesloop is.*



*Everard Fichardt*



*Hier staan 'n verwese Charlie Fichardt in 1923 by sy dogter Valerie se graf op die familieplaas Brandkop buite Bloemfontein.*



*Hannah Fichardt*

# Sir Etienne se 'Huis van Liefde'

In die *Huisgenoot* van 18 September 2014 het Dana Snyman weer, nadat dit al in 1991 in dié tydskrif weergegee is, die eienaardige lewe van Sarel Johannes Pretorius, op 86 algemeen bekend as Oupatjie, opgehaal. Voorheen is 'n TV-minireeks verfilm wat *Die Huis van Liefde* genoem is en op Oupatjie se lewe geskoei is. Verder het 'n Amerikaanse TV-span hom vir die program *Ripley's Believe It or Not!* kom verfilm.

Pretorius het sy oorlede vrou Gesina Jesina (Goggatjie), wat na 'n kort siekbed in 1989 aan longontsteking dood is – die dag toe sy lewe gaan stilstaan het – gebalsem en in 'n grafkelder agter sy plaashuis op Poongaskraal naby Newcastle te ruste gelê. Hier het hy tot onlangs nog gereeld ingeloer, soms met 'n koppie tee om tydsaam met haar te gesels. Partykeer huiwer hy nie om die kis oop te maak en aan haar hand te vat nie. Wanneer die verlange oorweldigend is, sal hy 'n nag op die enkelbedjie naby die kis deurbring. Helaas is Oupatjie vandag so verswak dat hy hierdie ritueel moeilik kan nakom. Sy kis staan gereed sodat hy sy laaste rusplek langs Goggatjie in die grafkelder kan inneem.

In sy 'Huis van Liefde' is aanvanklik baie dinge nog bewaar soos die dag van sy wederhelf se dood. Haar haarborsel op 'n tafeltjie en 'n sepie by die bad is steeds onaangeraak – so asof sy net gou kafee toe is. In haar onderklerekas is alles netjies in hopies, nes sy dit gepak het.

En sy antwoord vandag op wat baie mense as bisar beskou: "Ek's oor niks spyt nie ... hoe kan 'n mens oor die liefde spyt wees?" Inderdaad ...

In Bloemfontein het 'n soortgelyke buitengewone makabere liefdeswroeging na die graf hom ontvou ... maar darem sonder die gebalsemde lyk en grafkelder.

Toe sir Etienne de Villiers se vrou in 1923, dieselfde jaar waarin hy tot ridder geslaan is, tydens 'n wandeling in hulle tuin skielik langs hom ineenstort en sterf, het dié tragiese gebeure 'n plotselinge kentering in die lewe van hierdie befaamde regsgeleerde en regter van Bloemfontein gebring.

Jean Etienne Reenen de Villiers, 'n regstreekse afstammeling van die Hugenote, wat in 1875 in Beaufort-Wes gebore is, het aan die Universiteit van Cambridge studeer. Reeds in 1900 is hy tot die balie in Londen toegelaat. Terug in Suid-Afrika het hy met sy formidabele regskennis gou opgang in regskringe gemaak. In 1920 is hy as regter-president van die Oranje-Vrystaatse afdeling van die hooggeregshof aangestel, toe die jongste regter in die land in die gewigtige amp. Sedertdien sou hy ook as appèlregter waarneem en is in 1933 permanent aangestel.

Sir Etienne de Villiers – hy het die eienaardige bynaam Oeffie gehad – en sy gesin het die groot ou rooi baksteen-herehuis in Elizabethstraat 40, ook bekend as die Fichardt-huis, direk agter die latere appèlhof betrek.

Die afsterwe van sy vrou, Minnie Edith, dogter van sir James Drummond van Somerset-Oos, het hom geweldig swaar getref. Sy was maar 45 jaar oud. Die regterswoning waar hierdie sjarmante vrou dikwels deftig onthaal het, het stil geword.

Sir Etienne met sy hoogs sensitiewe en teruggetrokke geaardheid – in vandag se terme waarskynlik 'n introvert – was baie afhanklik van sy vrou om met die daaglikse sosiale tendense tred te hou. Hy het in haar 'n ware geesgenoot gevind. Minnie was immers die eerste vrou in Suid-Afrika aan wie die graad LL.B. toegeken is.

Haar heengaan was die begin van sy eksentrieke kluisenaarsbestaan wat in 'n sekere sin van legendariese omvang in Bloemfontein geword het. Heelwat staaltjies, verhale, stories en anekdotes oor hom sou voortaan vertel word. Ofskoon sommige hiervan waarskynlik versin is, blyk dit dat die kern van die meeste op die waarheid berus.

Behalwe enkele vertrekke op die grondvlak, waaronder die studeerkamer wat voortaan ook as sy slaapkamer gedien het, het sir Etienne mettertyd al die ander vertrekke in die huis toegesluit. En net so gelaat as wat dit die dag van sy vrou se dood daar uitgesien het.

Sir Etienne het die hortjies van die vensters toegemaak en het ook sodoende simbolies 'n sluier van afsondering oor die gang van sy lewe vorentoe getrek. Sy huishulp, Annie Henney, moes meermale die ligte aanskakel om haar dagtaak te verrig.

Blykbaar het die dood van sy vrou hom so aangegryp dat hy nie alleen die huis nie, maar ook die werf en die buitegeboue as 'n heiligdom ter ere van sy oorlede vrou beskou het. Ook hieraan wou hy nooit enige veranderinge aanbring nie.

Toe die stalle 'n paar jaar voor sy dood uiteindelik skoongemaak is, het die voer van wyle Minnie se perde net so ongeskonde daar gelê.

Oor 'n tydperk van jare kon besoekers aan die kluisenaar se huis op die een hand getel word. Sy gesondheid het geleidelik agteruitgegaan. Sommige het beweer dat sir Etienne besig was om hom dood te treur oor sy vrou. Sy vriende het vergeefs gepoog om hom weer in die lewe te laat belangstel.

Ondanks sy gesondheidsprobleme het hy gewoonlik, wanneer 'n hofsaak aan die gang was, die indruk gelaat dat hy in volle beheer van die saak was. Tog is daar beweer dat die ou eksentrieke regter ook in sy professionele taak ietwat ongewone, indien nie amusante, gedrag geopenbaar het. So het dit blykbaar soms gebeur dat wanneer 'n appèlsaak aan die gang is, hy die verrigtinge verlaat – daar is geskinder



*Sir Etienne de Villiers*

dat hy dan gaan fliek het – net om later terug te keer en ongestoord met sy regsverpligtinge voort te gaan. Tydens sy regsopleiding het Bram Fischer soms sir Etienne in die Vrystaat vergesel om die rondgaande hof op plattelandse dorpe te behartig. Bram vertel dat hulle skaars by 'n hotel afgepak het, of sir Etienne het hom na 'n bioskoopvertoning saamgesleep. Daarbenewens het hy die vermoë gehad om tydens hofsake terselfdertyd met volgehoue aandag na regsargumente te luister en sy persoonlike korrespondensie af te handel. Hoe ook al, dit het nooit 'n ongewenste invloed op sy uitsprake gehad nie. Hy is trouens geloof vir die treffende kort en kragtige uitsprake wat hy kon lewer.

In 1939, toe hy reeds vir 'n geruime tyd nie meer sy beste vir sy regsloopbaan kon gee nie, het hy om gesondheidsredes die regbank verlaat. Hierna het sir Etienne se eksentrieke gedrag en kluisenaarslewe des te meer toegeneem. Hy het 'n bekende gesig in Bloemfontein geword waar hy gewoonlik geklee in sy veljas en met 'n handtassie al geselsende met homself na die Bloemfontein-klub gestap het om sy etes te geniet.

By die klub het hy soms vir 'n wyle ontdooi om joviaal met vriende te gesels, om net daarna geboë by die deur uit te skuifel sodat hy dubbel sy werklike ouderdom vertoon het. In sy tassie was dan oorskiet brood vir of sy hond of vir latere hongerpyne. Kos is nie by sy huis voorberei nie.

In latere jare toe slaaploosheid hom al hoe meer geteister het, het hy soms die wagte by die appèlhof in die middel van die nag gebel om vir hom 'n sigaret te bring. Dan het hy lank met hulle gesels, kennelik om die eensaamheid vir 'n wyle te troef. Hy het ook nie van die appèlhof afgesterf nie. Aangesien sy woning neffens dié gebou geleë was, het hy so te sê daagliks daar rondgedwaal.

Veral vir latere inwoners van Bloemfontein wat al hoe minder van sir Etienne se verlede gewis het, het sy eienaardige omstandighede en eksentrieke gedrag ietwat van legendariese omvang geword. Hulle het stellig gewonder wat die geheim van sy lewe is.

Gedurende die laaste jare het hy werklikwaar 'n betreurenswaardige figuur geslaan. Uitgemergel deur die treurlas wat solank deel van sy lewe was en die wroegings tussen die mure van sy 'Huis van Liefde' oor sy lot, het sir Etienne in 1947 op 71-jarige ouderdom gesterf. Sy huishulp, Annie, het hom sterwend op die vloer aangetref.

So het dit gebeur dat al dié huis se vertrekke eers weer met sir Etienne se dood, dit wil sê 24 jaar later, deur sy seun oopgesluit is.

In die huldeblyk uit regskringe is die toehoorders gevra om die tragiese lewensverloop van sir Etienne de Villiers daar te laat en hom te onthou as die briljante en geniale juris wat hy eens was.



*Sir Etienne se gewese woning, Elizabethstraat 40, soos dit vandag daar uitsien.*

# *Tails or no tails*: ’n Prins in Bloemfontein

Bloemfontein het in 1925 een van sy grootste sosiale gebeurtenisse tot in daardie stadium beleef toe die Britse kroonprins, die Prins van Wallis (later Edward VIII en nog later die Hertog van Windsor), die stad tydens sy toer deur Suid-Afrika besoek het. Deur sy geslaagde buitelandse reise, sy sjarme en sy simpatie met die minder bevoorregtes, asook deur die beeld van ’n romantiese jong held wat veral die pers van hom voorgehou het, het hy groot gewildheid geniet. Dit was einste hy wat later afstand van die troon gedoen het om met ’n geskeide Amerikaanse vrou, Wallis Simpson, in die huwelik te tree en is daardeur die troon kwyt.

Bloemfontein se sorgvrye sosiale milieu is omskep in ongekende en koorsagtige bedrywighede om die stad vir die tweedaagse besoek van die prins op 25 en 26 Mei 1925 gereed te kry. Die reëlingskomitee met burgemeester John Reid en die Vrystaatse administrateur, E.R. (Sias) Grobler, as die vernaamste lede daarvan, het uit hulle pad gegaan om Bloemfontein in ’n ware lushof vir die geleentheid te omskep. Duisende gekleurde liggies en kleurvolle vlaggies en linte is aangebring, talle ereboë het oor die strate gestrek en orals was afbeeldings van die prins se wapenskild en goue krone.

Vanselfsprekend het Bloemfontein met die voorgenome besoek ’n kommersiële opswaai beleef. Deur opvallend reklame vir hulle ware rondom die prins se besoek te maak, het die handelaars, veral diegene in die klerebedryf, skaamteloos op die publiek se gevoel van verrukking oor die koms van die vername besoeker staatgemaak om hul geldkoffers te vul.

So het Sowden & Stoddart prontuit vir die publiek gesê: “You must have a new dress for the visit of our Prince.” Blacklaws – The Booters was oortuig dat tydens die funksies sy skoeisel verreweg die meeste gedra sou word. Dié firma het ywerig aangebied om sy kliënte te help om die regte keuse vir die verskillende uithanggeleenthede te maak.

Die Bloemfonteinse inwoners wat gelukkig was om per loting na die amptelike bal genooi te word, het inderdaad ’n kleredrag-krisis beleef. Gerugte was sterk in omloop dat aan sekere kleredrag-vereistes voldoen moes word om toegang tot die bal te kry. Die vrouens moes onder “horrific dictums that chill the blood,” aldus *The Friend*, deurloop soos dat slegs nuwe aandrokke toelaatbaar was en dat sekere kleurskemas nie geduld sou word nie omdat dit die prins aanstoot gee – alles natuurlik verdigsels. Maar interessant genoeg was dit die mans wat die swaarste gely het. ’n Swaelstertpak en wit onderbaadjie is kwansuis as verpligte drag voorgehou. Menigeen wat

nie so welaf was nie, is hierdeur mismoedig en gestres gelaat.


Talle briewe, sommige ernstig ander tong-in-die-kies, het oor die verwarrende vraag van *tails or no tails* in die pers verskyn en sodoende die aangeleentheid aangeblaas. Besprekings oor ernstige landsake, het 'n korrespondent goedig verklaar, is agterweë gelaat om aan hierdie swaelstert-kwessie aandag te gee. 'n Ander het weer opgemerk: "Mr. Editor, this dress business may sound 'fair ridiculous', but I assure you it has caused quite a lot of worry."

Tot groot verligting van die betrokkenes is 'n amptelike aankondiging gedoen dat beide 'n swaelstertpak of 'n gewone aandbaadjie aanvaarbaar sou wees.

Ondanks ernstige haakplekke en talle kleiner ergernisse, het die reëlingskomitee daarin geslaag om 'n skitterende ontvangs vir die prins aan te bied. Die hoogtepunte van sy besoek was ongetwyfeld die groot kommando van sowat 1 500 Vrystaatse burgers wat hom by sy aankoms ingewag het. Met hom te perd aan die voorpunt is die stad inbeweeg. Dan was daar die amptelike bal in die nuwe markgebou waar die grootste dansvloer in die land aangebring is, die opening van die kongres van die British Empire Service League wat hy waargeneem het, sy bywoning van 'n reuse kindersportprogram by die skouterrein en die hartlike verwelkoming van die swart gemeenskap in weerwil van 'n ANC boikot-aksie. Tussendeur al die verrigtinge het hy ook kans gekry om 'n krans op president M.T. Steyn se graf by die Vrouemonument te lê – 'n eenvoudige en roerende seremonie weg van die juigende massa wat so kenmerkend van sy besoek was.



*Die Prins van Wallis*



*Administrateur Sias Grobler*

Die afskeidsbanket in Hotel Polley's was blykbaar volgens die inwoners van Bloemfontein een van die treffendste funksies wat die stad tot in daardie stadium beleef het. Die room van Bloemfontein, waaronder politici, regslui, sakemanne, militêre personeel en geestelikes, is na die spoggeleentheid genooi. Die geregte wat voorgesit is, was ongetwyfeld geskik vir 'n prinslike maal. So was daar Russiese kaviaar, dik egte skilpadsop, Engelse salm met room, lamskotelette, gestopte geroosterde tarentaal, 'n keur van groente, 'n Prins van Wallis-poeding – hoe dan anders? – gestoofde ontpitte kersies met geklopte room, Parmesaanse soufflé en gesoute amandels. Die drankies wat bedien was, het Haig's en Dimple Scots ingesluit. In sy afskeidsboodskap het die prins iedereen bedank vir die wonderlike ontvangs wat hulle hom gegee het en sy spyt uitgespreek dat hy Bloemfontein moes verlaat.

Bloemfontein en die meeste van sy inwoners, wit en swart, Afrikaans- en Engelssprekendes, asook talle besoekers van die platteland, het die besoek van die Prins van Wallis terdeë geniet en met geesdrif en bewondering daaraan deelgeneem.

Na sy vertrek het 'n rubriekskrywer van *The Friend* onder die titel "Before and after the ball" soos volg gekorswel: "Gone is the Prince, the Ball, the festivities and nearly everything that made life so joyous and pleasant during the last four days, and only the unpaid accounts are here."



*Die prins lê 'n krans op die graf van president M.T. Steyn by die Vrouemonument.*

# Die 1930-moordsaak

Die Van Wyk-saak van 1930 is een van die merkwaardigste moordsake in die vroeë regsgeskiedenis van Bloemfontein. Die verhoor, wat van 21 tot 25 Oktober plaasgevind het, se getuienis sowel as die opsomming van die regter het 652 getikte foliobladsye beslaan.

Ofskoon 'n moordsaak gewoonlik groot openbare aandag geniet, was dit duidelik dat hierdie verhoor besonder wye belangstelling ontlok het as gevolg van al die intriges en gebeure wat tot die hofsaak gelei het.

Die hofsaal was daagliks stampvol nuuskieriges wat manmoedig die bedompige en somber saal getrotseer het om die verhoor met gespanne aandag te volg.

"Maar," het *Die Volksblad* op 24 Oktober 1930 tereg opgemerk, "die hygende menigte het eerder gehyg na sensasie as na vars lug en die sensasie blykbaar gekry, want min het die sitting tydens die dag verlaat." Dit was ongetwyfeld 'n sensasionele gebeurtenis vir Bloemfontein, want in daardie jare was 'n moordsaak wat deur soveel intriges omvou was, eerder die uitsondering as die reël.

Die hofsaak was nie alleen gekenmerk deur die wye belangstelling wat dit by die publiek ontlok het nie, maar ook deur die treffende en uitsonderlike foto's wat gedurende die verhoor deur die pers in die hofsaal geneem is.

Die ingewikkelde gebeure waarop die saak berus, kan kortliks soos volg uit die hoek van die verdediging uiteengesit word. Die beskuldigde in die saak, Stephanus Louis van Wyk, was 'n geldskieter en boukontrakteur van Johannesburg wat op sy pa se plaas Waterval in die distrik Trompsburg grootgeword het. In 1929 is Van Wyk vir bedrog skuldig gevind en gevangenisstraf opgelê. Voor hy tronk toe is, het hy Bloemfontein besoek. Vergesel van sy vrou se susterskind, Johan Frederik Moller, het hy op Waterval, wat toe aan sy swaer behoort het, £3 000 in 'n ou erdvarkgat gaan begrawe sodat die staat nie beslag daarop kon lê nie.

Toe hy teen die middel van Julie 1930 vrygelaat word, het hy en Moller weer 'n besoek aan die plaas gebring om dit op te grawe – met noodlottige gevolge. Tydens die grawery, so beweer Van Wyk, het hy per ongeluk vir Moller, wat agter hom op die rand van die gat gesit het, met 'n pik in die rug gekap. Moller het vervaard orent gespring en agteroor in die gat getuimel. Van Wyk het verskrik die pik gelos en tevergeefs probeer om Moller te stuit.

Moller het tragies gesterf toe hy met sy kop in die pik val.

Geestelike skok, tydelike geheueverlies en wantroue in die regstelsel het meegebring dat Van Wyk eers na Johannesburg gevlug het. ’n Sielestryd van etlike dae en die feit dat Moller se lyk met ’n gebarste skedel reeds deur die speurders in die gat gevind is, het daartoe gelei dat hy homself aan die polisie oorgegee het.

Van Wyk het onskuldig aan moord gepleit.

Alles leuens en verdigsels, het die Kroon (staat) beweer. Die beskuldigde het ’n intense wrok teenoor die oorledene gekoester omdat hy hom finansieel sou inloop. Van Wyk het Moller met voorbedagte rade op ’n vrugtelose soektog na geld geneem ten einde hom koelbloedig te vermoor in ’n gat wat Moller miskien self gegrawe het. Die £3 000 is inderdaad nooit teruggevind nie.



*’n Voorstelling van die gebeure wat by die hof ingedien is. (foto VPAB)*



*Speurders by die plek op Waterval, distrik Trompsburg, waar die beweerde moord plaasgevind het. (foto VPAB)*

Bogenoemde is hoofsaaklik die hooftrekke van die gebeure, hoewel daar vanselfsprekend ander kleiner voorvalle was wat die saak heelwat meer ingewikkelder gemaak het.

Hoe dit ook al sy, mediese getuienis het daarop gedui dat die kraak in die skedel van so 'n aard was dat dit net sowel deur 'n blote ongeluk toegedien kon gewees het as met die opset om te vermoor. Aangesien daar dus duidelik twyfel was oor wat presies gebeur het, het die jurie – dié stelsel het nog in daardie jare gegeld – weinig van 'n keuse gehad as om Van Wyk onskuldig aan moord te bevind.

Verbasend genoeg het Van Wyk gedurende die hofsitting 'n soort van heldefiguur by die publiek geword. Die wyse waarop hy getuienis gelewer het – kalm, bedaard en met 'n forse stewige stem, tesame met sy groot figuur en goedversorgde voorkoms – het die indruk by die publiek gelaat dat hy as verontregte nie sou toelaat dat hy deur die onsimpatieke aanvalle van die wetstoepassers fyngemaal word nie.

"Vervolgde word held van honderde," het *Die Volksblad* in 'n opskrif toegegee.

Toe die jurie sy eenparige uitspraak lewer, het die talle hofgangers se opgekropte opgewondenheid en spanning oor die saak in onbeteuelde luidrugtigheid oorgespoel. Die pers kon nie anders nie as om dit te vergelyk met die geesdrif wat die bekendmaking van politieke verkiesingsuitslae kenmerk. Hierdie saak sou nie gou in Bloemfontein vergeet word nie.

Ironies genoeg het Van Wyk blykbaar in die veertigerjare 'n boer van Carolina, ene Tucker, by wie hy 'n voorman was, vermoor. Vir hierdie daad is hy tereggestel. Die vraag kan vanselfsprekend gevra word of hy nie tog aan moord op Moller skuldig was nie?



*Stephanus Louis van Wyk voor regs in die hof tussen twee polisiemanne. (foto VPAB)*

# Britse koningsbesoek in 1947 lei tot kattegeveg oor uitnodigingslys

Op 6 Februarie 2012 was koningin Elizabeth II van Brittanje net mooi 60 jaar op die troon. In 2015 is dit 68 jaar gelede toe sy en haar suster Magaret as prinsesse saam met hul ouers, koning George VI en koningin Elizabeth, tydens hulle landswye 1947-toer deur Suid-Afrika voet in Bloemfontein gesit het vir 'n drie-daagse besoek aan die stad.

Veral talle Afrikaner-inwoners (trouens deur die hele land), ondersteun deur sy pers, was hoogs de josie in oor die besoek en al die klatergoud daaromheen.

Geldmors!

Polities het die Afrikaners ook nydig teenoor die hele besoek aan Bloemfontein gestaan, want onthou, die Britte was die oorsaak dat die Vrystaters hul republiek verloor het. Daar was ook die vrees dat nuwe republikeinse strewes deur die koninklike skouspel aan bande gelê kon word.

Maar aan die ander kant was hulle, dit wil sê diegene wat die besoek veroordeel het, nie bereid om droë bek by die huis sit en toe te sien hoe die gewetenloses na al die glansgeleenthede uitgenooi word nie.

Nee, daar sou loopgraaf vir loopgraaf, by wyse van spreke, geveg word om op die protokol-lys te kom. Snedigheid is nie gespaar om 'n bevoorregte te wees nie.

Dit is ongetwyfeld die grootste sosiale gebeurtenis nog wat die stad tot in daardie stadium getref het, die besoek van die Prins van Wallis in 1925 daar gelaat. Die statuur van 'n heersende koning as opperhoof van die Britse Gemenebes van Nasies waarvan die Unie van Suid-Afrika as dominium 'n deel was, en dit tesame met sy hele gesin, het geen gelyke geken nie. Geen wonder die Afrikaner-inwoners van die stad, wat verstaanbaar die besoek met 'n skynheilige, suurlip tegemoetgegaan het, het op die ou end meegedoen aan die verrigtinge nie.

Soos die groot dag genader het saam met die meegaande opgewondenheid, het die stad se inwoners, Afrikaans- en Engelssprekendes, wit en swart en masse opgeruk om die besoekers met hulle aankoms te verwelkom. Uit alle windrigtings is daar ywerig gepoog om die verskillende funksies by te woon.

'n Besoek van dié aard was net te aanloklik om sommer net vanweë politiekery weg te bly.

Bloemfontein het sy heel beste gegee. Die stad se versierings is as van die mooiste in die land beskou. Bloemfontein het ook die kollig gesteel deurdat die koningsgesin hier sedert die aanvang van die toer vir die eerste keer nie in die sogenaamde Wit Trein geslaap het nie, maar wel in

die statige goewerneur-generaalswoning (later staatspresidentswoning en vandag Oliewenhuis-kunsmuseum) op Grant-heuwel. Vir die eerste keer sou hulle 'n vliegrit in die land onderneem (blykbaar die heel eerste keer in haar lewe vir prinses Margaret) en vir die eerste keer 'n wildreservaat besoek.

Waaroor die Afrikaanse en Engelse pers, asook meningsvormers en die publiek, dit eens was, is die treffende wyse waarop die stadsraad en provinsiale administrasie, en by name die burgemeester, administrateur en reëlingskomitee, die koningsgesin ontvang het. Dit het met ingetoë waardigheid en opregte en hartlike gasvryheid gepaardgegaan.

Een van die sensitiefste kwessies van die reëlingskomitee was inderdaad die besluit wie die bevoorregte inwoners sou wees om na die tuinparty en veral die hoogtepunt van die besoek, die deftige bal in die stadsaal, te nooi. Talle inwoners was aanvanklik salig onder die indruk dat, aangesien hierdie funksies deur die stadsraad aangebied word, grondeienaars oftewel die belastingbetalers voorkeur sou geniet. Toe dit blyk nie die geval te wees nie en selfs mense van buite die stad uitnodigings ontvang, het gemoedere begin hoog loop.

Die ontevredenheid oor die situasie het vererger toe gerugte begin posvat dat jy die regte mense (klink dit nie bekend nie?) by die munisipale owerheid moes ken om bevoordeel te word. "No doubt the favoured few will be seen at every function, and the many who are paying for these functions will not be invited



*Die koningsgesin saam met die burgemeester van Bloemfontein, J.G. Benade. Links agter is prinses Magaret en langs haar prinses Elizabeth.*

to any," het "Bloemfontein's Stepchildren" haar stem in die pers verhef.

Daar is verduidelik dat wat die tuinparty betref, inwoners hulle name in 'n boek by die stadhuis kon opskryf om in aanmerking vir 'n uitnodiging te kom. Aangesien die stadhuis slegs sowat 900 mense vir die bal kon huisves, is 'n spesiale subkomitee getaak om die uitnodigings te hanteer. Die komitee het blykbaar ondeursigtig gehandel en is weldra van partydigheid beskuldig. Die veronderstelling by die publiek was dat as jy tuinparty toe gaan, jy nie ook na die bal kon gaan nie. Toe dit uitlek dat dié aanname wensdenkery is, was die gort gaar.

So het ene "Business Girl" vir wie die bal nie beskore was nie, haar lot in die pers uitgestort. Sý, wat tydens die Tweede Wêreldoorlog as kantiendame gewerk en met die soldate gedans het, asook al die ander oorlogwerkers, behoort by verre voorkeur op dié uitnodigingslys te kry, of ten minste bo die meisies wat anti-koningsgesind is, maar nou ewe skynheilig en gretig 'n uitnodiging aangryp om tog net in die kollig te wees.



*Die koningsgesin besoek Tibbie Steyn (in swart), weduwee van president M.T. Steyn, in Bloemfontein. Regs is haar seun, Colin Steyn, 'n plaaslike Volksraadslid en minister in die Smuts-regering, by wie se huis dit plaasgevind het.*

Op dieselfde trant is gekla dat jong mans, wat tydens die oorlog tuisgebly het, bo die wat gedien het bevoordeel moes word. "Indeed, Sir," is smalend opgemerk, "in this country all things are permissible, even for the 'Wares' (ontduikers) and the 'draadsitters' to have both cream and milk."

Uitnodigings na die Sommerville-wildreservaat naby Bultfontein moes vanselfsprekend beperk word om die funksie daar enigsins suksesvol vir die koninklikes aan te bied. As die gewone publiek ontevrede daarmee was om nie die uitnodigingslys daarvoor te haal nie, des te meer diegene in hoër kringe wat van die veronderstelling uitgegaan het dat hulle status tog sekerlik 'n uitnodiging regverdig. So is 'n versoek van 'n senator dat sy seun en skoondogter die funksie bywoon, afgekeur, terwyl kennis geneem is van die teleurgestelde prinsipaal van die Glen-landboukollege en luitenant-kolonel. J.E. Janse van Rensburg van Bultfontein dat hulle nie genooi is nie.

Vir die uitgenooides na die verskillende verrigtinge, veral die bal, was alles nie net maanskyn en rose nie. Taamlik ontsenu moes besluit word oor watter kleredrag daarvoor geskik sou wees. "Dink u nie die Afrikaner behoort sy tradisionele Voortrekkerdrag op al hierdie funksies aan te trek nie?" het iemand behulpsaam gepredik.

Protokol-riglyne vanuit owerheidsweë het darem bietjie verligting gebring.

Die kniebuiging voor die koninklikes het ook menigeen na vlugsout laat gryp. Klaarblyklik het die departement van buitelandse sake gevoel dat vroue die tradisionele Britse kniebuiging (curtsey) moes uitvoer. Los dit asseblief, het die pers en die publiek gepleit. Dit verg immers oefening om die kuns daarvan te bemeester en dit swierig te doen sonder om laf voor te kom. Uiteindelik is daar na goeddunke én met die goedkeuring van die koninklikes besluit dat die uitheemse kniebuiging vir vroue opsioneel sou wees. Die meeste vroue van Bloemfontein sou met 'n gewone handdruk volstaan.

Uiteindelik het die groot dag aangebreek. Na etlike maande van swoeg en sweet was die stad gereed vir die besoek, 'n besoek wat, ondanks al die klein jakkalsies wat die reëlings geteister het, besonder suksesvol verloop het.

# De Wet-standbeeld eers ná 25 jaar opgerig

Die pad om die ideaal vir die stad te bereik om 'n Mandela-standbeeld op Naval Hill op te rig, het skynbaar taamlik voorspoedig verloop. Na slegs 'n jaar of wat sedert die welgestelde sakeman van Bloemfontein, Freddy Kenney, ruimhartig bereid was om 'n tjek van meer as R3 miljoen neer te sit vir die oprigting van 'n reuse Madiba-beeld in die stad en beeldhouer Kobus Hattingh se bereidwilligheid om weer sy hand aan 'n Mandela-beeld te slaan, het alles daarvoor in plek geval.

Daar was 'n paar hikke en snikke wat die weg na die eindproduk bietjie verontrief het. Die standplaas daarvoor sou blykbaar eers op die plein voor die historiese Mapikela-huis in Batho wees, terwyl die Wesleyaanse kerkskooltjie waar die ANC in 1912 gestig is ook as moontlikheid opgedoem het. Naval Hill is uiteindelik deur die stadsraad geoormerk as standplaas en die beeld is in November 2012 opgerig.

Die tydsverloop om die bekende De Wet-standbeeld voor die Vierde Raadsaal vanaf besluitneming tot onthulling in 1954 te bewerkstellig, staan in skreiende kontras met die Mandela-beeld. 'n Volle kwart eeu het dit geneem om dit te verwesenlik en dit was 'n pad gesaai met eindelose probleme.

Christiaan Rudolph de Wet het tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) as Boeregeneraal groot roem verwerf. Sy dikwels waaghalsige en manhaftige krygsvernuf en onortodokse taktiek op die slagveld, veral sy vermoë om die dryfkragte van die vyand te ontwyk, het internasionaal die bewondering van menigeen, vriend en vyand, afgedwing. Hy het inderdaad die verbeelding van die wêreld aangegryp en 'n legende geword.

Na sy dood in 1922 was daar sporadies 'n opflikkering onder sy landgenote dat die man darem waaragtig 'n standbeeld verdien. Die bekende digter van Senekal, A.D. Keet, het nie die roede gespaar nie. In 'n brief aan *Die Volksblad* in 1928 het hy skerp onder die Vrystaters ingeklim oor hulle versuim om die generaal te vereer. Dit is nie bedroewend nie, skryf hy, maar 'n skandaal!

Die volgende jaar is 'n doelgerigte poging onder die stuur van E.A. Conroy (rebel, Boeregeneraal en Volksraadslid vir Hoopstad) in Bloemfontein van stapel gestuur toe die Christiaan de Wet-gedenkfonds met die ondersteuning van Transvaal en Kaapland die lig gesien het. Daar is gevra dat nasietrots vooropgestel en politieke verskille van die tafel gevee moes word.

Almal was dit eens dat die Boereheld in krygsgewaad of veldklere op sy perd, sambok in die hand, soos hulle hom geken het, sy beeldverskyning moes maak.

Conroy, sy standbeeldkomitee en ander betrokkenes het 'n bittere opdraande stryd met fondsinsameling beleef. Die vordering wat hiermee gemaak is, is weldra gekortwiek deur die Depressie en droogte van die vroeë dertigerjare. Van hoër gesag is ook 'n stok in dié insamelingswiel gesteek toe die oprigting van die Voortrekkermonument eers voorkeur gekry het. Derhalwe het die De Wet-standbeeldkomitee eers weer in 1939 aktief voet in die hoek begin sit met fondsinsameling. Maar alles is weer beduiwel met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog daardie jaar. Met die begeesterde Conroy se dood is die fondsinsameling 'n verdere knou toegedien, maar ten minste is die bedrewe Klasie Havenga (minister van finansies) in sy plek as voorsitter aangewys.

Voor sy dood het Conroy daarin geslaag om die ATKV met sy ervaring en infrastruktuur aan die fondsinsamelingsproses te haak sodat dit sedert 1950 momentum gekry het. Die ATKV het ook nou sy visier op die medewerking van gevestigde organisasies soos die moderature van die drie susterskerke, vroueverenigings, landbou-unies, Helpmekaar en die Voortrekkers gestel. Daar is op die gevoel van almal gespeel deur daarop te wys dat daar reeds in 1922 'n standbeeld van De Wet in Nederland in die park De Hoge Veluwe tussen Apeldoorn en Arnhem onthul is, maar na bykans 30 jaar ontbreek 'n beeld nog in Suid-Afrika.

Toe Coert Steynberg as beeldhouer nader gehark is teen £16 000 en toe sy modelvoorstelling van die beeld deur die standbeeldkomitee aanvaar is, het dinge meer rooskleurig begin lyk. Die ATKV het die volle samewerking van *Die Transvaler* gekry om aktief geld in te samel en krapperigheid met *Die Volksblad* en die Vrystaters oor hulle laksheid om in te samel, is mettertyd uitgestryk.

Gesigte het begin hang toe die strewe om die onthulling van die beeld op die generaal se geboortedag op 7 Oktober 1954 skuldloos te bewerkstellig onwaarskynlik lyk met slegs ongeveer £14 000 beskikbaar teen die einde van 1953. Maar klein en groot, ryk en arm het verbete skouer aan die wiel gesit – Anton Rupert het ruim bygedra – en die einddoel was in sig.

Aanvanklik sou die beeld voor die stasie opgerig word en alles was in plek daarvoor. Geleidelik is kritiek daarteen uitgespreek wat in momentum toegeneem het. Steynberg self het ook bedenkinge oor die staanplek wat nie esteties vertoon het nie, gehad. Veral die kolossale bieradvertensie op die agterste muur van die ou Grand-teater het hom gegrief. Einde ten laaste is op die noordwestelike hoek van



*Generaal C.R. de Wet*

die Vierde Raadsaal besluit. Hoffmanplein en die koppies by die Vrouemonument is vroegtydig afgeskiet.

Met die onthulling van die standbeeld in 1954 het sommige oudstryders gevoel Fleur kom te 'kwaai' en 'lewendig' oor, dít nadat Steynberg se vroeëre modelle van die perd aanvanklik gekritiseer is as nie wakker genoeg nie. Renier in sy destydse *Volksblad*-rubriek "Stop van Myne" het juis effens smalend gevra of die beeldhouer Fleur moet voorstel soos "'n ou karperd, of soos Fleur op sy fleur was".

Hoe ook al, die De Wet-beeld word as een van die mooiste ruiterbeelde in die land beskou, al word Fleur heelwat meer vuriger voorgestel as wat hy waarskynlik was. Die belangrikste is dat die kragdadige geheel indruk wat die beeld skep, skerp aanklank by die Afrikaner se persepsie van generaal De Wet en sy getroue ryperd vind.



*Ruiterbeeld van generaal C.R. de Wet voor die Vierde Raadsaal in Bloemfontein.*

# Bikini-tameletjie in die 1960's

In die verlede is daar dikwels goedig met die stad gespot oor die konserwatiewe beeld wat soms na buite uitgedra word.

Bloemfonteiners het hulle veral in die 1960's midde in die sogenaamde bikini-oorlog en gepaardgaande regulasies bevind.

Voor hierdie dilemma het die stad al sy kwota swembad- en swemregulasies voortgebring om die kuisheid van die stad te handhaaf en wat die argwaan van 'n groot deel van die gemeenskap ontlok het. So was daar aan die begin van die vorige eeu munisipale regulasies wat die saam swem van mans en vrouens verbied het. Toe dit uiteindelik in 1913 na 'n lang openbare en amptelike stryd toegelaat is, het streng ordereëls daarvoor steeds gegeld, baie wat vandag as belaglik afgemaak sal word.

Bloemfontein het later ook gebuk gegaan onder die standaardregulasie wat bepaal dat enigeen wat by die swembad onwelvoeglik optree die bad verbied kan word. In die volksmond is dit goedig omskep in 'n regulasie wat sou bepaal dat geen paartjie nader as 30 sentimeter van mekaar mag lê nie.

Met die verskyning sedert die 1950's van al hoe meer bikini's en tweestukke as swemdrag in Suid-Afrika, was dit dus nie vreemd dat die stadsvaders en sedebewaarders van Bloemfontein se wenkbroue uitermatig hoog gelig het toe dié verskynsels sy kop in die stad uitsteek nie.

Aanvanklik het swemklere vir vrouens uit 'n vormlose oorjurk bestaan wat alles bedek het. Gewigte is selfs in die some ingewerk om te verhoed dat dit opwaarts skuif en haar dalk aan die manlike loerende oog blootstel. Ofskoon alles nog steeds van kop tot tone bedek was, het damesswemklere later heelwat meer verfynd geraak. Sedert die 1940's het die bekende eenstuk al hoe meer gewild geraak.

As in gedagte gehou word dat 'n behoudende munisipale woordvoerder in 1947 nog daarop gewys het dat bykomende swemdragregulasies by die Maselspoort-ontspanningsoord buite Bloemfontein vertolk kon word dat baaiers van nek tot knie geklee moes wees, het daar 'n opdraande stryd vir die bikini voorgelê. Die algemene munisipale reëls wat deur die jare gegeld het, het daarop neergekom dat swemdrag nie aanstoot mag gee nie en ten minste die goedkeuring van die stadsraad moes wegdra. Aan die superintendent van die swembad is dit gerieflikheidshalwe oorgelaat om sy diskresie te gebruik.

Maar nou was die tweestukbaaipak en selfs skamele bikini op die toneel wat menigeen onmiddellik as 'n sede-aanslag op die samelewing beskou het. Vanaf veral die middel 1950's het al hoe meer klaagliedere uit die openbare mond begin opgaan omdat Maselspoort die skrapser swemdrag toelaat, terwyl die superintendent van die munisipale swembad in die stad, te wete die Arthur Nathan-swembad (1907), op grond van die bestaande regulasies mense daaroor aangespreek en dit belet het. (Die nuwe Stadion-swembad met sy Olimpiese geriewe het eers in 1966 geopen.)

W.J. Viljoen, algemeen as Oom Willie bekend en 'n ware karakter in die stadsraad, was as voorsitter van die komitee vir openbare werke en parke bereid om aandag aan die netelige kwessie te gee. Die stadsraad móés uitsluitsel oor aanvaarbare swemdrag gee en eenvormige reëls moes oral geld, was sy onomwonde mening. Sommige mense hou van bikini's, het Oom Wille verder gesê, maar ander nie; maar waar eindig 'n bikini en begin 'n respektabele tweestuk? Hy het ook daarop gewys dat in baie sentra in die land daar 'n klinkklare verbod op die dra van die bikini is.

Blykbaar het die kwessie hierna sluimerend gebly. Ondanks 'n wysiging aan die swembad-regulasies in 1955 het dit steeds in wese net bepaal dat swemdrag nie openbare welvoeglikheid mag



*Swemdrag uit 1904 wat vrouens van nek tot enkel bedek.*

oorskry nie en dat die superintendent van die swembad daaroor moes waak. Geen woord oor tweestukke of bikini's is opgeneem nie.

In Oktober 1962 het die bom gebars. *The battle of the bikinis*, soos die stryd algemeen gedoop is, was skielik weer op die voorgrond.

Die aanvallige Deense joernalis, Marianne Becker, wat saam met die Hollandse fietsryspan deur die land getoer het, het haar opwagting by die Arthur Nathan swembad gemaak.

In haar bikini!

En blykbaar taamlik skraps daarby. Sy is vriendelik dog dringend versoek om 'n ietsie meer betaamlik aan te trek.

Enkele dae later het sy ongesteurd met die einste bikini by Maselspoort gebaai.

Die pers en publiek het so 'n bohaai oor die teenstrydige toepassing van die swembad-regulasies gemaak, dat burgemeester R. Greyling terstond ingegryp het. Die veronderstelling was immers dat dieselfde regulasies by beide baddens gehandhaaf moes word. Ofskoon die burgemeester self bikini's as taboe beskou het, moes dit aan die stadsraad oorgelaat word om 'n definitiewe besluit oor die aangeleentheid te neem. Hy was ook van mening dat dit onregverdig teenoor die superintendente is om sonder behoorlike riglyne die saak te benader. Hulle situasie het inderdaad al hoe meer stresvol geraak met dié dat al hoe meer vrouens bikini's of tweestukke begin dra het. Sommige het waarskynlik ook in 'n relletjie met die superintendent betrokke geraak wanneer hulle die deur gewys word. Kon dié man telkens oordeel wat is werklikwaar onwelvoeglik en wat nie, is gevra. En, is verder bespiegel, sou so 'n bikinisaak hof toe gaan, sou dit interessant wees om dié uitspraak dop te hou.

Teen einde 1964 was die bikini-sage steeds voortslepend. By Maselspoort het 'n blinde oog vir skrapser swemdrag gegeld, maar by die munisipale swembad in die stad is toegeslaan op die draers daarvan. Selfs diegene wat by laasgenoemde in 'n visnetbikini verskyn het, dit wil sê die twee stukkies is deur of 'n vleeskleurige of swart visnetkant verbind, is aangeskroef. Hierdie teenstrydigheid was 'n bron van groot ongelukkigheid onder die publiek.

Aan die begin van 1965 het Oom Willie, wat as waarnemende burgemeester opgetree het, besluit tot hier toe en nie verder nie. Regulasies, het hy gesê, moes aangepas word om minder vaag te wees en moderne swemdrag in ag te neem. Raadslid Olive Grinter het vroegtydig haar siening gelig deur aan te kondig dat sy geen probleem daarmee het as 'n meisie met 'n mooi figuur 'n bikini dra nie.

Op 26 Februarie 1965 is die bikini-debat in die stadsraad besleg. Benewens of die dra van bikini's by swembaddens toegelaat moes word al dan nie, was deursigtige swemdrag ook onder bespreking. Oom Willie het geopper dat hy talle versoeke van organisasies en kultuurliggame gekry het dat bikini's verbied moes word. Hy was daarvan oortuig dat sommige vroue bikini's met bybedoelings dra. Ietwat koggelend wou raadslid Grinter weet hoe Oom Willie só seker van sy saak kon wees. Op sy beurt het Eric Rosendorff dit as verdag beskou dat al die klagtes deur Oom Willie loop, so asof hy 'n een-man vete teen die bikini voer en dat die ander lede nie juis met so iets oorval is nie. Sou hy skriftelike bewyse van alles hê, wou Rosendorff weet. Hy het ook bygevoeg dat die stadsraad hom, gesien in die lig van toenemende nuwe modeneigings, met drakoniese wetgewing rakende swemdrag in 'n hoek sou vasverf.

Om ten minste sy punt en teenkanting oor deursigtige swemdrag te benadruk, het Oom Willie 'n klein rooi nylonswembroekie, die soort wat gewoonlik in professionele swem en by die Olimpiese Spele gebruik word, uitgepluk en aan die raad getoon. Hy het daarop gewys dat hierdie tipe swemdrag deursigtig is, in Bloemfontein gedra word en niks anders as skandalig is nie.

Raadslid P.H. van der Linde se redenasie dat 'n swembad eerstens vir swem is en nie vir 'n sonbad in 'n bikini nie – dit hoort tuis in die agterplaas – het nie die gewenste invloed gehad om die skaal in die anti-bikini-groep te laat swaai nie. Met sewe teen ses stemme is besluit dat bikini's nie by openbare swembaddens geheel en al verbied kon word nie. Die bestaande regulasies sou egter steeds geld waarvolgens swemdrag nie aan enigeen in die openbaar aanstoot moes gee nie en die superintendent van die swembad sou voortgaan om 'n wakende oog hieroor te hou.

Weliswaar is eenparig besluit dat deursigtige swemdrag ontoelaatbaar is. Bygesê, daar was darem nog altyd deur die jare aan die stertkant van die regulasies ingeskryf dat geen naaklopery op die swembadterrein geduld sou word nie.

Toe in 1967 die kou van kougom by die Bloemfonteinse openbare swembaddens verbied word omdat dit onhigiënies is, 'n stikgevaar vir swemmers inhou en die filtersisteem kon benadeel, is ietwat tong-in-die-kies opgemerk dat die stad moes waak om nie as *ban-happy* getipeer te word nie. Onthou die stad nog, is gevra, dat bikini's aanvanklik in die slag gebly het en dat regulasies kamstig so eng vertolk is dat onskadelike liefkosing by die swembad geensins geduld is nie.

Welkom het in 1974 die riembikini oftewel tanga by sy openbare swembad verbied. 'n Beswaarde amptenaar in Bloemfontein het onmiddellik aangekondig dat die stad dieselfde weg gaan volg; hy gee nie om of Bloemfontein as verkramp afgemaak word nie. Die volgende dag het die munisipaliteit ontken dat dié swemnommertjie verbied sou word ...



*'n Tweestuk uit die 1960's.*

# Bram Fischer: ’n Legende in ons tyd

Tydens sy inhuldigingstoespraak op 16 Oktober 2009 as nuwe rektor van die Universiteit van die Vrystaat (Kovsies) het professor Jonathan Jansen opgemerk dat hy sy toespraak opdra aan Bram Fischer, “waarskynlik die grootste seun van die Universiteit”.

Bram se Kovsieskap moet egter in perspektief gesien word, want daar is ’n effense kinkel in die kabel.

Ter agtergrond: Advokaat Bram Fischer (1908-1975) se wortels lê diep in Bloemfontein (geen wonder die nuwe owerheid het die burgersentrum en die lughawe na hom vernoem nie). Sy ouers was die bekende regter Percy en Ella Fischer wat diep spore in die gemeenskapslewe van die stad getrap het. Bram is hier gebore en getoë, het aan Grey-kollege as skrander leerling gematrikuleer en het opleiding aan die universiteit ontvang en is ook later in die stad oorlede. Sy vrou is ook in die Vrystaat oorlede na ’n motorongeluk naby Ventersburg.

Gedryf deur ambisie om ’n Rhodes-beurs na Oxford te bekom, het Bram na ’n jaar lange studie in 1926 aan die Universiteit van Kaapstad na Bloemfontein teruggekeer. Die daaropvolgende jaar het hy sy studies aan die Grey-universiteitskollege (later die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en vandag die Universiteit van die Vrystaat) voortgesit. Hier was sy kanse minder mededingend om so ’n beurs te bekom en het gerealiseer.

Aan die Universiteit van die Vrystaat sou hy as Kovsie sy talente uitleef. Hy het aktief aan verskillende verenigings deelneem. So sou Bram twee maal tot ondervoorsitter van die studenteraad verkies word en was ook voorsitter van die Debatsvereniging.

In 1928 het Bram sy BA-graad behaal met onderskeidings in geskiedenis en ekonomie. Dit was ook die jaar wat hy vir die Vrystaatse rugbyspan op skrumskakel-posisie teen die besoekende All Blacks van Nieu-Seeland op Ramblers in Bloemfontein uitgedraf het. Bram is beseer, maar het na die veld teruggekeer met ’n verband om sy kop wat hy later uit irritasie afgeruk het. Vrystaat het verloor. Sy dapperheid op die veld het vir ’n wyle aan hom die bynaam “Richard the lion-hearted” op die kampus besorg. Bram was geoormerk om vir Suid-Afrika te speel, maar nie sy pa of verskeie rugby-unies kon hom op dié pad laat beland nie.

Net soos sy pa en oupa (die bekende Vrystaatse politikus en leier Abraham Fischer) voor hom, het die jong man in 1929 besluit om die regswêreld te betree. Terwyl hy deeltyds regte aan die

Grey-universiteitskollege geloop het, het hy as registrateur in die hooggeregshof van die Vrystaat opgetree.

In lyn met sy ouers se politieke ideologie het Bram hom aanvanklik tuis gevoel in Nasionale Party-kaders wat segregasie as die beste oplossing vir die land se rassekwessies gesien het. Soos hulle het hy ook grootliks 'n diepgewortelde haat gedra teenoor alles wat Brits-imperialisties was.

Bram het as studenteleier van die Nasionale Party in 1929 eerste minister van die Suid-Afrikaanse studente-parlement onder die vlerk van NUSAS (National Union of South African Students) geword toe die party in staat was om 'n 'regering' te vorm. Sy posisie was van korte duur. In 'n stemming oor een of ander wetgewing het die Nasionale Party verloor en Bram en sy 'regering' moes terugstaan vir die Suid-Afrikaanse Party. Na hierdie eerste ministerskap van hom is daar des te meer geglo dat die skrander jong man sy lewensweg in nasionalistiese kringe sou vind. Maar Bram sou weldra daarvan wegskram en kommunisme en ateïsme omarm.


Deur selfondersoek in hierdie tyd het hy egter al hoe meer oortuig geraak dat kleurvooroordeel en rasseskeiding irrasioneel is en dat ware vriendskap oor die kleurgrens heen kon strek.

Ofskoon Bram hom as Kovsie op verskeie terreine uitgeleef het omdat die omstandighede hom in daardie stadium die beste vir sy studies gepas het, het hy blykbaar 'n onderdrukkende renons in die konserwatiewe kampuslewe van dié universiteit gehad. Dit sou hy weldra openlik aan sy familie erken.

Toe hy in 1933, terwyl hy by Oxford studeer, verneem sy broer Piet beoog om argitektuur aan die Grey-universiteitskollege in Bloemfontein



*Percy en Ella Fischer se vier seuns. Van links Gus, Bram, Paul en Piet. (foto VPAB)*



*Bram in 1929 in sy BA-graadmondering saam met sy ma, Ella, by die Fischer-woning in Bloemfontein. (foto VPAB)*

te loop, het hy sy ma ten sterkste van so iets afgeraai.

Die Oxford-student, wat in Engeland 'n heelwat breër wêreldbeskouing ervaar het, het in 'n skrywe op 26 Oktober 1933 aan Ella Fischer in 'n lang relaas uitgevaar teen die neerdrukkende en beklemmende atmosfeer van nasionale christendom wat hierdie alma mater van hom adem. Hy het haar daarop attent gemaak dat hy by sy eie ouerwoning en buite dié kollege meer lewenservaring opgedoen het as wat die instansie ooit aan hom kon bied.

So skryf hy onder andere: "Frankly I could not with any sincerity recommend anyone to the place except for the one reason that it might help to change Grey – and two of your children have been sacrificed on that altar (of Vaderlands- or rather Vrystaatsliefde)!" Hier verwys hy na sy suster Ada en homself.

Al sou dit die familie verder opbreek en sy ma nog meer hartseer laat oor die weggaan van haar kinders, het Bram ernstig gepleit dat sy asseblief moes toesien dat sy broer sy heil by Wits, Stellenbosch of Rhodes gaan soek. Hy skryf verder dat enige man wat iets in hom het, sou universiteitsopleiding in Bloemfontein vermy.

Piet het nooit die deure van Kovsies gesien nie. Hy is weg Johannesburg toe. Bygesê, Piet was in 'n sekere sin die teenpool van Bram. Hy het regse politieke sentimente gehandhaaf en was 'n Jehovah-getuie.

Later in sy lewe het 'n tragiese voorval Bram Fischer se lewe onherroeplik verander. Sy vrou, Molly (née Krige), net soos Bram 'n struggle-aktivis en uit 'n bekende Afrikaner-familie, het haar einde in 'n Vrystaatse watergraf tegemoet gegaan – die ergste van alles deur 'n ongeluk waarvoor hy homself blameer het. Daarbenewens is sy ma, die bekende Ella Fischer van Bloemfontein, aan wie hy baie geheg was, enkele maande tevore op 80-jarige ouderdom oorlede.

Op Saterdag, 13 Junie 1964, het Bram, Molly en 'n baie goeie vriendin, Elizabeth (Liz) Lewin, na Kaapstad vertrek. Die tog is aangepak



*Bram Fischer as studenteleier van die Nasionale Party aan die woord in 1929 by die Suid-Afrikaanse studente-parlement waarvan hy in 'n stadium eerste minister was.*

enersyds as blaaskans na die uitputtende Rivonia-verhoor en andersyds om saam met hulle dogter, Ilse, toe 'n finale jaar BA-student aan die Universiteit van Kaapstad, haar 21ste verjaarsdag te vier.

Molly het aanvanklik hulle grys Mercedes-Benz bestuur terwyl Bram agterin gerus het. Almal was in 'n gemoedelike stemming oor die afloop van die verhoor waarin Bram 'n leeue-aandeel gehad het om te verhoed dat Nelson Mandela die doodstraf opgelê word.

Terwyl dit vinnig skemer word, het Bram en Molly tussen Kroonstad en Ventersburg plekke geruil. Sowat tien kilometer anderkant Ventersburg op pad na Winburg, by die brug oor Koolspruit, het dit gebeur. Net voor die brug het 'n bees oor die pad geloop. Skielik, uit die skemer, het 'n motorfiets te voorskyn gekom. Die bees het geskrik en weer terug in die pad beweeg. Bram het instinktief uitgeswaai. Die Benz het die pad verlaat, teen die skuinste van die brug afgestort, oor 'n klein wilgerboom en deur 'n heining tot op die rivierwal.

Bram en Liz Lewin kon ongedeerd uit die motor kom. Molly, wat vermoedelik bewusteloos en agterin vasgekeer was, het saam met die motor, wat skielik vorentoe gegly het, in 'n diep poel water verdwyn ... en verdrink.

'n Paniekbevange Bram het tevergeefs probeer om Molly te red. Hy het herhaaldelik afgeduik, selfs van die brug af om diepte te kry. Ook helpers wat dadelik opgedaag het, kon Molly nie in die donker water bereik nie. Van die omstanders moes Bram na 'n wyle verhinder om verder te probeer, omdat hy weens uitputting sy eie lewe in gevaar gestel het.

Die hospitaal op Winburg het aan die geskokte Bram en Liz droë klere verskaf. Saam met sy broer, dokter Paul Fischer, wat van Bloemfontein af gekom het, het hulle die nag terug na Johannesburg vertrek.

Daar moes verskriklike emosies deur Bram gespoel het in die wete dat sy vrou nog in haar watergraf lê en dat hy verantwoordelik vir die ongeluk was.



*Bram en Molly Fischer op hul troudag in Bloemfontein, 1937. (foto VPAB)*



*Molly Fischer met haar eersteling, Ruth, in 'n Johannesburgse verpleeginrigting, 1939. (foto VPAB)*

Met veel moeite het die polisie eers die volgende dag daarin geslaag om die motor en Molly se lyk uit te haal.

Onder familie, vriende en kamerade – wit, swart en Indiër – was die hegte liefdesband tussen Bram en Molly legendaries. Hy het sy vrou, wat hom deur dik en dun in sy struggle-aktiwiteite bygestaan het, ontsaglik gemis. Menigeen was van mening dat hy na sy inhegtenisneming deur die veiligheidspolisie in 1965 nie tydens borgtog sou onderduik het indien Molly nog gelewe het nie. 'n Handeling wat sy uiteindelike straf weens sy kommunistiese bedrywighede tien maal erger gemaak het – lewenslank!

Maar dit blyk dat hy na sy geliefde Molly se dood nie meer omgegee het nie ...

Bram is later weens kanker begenadig om by sy broer in Bloemfontein in 1975 aan huis te sterf.

Met sy begrafnis in Bloemfontein, het 'n ironiese gebeurtenis plaasgevind. Vriende, aktiviste en kamerade het op Bloemfontein toegesak om die laaste eer te bewys. "Byna elke kommunis van naam was daar!" is gesê.

Vooraf was daar sagte orrelmusiek. Terwyl Bram se stoflike oorskot in die goedkoop houtkis stadig op rollers deur 'n opening in die krematoriumkapel na die verassingsoond beweeg het, is *O Boereplaas* op die orrel gespeel. Otto le Roux van *Die Vaderland* het in sy verslaggewing onder die opskrif "'O Boereplaas' toe Bram na die oond beweeg" geskryf: "Bram Fischer was 'n kommunis. Dit was 'n anderse verassing." Hy sou ook sinies uitwys dat alles in Engels was, en dít vir die 'groot Afrikaner' wat so baie vir die Afrikanerdom gedoen het.

Met die vieringe van Mimi Coertse se 80ste verjaarsdag in 2012 is haar asemrowende vertolking van dié lied met haar hemelse operastem graag opgehaal. In onse Mimi se eie woorde vertel sy hoe sy almal aan die tjank gehad het met haar voordrag in 1961 van *O Boereplaas* by die Voortrekkermonument se amfiteater. Sy voeg by dat *O Boereplaas* vir haar 'n lied is wat vir alle mense ongeag hul kleur geld.

En in Skouspel 2004 in die Superbowl (Sun City) het 5 500 toeskouers aangedaan stil geraak toe Elzabe Zietsman *O Boereplaas* sing, ingeweef met *Shosholoza* van die Anglo-Gold-koor.

Tereg so, want die 'plaaslied' is 'n pragtige lied met hartroerende woorde deur C.F. Visser en verwerk deur die bekende Dirkie de Villiers wat so reg op die hartsnare van die boer en die Afrikaner speel. Saam met immergroen liedjies soos *Al lê die berge nog so blou*, *Vaarwel my eie soetelief*, *Piekanienie-wiegelied*, *Kokkewiet* en *Magaliesburgse aandlied* word *O Boereplaas* as volkseie beskou:

*O boereplaas, geboortegrond!*
*Jou het ek lief bo alles.*
*Al dwaal ek heel die wêreld rond,*
*Waar so gelukkig, so gesond?*
*O boereplaas, geboortegrond!*
*Jou het ek lief bo alles.*
*O moederhuis, waar ooit so tuis?*
*Jou het ek lief bo alles.*
*Die wêreld, rykdom, prag en praal*
*Kan jou verlies my nooit betaal.*
*O moederhuis, waar ooit so tuis?*
*Jou het ek lief bo alles.*
*O moedertaal, o soetste taal!*
*Jou het ek lief bo alles.*
*Van al die tale wat ek hoor,*
*Niks wat my siel so bekoor.*
*O moedertaal, o soetste taal!*
*Jou het ek lief bo alles. - CF Visser (c.1940)*

Dit word op die wysie van die bekende Duitse lied *O Tannenbaum* (O denneboom) gesing wat uit 'n tradisionele Duitse volksliedjie ontspring het en waaraan die orrelis en komponis Ernst Anschütz van Leipzig in 1824 die moderne gestalte gegee het. Teen die vroeë 20ste eeu is dit met die Kersboom geassosieer en as 'n Kerslied gesing. In Engels staan dit bekend as *O Christmas tree*.

Die lied bevat egter 'n ironiese kinkel deurdat dit 'n stewige skeutjie 'Rooi Gevaar' omvou, want die lied nestel ook onder die titel *The Red Flag* diep in sosialistiese en kommunistiese geledere. En ons weet hoe alles wat na sosialisme en kommunisme geruik het deur die apartheidsregering op sy hoogtepunt meedoënloos neergeslaan is en deur die Afrikaners verfoei is.

Reeds in Oktober 1946 het die Anti-kommunistiese Aksiekommissie, onder die vlerk van die NG Kerk, die lig gesien. Hierin het talle bekende Afrikanerleiers uit alle oorde gedien om kommunisme die stryd aan te sê. Etlike wette het gevolg om kommunisme aan bande te lê. Bygesê, na die Tweede Wêreldoorlog was die Weste oor die algemeen bang vir die kommunistiese bedreiging. Om aan die bewind te bly, het die apartheidsregering wel deeglik daarin geslaag om sy ondersteuners, die Afrikaners, deur oorweldigende propaganda uit politieke, kerklike en kulturele kringe te laat glo dat die kommuniste beplan om godsdiens te verbied, privaat eiendom te konfiskeer, die regering tot 'n val te bring en 'n swart republiek te skep waar swart en bruin mense die septer sou swaai. Die regering het meermale daarin geslaag om die toenemende kommunistiese aktiwiteite in die land te gebruik om plaaslike politieke probleme te verduidelik.

Die oorsprong van *The Red Flag* is inderwaarheid die volkslied vir internasionale sosialisme. Die rooi vlag as sodanig word algemeen as 'n sosialistiese en kommunistiese embleem gesien. In 1889 het die Ierse sosialis Jim Connell, 'n dokwerker wat vanweë vakbondbedrywighede op die swart lys geplaas was, die lied *The Red Flag* geskryf wat gewoonlik veral by protesbyeenkomste deur linkses op die wysie van *O Tannenbaum* gesing word.

By die Britse Arbeidersparty was dit eens die gebruik om die lied met die afsluiting van hul jaarkongres te sing. Die 'rooi vlag'-lied het so 'n vastrapplek in die Britse alledaagse kultuur gekry dat kinders uit die werkersklas dikwels verras is om uit te vind dat die lied in die res van die wêreld as *O Tannenbaum* of



*Bram Fischer en sy dogter Ruth.*

*O Christmas Tree* bekend staan. Soms word net die eerste vers en koorgedeelte gesing en die bekendste weergawe lui:

*The people's flag is deepest red,*
*It shrouded oft our martyred dead;*
*And ere their limbs grew stiff and cold*
*Their life-blood dyed its every fold.*
*Then raise the scarlet standard high;*
*Beneath its folds we'll live and die,*
*Though cowards flinch and traitors sneer,*
*We'll keep the red flag flying here.*
*- Jim Connell (1852-1929)*

Die speel van *O Boereplaas* het tot die genoegdoening van die begrafnisgangers 'n ironiese kinkel aan die diens verleen. Volgens Ilse Wilson, Bram se dogter, is die orrelis, wat in Boeremusiek gekonfyt was, vroom gevra om die lied te speel. Hierdie orrelis was klaarblyklik onbewus daarvan dat dit ook met 'n sosialistiese strydlied verbind word.

So is Bram Fischer, danksy *O Boereplaas*, onder die neuse van die veiligheidspolisie met die opklink van die rooi-vlag lied die ewigheid in sonder dat lont geruik is. Uit 'n ander hoek beskou, het die lied tog by hom gepas – sy liefde vir die plaaslewe, sy hegte band met sy moeder en sy aanklank by Afrikaans ondanks die kommunistiese Engelse milieu waarin hy hom bevind het.



*Kollegas van Bram Fischer daag in Mei 1975 by sy verassingsdiens in Bloemfontein op. Van links na regs is die menseregte-advokaat George Bizos en mevrou Bizos, advokaat L.R. Dison en advokaat Issy Maisels. (foto VPAB –* The Friend*-versameling)*

# Cecilia Wessels: Ons eie grande dame

Vandag, soos in die verlede, is dit steeds 'n taamlike stryd in Suid-Afrika vir sangers in die klassieke musiekgenre en in besonder operasangers om 'n gerieflike bestaan te maak. Dikwels kry hulle hier ook nie die erkenning wat hul talent verdien nie en moet dit oorsee gaan najaag.

Opera was nog deur veral die streeksrade (Truk, Kruik, Naruk en Sukovs) omhoog gehou in die ou Suid-Afrika, maar met die koms in 1994 van 'n nuwe daeraad in die land het die instellings verval en oorleef opera en klassieke musiek slegs deur fyn en behoorlike beplanning.

Sangers en sangeresse van weleer soos Gé Korsten, Gert Potgieter, Rudi Neitz en Leonore Veenemans het hul op ernstige musiek toegelê, maar daarbenewens het hul populêre aanslag deur Afrikaanse liedjies te sing, hulle uiters gewild onder die publiek gemaak en hulle kon in Suid-Afrika oorleef.

Diegene wat nie bereid is om hulle talent op ligte populêre musiek te laat oorspoel nie, kan weliswaar kop omhoog hou, maar hul pad is nie altyd met rose besaai nie.

Die operadiva en sopraan Mimi Coertse het reeds vroeg besef dat sy oorsee sou moes gaan om die musiekkuns wat sy verteenwoordig tot sy reg te laat kom. In 1953 het sy haar fortuin in Oostenryk gaan soek waar sy die liefling van die Weense operaverhoog geword het. Sy het haar eers weer jare later in haar vaderland suksesvol gevestig.

Tans is daar ook etlike uiters talentvolle jong nuwe Suid-Afrikaanse operastemme wat met groot sukses hulle in die buiteland bevind eerder as om hier ter plaatse aan te sukkel. So gebeur dit dat Europese en Amerikaanse operagehore ongetwyfeld baat vind by sommige se siening "dat opera as kunsvorm in Suid-Afrika in 'n kreeftegang is".

Cecilia Wessels (1895-1970) was waarskynlik volgens heelwat kenners een van ons eie artieste wat gedurende haar glansjare die swaarste onder miskenning deurgeloop het. Toe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n Erepenning vir Musiekkuns (Sang) in 1959 aan Cecilia in Stellenbosch toegeken het, was dié beroemde dramatiese sopraan en sangeres van internasionale aansien se plaaslike ondersteuners lankal opgeklits en suur oor die koue skouer wat sy soms van haar eie mense ontvang het.

Kan 'n sangeres, het menigeen gevra, wat vir ongeveer 50 jaar in die kalklig was, in van die bekendste opera- en konsertsale van veral Brittanje opgetree het, duisende bewonderaars gehad het en gewoonlik deur kritici uitermatig geloof is, in haar eie land misken word?

Hierdie sopraan, ook bekend as die Vrystaatse Nagtegaal, was die jongste dogter van die bekende welgestelde Vrystaatse politikus en boer, sir Cornelis Wessels (sien bladsye 40 en 65), wat aanvanklik op Kwaggafontein buite Bloemfontein geboer het. Cecilia is dus gebore en getoë in Bloemfontein, maar het haar later permanent in Kaapstad vestig.

Cecilia Wessels was in haar leeftyd en op die kruin van haar loopbaan, volgens heelwat musiekkenners, stellig as die grootste sangeres van haar klas in Suid-Afrika beskou. Sy was by uitstek as Wagner-vertolkster bekend wat veral in die 1930's en later weer in die 1950's groot roem in Brittanje se opera- en konsertsale verwerf het. Nietemin het sy altyd Suid-Afrika haar tuiste gemaak.

Met haar innemende en kleurryke, selfs oorweldigende persoonlikheid en suiwer stem het sy die Suid-Afrikaanse musiekwêreld in 'n sekere sin jare lank oorheers. En 'n legende geword. Soms is daar selfs gewonder of dit haar stem of haar karakter was wat haar bewonderaars die meeste betower het. Sy het 'n oorweldigende lewensblyheid uitgestraal wat des te meer oorgekom het omdat sy so groot van gestalte was. Ofskoon sy as 'n statige wêreldwyse sopraan kon deurgaan, het sy aan die ander kant die liefdevolle plat-op-die-aarde Boerenooi gebly wat by tye ontsettend amusant kon wees.

Die prima donna, ondersteun deur heelwat musiekkritici, sou egter deurgaans en ietwat verwytend die mening huldig dat haar eie land, waar sy haar veral op die konsertverhoog toegespits het, nie haar grootse talent genoegsaam waardeer nie, en dat sy meermale haar heil oorsee moes gaan soek om dit tot sy reg te laat kom. Dít alles ten koste van die opoffering van haar pligte as moeder wat haar des te meer verontreg laat voel het oor die behandeling wat sy in die land gekry het. Haar kinders het haar juis in 'n sekere sin verwyt omdat sy so gereeld afwesig was om haar sangloopbaan te dien gedurende hul opgroeijare.

Die musiekopvoeding en -ontwikkeling in Suid-Afrika was gedurende die diva se bloeitydperk nog jonk en dikwels ongekunsteld.



*Cecilia in haar jong jare. (foto NALN)*

Die swaar sang van 'n dramatiese sopraan soos Cecilia is vanselfsprekend nie altyd die gunsteling keuse van die deursnee publiek wat hulle gewoonlik toespits op meer populêre en ligte musiek nie. Daar wás vol sale in die stede en platteland, maar dit was nie 'n tendens wat deurentyd voorgekom het nie.

As gesoute en bedrewe artieste sou Cecilia nooit op die verhoog wys dat 'n swak opkoms haar hinder nie. Met sjarme en hoflikheid het sy haar beste vir die kleinste gehoor gegee.

Haar repertoire het aanvanklik weinig Afrikaanse liedere (let wel, nie liedjies in die sin van populêr nie) ingesluit, aangesien daar nog min sodanige liedere was wat met gemak by haar stem gepas het. 'n Groot deel van haar ondersteuningskorps was juis Afrikaners, maar haar genre het meegebring dat potensiële ondersteuners nie soseer getrek is na haar uitvoerings nie.

Cecilia self het verklaar dat sy graag meer Afrikaanse liedere sou wou sing, maar dat daar weinig was wat in haar klassieke programme geakkommodeer kon word. Aangesien die aandrang onder veral plattelandse gehore so sterk was om Afrikaans te hoor, het haar repertoire wat Afrikaanse liedere betref later meer as 20 ingesluit.

*Liefdeswee* van Mornay du Plessis word vandag steeds as een van haar treffendste vertolkings beskou wat menige musiekliefhebber hoendervleis gee, om nie eers te praat van die *Onse Vader* nie.

Die diva het natuurlik volstrek geweier om haar musiekaanslag te verlaag en meer populêre Afrikaanse liedjies te sing wat sekerlik heelwat meer aanhangers tot gevolg sou gehad het. Sy het 'n standaard gehad om te handhaaf en handhaaf sou sy dit, leërige sale of nie!

Cecilia wou die hoër musiekkuns soos internasionaal vergestalt na haar landgenote tot in die verste uithoeke van die land bring en hulle sodoende ophef. Haar uitreiking na die plattelanders was vir haar 'n soort roeping, 'n liefde vir die saak, sodat vergoeding baie keer allermins 'n rol gespeel het. Gedurende die vroegste jare van haar loopbaan moes sy selfs met 'n perdekar deur die stof aansukkel om op die platteland 'n konsertbestemming te bereik – 'n bestemming waar die akoestiek in die sale meermale swak was en die klavier soms so uit stemming dat sy beswaarlik die begeleidings herken het. Sy was voorwaar bekend vir haar talle liefdadigheidskonserte.

Die uitsonderlike erkenning wat gewoonlik in Suid-Afrika aan 'n besoekende oorsese kunstenaar ten koste van hul plaaslike eweknie gegee is, het menige kritici in daardie jare woedend gehad. "As Xexilia Wessellofska, of iemand dergeliks, gisteraand in die stadsaal



*Cecilia Wessels saam met haar eggenoot Bee (Ernest Edwin) Beecroft en kinders Celia (Cecilia Magdalena) en John (Edwin John Wessels).*

opgetree het, sou daar nie een enkele leë sitplek gewees het nie," het 'Emol' (Charlie Weich), die bekende musiekkritikus van *Die Burger*, by geleentheid gegrief oor die toedrag van sake opgemerk, "maar hierdie keer was dit Cecilia Wessels, 'n gebore Suid-Afrikaner, en ons kan en wil maar nie ons eie juwele waardeer nie."

In 'n stadium was 'n musiekliefhebber uiters onvergenoegd oor dié opkoms van "minder as 'n handjievol" na 'n Johannesburgse uitvoering van Cecilia –'n kunstenares van internasionale peil! Die Johannesburgers is gemaan dat hulle na dese geen besondere rede het om met hulleself tevrede te wees nie, want as die kunspubliek geen waardering vir hulle eie beste kunstenaars het nie, verdien hulle ook niks goeds uit die buiteland nie.

Hierdie tendens sou hom dekades na haar afsterwe steeds in die land afspeel en nou des te meer op die populêre verhoog. Met die opheffing van die kulturele boikot in die vroeë 1990's is die deure na Suid-Afrika se konsertsale wyd oopgegooi. Oorsese supersterre (waarvan sommige se glans al verdof het) het die land binnegestroom soos nog nooit tevore nie, die rooi tapyt is uitgegooi en hulle is soos koninklikes ontvang en gepamperlang. Hoewel plaaslike musiekkunstenaars soms van hulle kan leer, hoef etlike van ons kunstenaars nie vir die oorsese besoekers terug te staan nie, maar soos in Cecilia se geval kry hulle nie altyd die erkenning wat hulle voorwaar toekom nie.

Hoe ook al, vol of half-leë sale, Cecilia se getroue ondersteuners en aanhangers, asook diegene wat aanklank by haar repertoire gevind het en talle musiekkritici, het deur hulle toejuigings en ondersteuning haar skitterende prestasies op die verhoog dankbaar erken. Onder hulle was daar 'n gevoel van trots vir hierdie uiters begaafde dogter van Suid-Afrika. En vir hulle het Cecilia haar hart uitgesing.

In 'n mate was Cecilia egter self aandadig aan die sogenaamde miskenning wat oor haar gehang het, het sommige geoordeel. Weens haar temperament, haar gebrek aan valse beskeidenheid en haar uitgesprokenheid wat dikwels meer emosioneel as logies was, het besture soms teruggedeins om gebruik te maak van die dienste van die prima-donna wat partykeer geneig was om eiesinnige eise te stel.

Cecilia het verder veronreg gevoel dat geen platemaatskappy die inisiatief of geesdrif gehad het om haar stem, wat aan soveel musiekliefhebbers plesier verskaf het, op kommersiële plate vas te lê nie. Die mark vir so 'n plaat in daardie jare was glo volgens hulle nie groot of winsgewend genoeg nie. Die SAUK se transkripsiediens het darem deur die jare 'n reeks Wessels-opnames gemaak. Eers in 2005 met die verskyning van haar biografie is 'n CD van haar ingesluit en was haar musiek sodoende meer toeganklik vir haar bewonderaars.

Ironies genoeg was Cecilia in 1930 die eerste sangeres van wie elektriese plaatopnames in Suid-Afrika gemaak is.

Die argwaan waarmee die musiekhiërargie in die land haar soms behandel het en die tragedie, soos sommige dit prontuit gestel het, dat die vrou met dié merkwaardige talent in ons kultuurlewe 'n relatief onbenullige plek toegeken is, is in 1959 met die toekenning van die goue erepenning effens ongedaan gemaak. In die huldigingswoord wat aan haar tydens die Akademie-geleentheid opgedra is, is daarop gewys dat sy "deur uitmuntende prestasie in alle dele van ons land stellig die grootste bydrae van al ons sangeresse tot die musieklewe in Suid-

Afrika gelewer het". Besondere klem is op die diva se kultuurbydrae tot die platteland geplaas.

Die bekende skrywer-joernalis van *Rapport* en later ook assistentredakteur, wyle Rykie van Reenen, wat die plegtigheid meegemaak het, vertel: "Na Cecilia se aanvaarding van haar prys het ons almal reikhalsend uitgesien. Ek het kort tevore 'n onderhoud met haar gehad, en sy het gesê dat sy het vir Pietertjie Naudé van die Uitsaaidiens gevra wat dit presies was wat sy sou kry, en Pietertjie het vir haar gesê dis die hoogste onderskeiding wat 'n mens in Suid-Afrika kan kry – 'min of meer die Oscar', het sy aan my verduidelik. Sy het regtig met genot en selfvertroue haar Oscar gaan haal en op die regte plek 'n traan gehad om weg te pink ..."

Maar 'n soortgelyke toekenning aan die bekende Suid-Afrikaanse mezzo-sopraan Betsy de la Porte (1901-1977) reeds die jaar tevore het Cecilia sekerlik nie onaangeraak gelaat nie ...

Die wêreld het inderdaad nog maar min sangeresse soos Cecilia Wessels opgelewer wie se loopbaan op die verhoog meer as 50 jaar geduur het en wie se basiese stemkwaliteit min tekens van verweer getoon het. Selfs toe sy in haar sewentigerjare was, het haar stem grootliks sy helder timbre behou, die sterk volume asook die vermoë om 'n pianissimo met verbysterende beheer te sing.

Verhoogkunstenaars sien gewoonlik bitter moeilik af van die glansligte en luide applous. Hulle sal voortbeur so lank hulle nog 'n redelike suiwer noot kan uitkry om net nie die finale afskeidskonsert te beleef nie.

Maar, wanneer jy as bedrewe en gevestigde sanger jou woorde begin vergeet as gevolg van die afbrekende tentakels van die ouderdom, is die skrif voorwaar aan die muur. Die finale valbyl van jou sangloopbaan is 'n treetjie nader en dit raak al hoe moeiliker om die gehoor te flous.

Ten minste het Cecilia net betyds begin besef dat haar tyd verby is met die geheue wat begin lol. Sy het daarin geslaag om darem grootliks met eer uit stryd te tree deur uiteindelik afskeidskonserte te hou.

Sedert die begin van die 1960's het Cecilia gedreig om uit te tree. Maar sing en die openbare verhoog was in haar bloed. In dieselfde asem sou die doyenne haar uitree-praatjies onderworpe stel aan geleentheidsoptredes, veral vir liefdadigheid. In die vroeë sestigerjare het sy inderdaad haar aanhangers wat aangeneem het dat hulle 'n afskeidskonsert beleef, telkemale verras deur wéér terug te keer.

Die bekende destydse dirigent van die Kaapstadse stadsorkes, David Tidboald, wat in hierdie jare saam met die *elderly lady* etlike van haar sogenaamde afskeidskonserte meegemaak het, vertel met 'n vonkel in die oog hoe Cecilia as kanniedood elke keer hom weer aanpraat oor wanneer die volgende uitvoering dan is. Sy respons dat hulle reeds afskeid geneem het, maak sy dan af as 'n Donderdag-konsert en nié 'n Sondag-konsert nie.

Op 72-jarige leeftyd het Cecilia in 1967 op kort kennisgewing deur die nag van Kaapstad na Oudtshoorn gereis om as plaasvervanger vir Mimi Coertze as solis by 'n spesiale konsert saam met Gé Korsten in die Kango-grotte op te tree. Mimi het spesiaal van Oostenryk gekom vir die okkasie, maar het op die nippertjie ongesteld geraak.

Cecilia het graag vir 'n ieder en 'n elk van hierdie wedervaring van haar vertel. Sy en haar eggenoot, Bee, is in die middernagtelike ure in hul Seepunt-woonstel in Kaapstad wakker gebel. Sy het verskrik geantwoord met

die gedagte dat dit 'n doodstyding moes wees. Maar dit was 'n dringende versoek om in die grotte te sing. Cecilia het ingewillig, want "my land het my nodig". 'n Slaaplose nanag het gevolg, want die opwinding was groot. Tasse pak en musiekstukke uitsorteer moes so in die pajamas aandag kry.

Na 'n repetisie was Cecilia reg vir die aand. Sy het voor sowat 1 800 mense, waaronder verteenwoordigers van etlike ambassades (hulle het natuurlik almal vir Mimi kom hoor sing, soos Cecilia opgemerk het), een van die beste vertonings van haar lewe, onder begeleiding van Pieter de Villiers, gelewer. Sy sou later korswel dat sy bevrees was die grotte gaan onder die aanslag van haar stem ingee.

So uitmuntend het Cecilia haar op haar gevorderde ouderdom van haar taak gekwyt dat die eerste minister, John Vorster, haar na die vertoning meegedeel het dat hy oortuig is dat God die Kango-grotte spesiaal geskep het sodat sy eendag daarin kon sing.

Soos die tyd aangestap het, is dit vanselfsprekend dat tekortkominge in haar stem sou deurslaan. Cecilia se ondersteuners, aanhangers en resensente het geleidelik die onvermydelike begin insien: sy kon nie vir altyd die gehore betower nie. Maar dit was asof hulle met 'n oordrewe aanslag van lowende kritiek in die openbaar en met spartaanse verwysing van verval die werklikheid wou verdoesel en die diva wou dra om steeds haar beste te gee.

Groot kommer het in hierdie gevorderde leeftyd van Cecilia geheers oor haar geheue wat haar al hoe meer in die steek begin laat het. John, haar seun, vertel dat sy ma toe al hoe



*Cecilia tydens 'n optrede saam met die Kaapstadse stadsorkes.*

meer die grootste nonsens kwytgeraak het en hulle haar dikwels moes maan dat sy goed herhaal.

Hierdie tendens is immers reeds teen die einde van die 1950's deur kritici waargeneem omdat sy met die boek in die hand moes sing. Toe dit weer tydens 'n uitvoering van 'n Wagner-konsert in Kaapstad plaasvind, is pertinent in 'n resensie genoem dat dié gebruik beslis afbreuk aan haar wonderlike stem en statuur doen.

Haar optredes is al hoe meer hierdeur geraak. Cecilia het nogal meesterlik ontkom uit hierdie netelige situasies wanneer sy op die verhoog 'n *blank strike* – sy het gewoonlik verontwaardig na die begeleier getuur asof dié 'n fout begaan sodat sy nie ongestoord kon voortsing nie.

Ofskoon haar bewonderaars hierdie verval van die ou-diva as hartseer beleef het, het hulle die ietwat slinkse taktiek van haar om ongeskonde uit die stryd te tree tog in 'n mate amusant gevind. Dit was immers die grote Cecilia Wessels waarmee hulle te doen gehad het.

Laura Searle wat die laaste tien jaar van haar optredes een van haar begeleiers was, vertel met deernis dat Cecilia erken het dat sy haar konsentrasie verloor.

Eers in 1968 toe sy reeds 73 jaar oud was, het Cecilia besluit om finaal die tuig neer te lê. In daardie jaar het haar afskeidskonserte – haar goue jubileumjaar – deur Suid-Afrika ernstig 'n aanvang geneem en is in Oktober 1969 afgesluit. Haar konserte was soos van ouds 'n dawerende sukses.

Op haar gevorderde ouderdom het sy steeds die konsertgangers en resensente in vervoering gehad oor die soepelheid en volheid van haar stem asook haar tegniese vaardigheid.

By die afskeidskonserte was daar die blomme, die ruikers en die trane – die gehoor en Cecilia inkluis! Sy is deur juigende gehore herhaaldelik na die verhoog teruggeroep.

Toe sy in Maart 1969 die laaste keer saam met die Kaapstadse Simfonieorkes opgetree het, is sy deur die seremoniële staatspresident, Jim Fouché, en sy vrou staande toegejuig. Hulle het ook gemoedelik saam met haar vir 'n foto geposeer.

Almal het hartseer geweet dat met haar vertrek eindig 'n era wat haar 'n legende in haar leeftyd gemaak het.



*Cecilia Wessels aan die einde van haar lewe. (foto NALN)*

# *Via dolorosa* van die Vrystaatse Indiërs

In 2010 was dit die 150ste herdenking van die aankoms van die Indiër-gemeenskap (ook bekend as 'Asiate') in Suid-Afrika. Suid-Afrikaners van Indiese oorsprong bestaan uit 'n heterogene gemeenskap wat deur verskeie tale, gelowe en plaaslike oorsprong gekenmerk word.

Ofskoon daar in die heel vroegste Kaapse tyd Indiese slawe was, word die koms van die Indiërs na die land aan November 1860 gekoppel. Toe het die eerste ongeveer 150 Indiërs aan boord die *Truro* in Durban geland om as kontrakwerkers diens te doen. Hulle is veral op aandrang van die suikerboere en handelaars van Natal ingevoer om 'n tekort aan handearbeiders te voorsien. Hulle is gevolg deur 'passasier'-Indiërs (so bekend omdat hulle hul eie reisgeld vanaf Indië betaal het) om handelsondernemings in Natal of Transvaal te begin. Hulle was hoofsaaklik Britse onderdane. Later was daar die vrye Indiërs (so bekend omdat hulle met die beëindiging van hul kontrak 'n gratis vryskeldingsertifikaat ontvang het waarvolgens hul in teorie enige werk in die land kon doen en woon waar hulle wou). Hulle het ook na die Kaap uitgewyk en aan die begin van die 1880's het enkeles hul weg na die Vrystaat gevind.

In 1986, net meer as 100 jaar sedert ordonnansie 1 van 1885 in die Vrystaat aangeneem is en wat Indiërs se regte erg inperk het, is in die Volksraad deur Willem Odendaal van die regerende Nasionale Party (NP) opgemerk dat dié provinsie die wysiging in die wet verwelkom wat Indiërs bewegingsvryheid in hul eie vaderland gee. Sedert die 1970's het daar inderdaad heelwat openbare protesstemme opgegaan teen die beperking van Indiërs in die Vrystaat en hul eiesoortige posisie in die provinsie.

Nietemin was daar na dekades op die hervormingspad in Suid-Afrika steeds diegene wat nie daarmee kon vrede maak dat hierdie 'vreemdelinge' in hul midde in die Vrystaat toegelaat word nie. Uit regse geledere was emosies opgejaag oor die wetgewing wat uiteindelik wetlike beperkings op Indiërs in die provinsie opgehef het. Ofskoon die regses in die parlement deur die Nasionaliste gekoggel is dat van hulle voorouers van Oosterse afkoms is en dat in Transvaal en Kaapland Indiërs al jare saam met blankes woon sonder dat iemand se kultuur of vryheid enigsins daaronder gely het, het die Konserwatiewe Party en die Herstigte Nasionale Party die wetsontwerp beskou as die doodsklok vir blankes in die Vrystaat. Die Indiërs is prontuit gewaarsku dat as die regses die land oorneem, is hulle uit die Vrystaat.

Die Indiërs in die Vrystaat het voorwaar nie 'n maklike pad geloop nie. Hulle aankoms in die Vrystaat in die vroeë 1880's het onmiddellik die wit Vrystaters se agterdog gewek oor hierdie *vreemde Kleurlingen* in hul poorte. Lank voor hierdie tyd en voor die Vrystaat in 1854 'n republiek geword het, het Frederik Opperman (sy pa was 'n Indiër en sy ma Frans) hom in die gebied suid van Bloemfontein bevind, onder andere in Philippolis asook later in Bethanie. Vanweë sy gemengde afkoms het hy eerder as 'kleurling' deurgegaan en kan dus nie as die eerste ware Indiër in die Vrystaat beskou word nie.

Al was die Indiërs in die republiek Oranje-Vrystaat (1854-1902) min, het hulle in die gemeenskap onmiddellik uitgestaan as volksvreemd. Hulle kon dus nie wegsmelt in die massas nie omdat die wit en swart bevolking in die dorpe klein was en selfs die hoofstad Bloemfontein het in daardie jare die omvang van 'n groterige dorp gehad.

Verwarring het geheers oor wat om hulle te noem: *Indianers*, *Arabieren*, *Chinezen*, *Aziatisch* en *Kleurlingen* sou opduik. Die Asiate in die Vrystaat was hoofsaaklik Indiërs en dit is ook die benaming waarmee hier volstaan is.

Sedert die Indiër-vasvatwet van 1885 in die Oranje-Vrystaat die lig gesien het, het die land se houding teenoor dié mense in skerp kontras met die meer liberale optredes teenoor ander gestaan. As gevolg van die Londen-konvensie was die Boererepubliek Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek) genoop om hulle met die Asiate in hulle midde te versoen, terwyl Natal en die Kaap uit die aard van hul Britse administrasie veel toegeefliker teenoor die Indiërs was nieteenstaande heelwat protes van die wit inwoners. Na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die Oranje-Vrystaat en Transvaal Britse kolonies geword en die vier kolonies in Suid-Afrika sou steeds voortgaan om wetgewing toe te pas wat teen Indiërs gediskrimineer het. Party van hierdie wette het na Uniewording in 1910 van krag gebly en ander is deur Unie-wetgewing gewysig.

In die provinsie Oranje-Vrystaat sou die knelgreep op Indiërs die ergste bly.

Maar hoe het die Indiërs in die (Oranje-) Vrystaat se *via dolorosa* sedert 1885 verloop toe hulle volgens wet as nie-wittes beskou is en net soos die swart bevolking geen aanspraak op burgerskap of stemreg gehad het nie? Daarby is hulle ook van handel uitgesluit behalwe as toestemming daarvoor gegee word. Van 'n verbod op die inkoms van Indiërs was daar egter nog geen sprake nie.

Die gevoel van die wit inwoners en hul leierskorps teenoor die Indiërs het aanvanklik wipplank gery. Veral die boere het aanklank by die Indiër-handelaars gevind omdat hulle sakevernuf goedkoop ware tot voordeel van die boere opgelewer het. Daarenteen het die wit handelaars, waarvan baie Engelse was, die Indiërs hieroor verwens omdat dit vanselfsprekend hul sakebedrywighede benadeel het.

Hoe ook al, die meerderheid wit inwoners van die Vrystaat het die Indiërs as 'n bedreiging op ekonomiese en maatskaplike terrein gesien. Hulle is as bloedsuiers afgemaak wat vir eie gewin in die Oranje-Vrystaat dolwe en nie die algemene belange van die staat op die hart dra nie. Hulle aanspraak op vryhandel, persoonlike vryheid en eiendomsreg het die wit gemeenskap verder die harnas ingejaag. Dit was immers regte wat slegs wit mense, die regeerders van die land, toegekom het en die Indiërs het nie in dié kategorie geval nie.

Toe die Indiërs so ver gaan as om die Britse hoë kommissaris te vra om in te gryp – Indië was immers sedert die begin van die 17de eeu tot 1947 onder Britse heerskappy – en na hulle belange om te sien, het die onafhanklike Vrystaat dit as uitermatig verregaande beskou. Buitelandse inmenging is ten sterkste afgekeur waarna die hoë kommissaris se hande afgekap was.

Verder is uit wit geledere besware van onsedelikheid, gekoppel aan vreemde godsdienstige begrippe en onhigiëniese lewenswyse dikwels geopper. Die Volksraad van die Oranje-Vrystaat is inderdaad oorval met proteskrifte oor die sogenaamde Asiate-vraagstuk.

Alles het daartoe gelei dat dié liggaam, nadat enkele te krasse bepalings geskraap is, ordonnansie 29 van 1890 aanvaar het. Ook die ietwat liberale *The Friend* het hom by die anti-Indiër-brigade geskaar met die opmerking: "Asiatics are not a desirable class to have in a white man's country." Die aanvaarding van die wet is deur *De Express*, spreekbuis vir die behoudende republikeinse gemeenskap, onder die opskrif "Bevrijd van de Asiaten" verwelkom.

In die geskiedenis van rasse-verhoudinge in die Vrystaat moet dié wet sekerlik as een van die ingrypendste en mees drastiese maatreëls beskou word. Daar is onder andere bepaal dat geen Asiaat van watter afkoms ook al hulle in die Vrystaat kon vestig of langer as twee maande in die staat vertoef sonder die uitdruklike verlof van die staatspresident nie. Hulle kon ook nie enige sake-onderneming, direk of indirek, bedryf nie en hulle kon slegs as arbeiders, huisbediendes of kelners werk. Enkeles het hulle as laasgenoemde na die Vrystaat gewend en is onder streng voorwaardes toegelaat.

Ofskoon die regering nie 'n algehele verbod op die binnekoms van Indiërs in die Vrystaat geplaas het nie, het die drakoniese maatreëls ongetwyfeld hulle toevloei beperk. Die skrif was nou duidelik aan die muur – die Indiërs was glad nie welkom in die Vrystaat nie. In daardie stadium was daar blykbaar minder as 10 Indiërs in die Vrystaat. In Transvaal sou daar teen 1895 reeds bykans 3 700 Indiërs wees wat teen die einde van die eeu na 17 000 opgeskiet het.

Maar so te sê in alle opsigte was die republiek Oranje-Vrystaat voortaan vir dié handelaars 'n verbode terrein. Selfs onder die Vrystaat se kroonkolonie-tydperk na die Anglo-Boereoorlog kon die paar honderd Indiërs in die kolonie (die aangroei was waarskynlik te danke aan die Britse bewind), selfs met redelike sterk druk vanuit Britse regeringskringe in Londen, nie daarin slaag om wet 29 van 1890 ongedaan te maak nie. Met Uniewording het die ou republikeinse Indiërwet weer deeglik in plek geval. En so sou dit bly tot in die 1980's.

Baie mense sou nog in die volksmond die sogenaamde 24-uur toegewing (die sonop-tot-sononder klousule) – in werklikheid was dit 72 uur – vir Indiërs onthou. Dit het toegelaat dat hulle in die Vrystaat kon vertoef om sake af te handel of om deur die provinsie te beweeg ... voordat 'vrae' gevra word.

So dodelik was die 1890-wet dat die sogenaamde Indiër-vraagstuk vir alle praktiese doeleindes nie meer in die Vrystaat bestaan het nie en sou dit vir dekades van toepassing op die res van Suid-Afrika wees om mee te worstel.

Hoe skaars die Indiërs sedertdien in die Vrystaat sou wees, word weer byvoorbeeld in 1964 gesien toe daar blykbaar geen aanduiding op die sensusopname voorkom van Indiërs in die provinsie nie. Nietemin het *The Friend* daarin geslaag om toe twee persone van Indiese afkoms in Bloemfontein op te spoor – Tommy

Barlow en I. Mahommed, beide getroud met Kleurlingvroue.

Soms het die provinsie Oranje-Vrystaat se owerheid 'n blinde oog gegooi wat betref die woon van Indiërs in die gebied, maar dit kon net so skielik boemerang. So was daar in 1982 die geval van 'n Indiër, ene Abdul Ebrahim, wat vir jare vreedsaam met sy Kleurlingvrou en gesin in Bloemfontein gewoon het. 'n Oorywerige amptenaar wat een oggend met die verkeerde voet uit die bed opgestaan het, het besluit dit is tyd om die ou Vrystaatse Indiërwet drasties toe te pas. Abdul is gedreig dat hy uitgegooi gaan word. Die bekende Bloemfonteinse bruin gemeenskapsleier, Clive Solomon, het ingegryp en woerts-warts het die vindingryke Chris Heunis, die minister van konstitusionele ontwikkeling en voorheen van Indiese sake, gereël dat Abdul as Kleurling geherklassifiseer kon word. Ofskoon hartseer dat hy sy Indiërskap moes opgee, maar tog gewillig om verdere drama te verhoed, het Abdul ook later die ironie in alles gelees – is dit nie eienaardig hoe vinnig mens van ras in Suid-Afrika kan verander nie; die lewe is baie beter as Kleurling in die Vrystaat, want die lewenspad van 'n Indiër hier is maar droewig eensaam, het hy droogweg opgemerk.



*Tommy Barlow (links) en I. Mahommed van Indiese afkoms het in 1964 in die stad gewoon en is deur The Friend opgespoor. (foto VPAB)*

Vandag het veral Indiër-handelaars hulle weer in die Vrystaat tuisgemaak en staan daar ook talle Indiër-leiers hulle plek in regeringstrukture van die hele land vol. Met sy aanvaarding van die eerste demokratiese presidentskap in 1994, het Nelson Mandela ses Indiërs in sy kabinet van 16 opgeneem, wat in werklikheid beteken het dat hulle oorverteenwoordig op uitvoerende vlak in vergelyking met hul bevolkingsgetal (3%) was.

# Bloemfontein se unieke Reservoir-galery

Met die opening in 1989 van Oliewenhuis-kunsmuseum onder die vaandel van die Nasionale Museum en die opening van die Reservoir-galery in 2002 op dieselfde terrein, het Bloemfontein se strewe na 'n eie volwaardige kunsmuseum en -sentrum in die volle omvang van die woord voorwaar volwaardige verwesenliking beleef.

Met die verloop van jare was daar gesamentlike en afsonderlike pogings deur individue en instansies om die oprigting van 'n eie kunsmuseum in Bloemfontein te verwesenlik. By verskeie geleenthede was dit op die rand van sukses, net om weer deur die mat te val. Sodoende het die aanname deur sommige dat Bloemfontein die mees kunsbewuste stad in die land is, onder verdenking gestaan.

'n Skrale ligpunt in die verband was toe 'n voormalige burgemeester van die stad, A.C. White, in 1959 fondse en skilderye geskenk het om 'n kunsgalery, na hom vernoem, in die stadskouburg in te rig. Die galery, wat in 1961 onder die vaandel van die munisipaliteit geopen het, het nooit werklik tot sy reg gekom nie. Daar is gesê: "Die A.C. White-galery het 'n beperkte kunsversameling, die galery is afgesonder en het 'n benouende atmosfeer."

Die Nasionale Museum was een van die groot rolspelers in die verkryging van 'n kunsmuseum vir Bloemfontein. Tussendeur het dié museum sy lokale vir die tentoonstellings van die plaaslike kunsverenigings beskikbaar gestel, terwyl die museumbestuur ook talle individuele kunstenaars in die verband tegemoet gekom het. Die Nasionale Museum, tesame met ander belanghebbende instansies soos die stadsraad, provinsiale administrasie, Universiteit van die Vrystaat, kunsverenigings en individue soos professor F.P. Scott, het voortgegaan om die ideaal van 'n eie kunsmuseum na te streef.

Eers was daar in die verband die Oranje-Vrystaatse kunsmuseum-beplanningskomitee wat die lig in 1966 gesien het en drie jaar later op die amptelike kunsmuseumkomitee uitgeloop het wat die kwessie verder moes dryf. Die verkryging van 'n geskikte terrein, fondsinsameling en die uitbou van die bestaande kunsversameling was onder meer op die agenda.

Die Jubileumsaal op die hoek van President Brand- en St. Andrewstraat was in 'n stadium 'n sterk moontlikheid om as kunsmuseum te oorweeg, terwyl die Ou Presidensie ook geopper is. Teenstrydige standpunte hieroor, asook wat betref hoe so 'n museum bedryf moes word, het die saak in die 1970's en eerste helfte van die 1980's laat voortsloer.

’n Onverwagse wending het gekom toe die voormalige staatspresidentswoning in Bloemfontein, Oliewenhuis, na moeisame onderhandelinge aan die Nasionale Museum beskikbaar gestel is om as kunsmuseum ingerig te word. Dit was in alle opsigte die ideale oplossing vir die lank gekoesterde ideaal van ’n eie kunsmuseum vir die stad en het groot byval onder die publiek en vanselfsprekend kunsliefhebbers en kunstenaars gevind.

Die omskepping van ’n bestaande historiese ondergrondse reservoir by Oliewenhuis kunsmuseum in ’n uitstalruimte en meerdoelige saal, gepas bekend as die Reservoir-galery of in die omgang bekend as die Reservoir, is ’n groot en unieke attraksie vir dié museum. Dit het in der waarheid meegebring dat Oliewenhuis nie net as bewaringsentiteit funksioneer nie, maar nou ook heelwat meer geleentheid het om aktiewe kunsbevordering te onderneem.

Anders gestel, die Reservoir is nie ’n kunsbewaringsruimte op sigself nie, maar inderdaad ’n ruimte vir kunsaksies.

Hierdie betrokke groot ondergrondse reservoir waarin die Reservoir-galery sy beslag gekry het, is in 1905 voltooi vir watervoorsiening aan Bloemfontein. Later het dit in onbruik geraak en vir dekades onder die grond verdoesel gelê totdat dit toevallig in 1994 ontdek is.

Tydens die beplanningsfase van die plasing en oprigting van die Afrika-mallemeule by Oliewenhuis kunsmuseum in 1994 is ’n terreinplan by die departement van openbare werke aangevra. Op die terreinplan was ’n konstruksie noord van Oliewenhuis in stippellyne gesuggereer – niemand het egter in daardie stadium kennis gedra van so ’n konstruksie nie. By nadere ondersoek het ’n versteekte mangat in die tuin tussen die plantegroei tot ’n groot ondergrondse struktuur gelei waarin water ongeveer ’n halwe meter diep gestaan het.

Voor die oë van die personeel en belangstellendes het ’n konstruksie in die vorm van ’n ondergrondse reservoir ontvou met ’n oppervlakte van ongeveer 450 vierkante meter waarvan die dak gestut word deur twee rye van vyf steunpunte van uitgekapte ysterklip met twee dra-balke daaroor waarop ’n gewelfde dak van rooi baksteen rus. Daar is opgemerk dat die mure en vloer van die konstruksie van



*Oliewenhuis-kunsmuseum in Bloemfontein. (foto OLW)*

gegote beton is, maar dit was nie heeltemal waterdig nie – reënwater het dus deur die dekades van buite deurgesypel en in die reservoir opgegaar. Die binnemaat van die reservoir is op ongeveer 14 x 33 x 3,2 meter vasgestel en dat dit sowat 1 440 kubieke meter water kon hou.


Wat hier na bykans 90 jaar ontdek is en beskryf is as uniek, tombe-agtig, dramaties en voortreflik, is die einste ondergrondse diensreservoir wat in 1905 op Grant-heuwel voltooi is om Bloemfontein van water te voorsien.

Rolspelers, belangstellendes en kunsliefhebbers het koppe bymekaargesit en 'n kunsgalery in die struktuur geïdealiseer. Na die ontdekking sou dit egter 'n geruime tyd duur voordat 'n aanvang geneem is met die totstandkoming van die ondergrondse galery.

Daar is gesinspeel dat dit een kans in 'n duisend was dat die reservoir ontdek is. As die mallemeule-projek met sy unieke kunsskeppings uit die Afrika- en Europese mitologie nie



*Bourekenaar Edmund Hattingh sak af in die mangat waardeur die reservoir in Oliewenhuis se tuin ontdek is. Stefan Hundt, destydse kurator, kyk toe. (foto OLW)*



*So het die reservoir daar uitgesien nadat dit ontdek is. (foto OLW)*

gerealiseer het nie, sou die massiewe reservoir-konstruksie steeds verdoesel gelê het. Dit terwyl die lewe sy daaglikse gang op die grasperk bo-oor gegaan het.

Ondergrondse kunsgalerye en museums is skaars in die wêreld. So is daar die Museum van Water in St. Petersburg in Rusland wat in 'n ou watertoring en ondergrondse reservoir gehuisves word. In Istanbul is daar die bekende ondergrondse reservoir, die Basilica Cistern, waar musiekkonserte aangebied word. Dit is in die sesde eeu gebou en beslaan die grootte van 'n katedraal. In Parys kom onder andere ondergrondse graffiti-kuns in die katakombes diep onder die stad voor. Dit blyk dat hier dan die enigste groot ondergrondse kunsgalery in Suid-Afrika is wat sy beslag in 'n reservoir gekry het.



*Bouwerk vorder aan die totstandkoming van die Reservoir-galery. Op die agtergrond is die Afrika-mallemeule. (foto OLW)*



*Die voltooide unieke ondergrondse Reservoir-galery by Oliewenhuis. (foto OLW)*

# Bronne


**Haasbroek, H.**

1980. *Die rol van die Engelse gemeenskap in Bloemfontein 1848-1859*. Bloemfontein: Nasionale Museum.

1982. Holmes se skepper het vuurdoop in SA gehad. *Die Volksblad (Bylae),* 28 Augustus:15.

1987. *Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat 1885-1924.* Bloemfontein: Nasionale Museum.

1987. C.H. Wessels (1851-1924) - Vrystaatse 'landsvader'. *Lantern*, Oktober:69-73.

1990. Philip Louter Wessels: 'Sneaking Hypocrite'?. *Kleio,* XXII:42-55.

1990. Wessels vs Wessels: Die omstrede Bethlehem-tussenverkiesing van 1914. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 2(15):74-95.

1992. A.E.W. Ramsbottom, eerste administrateur van die Oranje-Vrystaat 1910-1915. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 8(2):69-140.

1992. Ella Fischer – 'n Veelsydige gemeenskapsleier. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 8(5):209-234.

1993. Die 1912-onderwyskrisis in die Oranje-Vrystaat. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 7(2):28-33.

1995. Die prins van Wallis se besoek aan Bloemfontein in Mei 1925. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 11(7):149-190.

1998. Die kortstondige bestaan van die Empire-teater in Bloemfontein, Maart-Junie 1905. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 12(2):22-34.

1998. Rolskaatsbane in Bloemfontein 1909-1910. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 14(2):45-71.

1999. Die verhouding tussen die swart inwoners en die stadsraad van Bloemfontein gedurende die Oranjerivierkolonie-tydperk 1902-1910. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 15(1):1-28.

2000. Die Britse koningsbesoek aan Bloemfontein 1947. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 16(8):213-259.

2000. Die rol van Henry Selby Msimang in Bloemfontein 1917-1922. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 16(3):33-67.

2001. Die tragiese lewe van die eksentrieke en legendariese sir Etienne de Villiers (1875-1947) van Bloemfontein. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 15(2):117-135.

2002. Founding venue of the African National Congress (1912): Wesleyan School, Fort Street, Waaihoek, Bloemfontein. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 18(7):125-160.

2003. The Native Advisory Board of Bloemfontein 1913-1923. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 19(4):65-92.

2004. Die rol van dr. B.O. Kellner in Bloemfontein 1863-1918. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 20(4):65-112.

2005. *Stem en legende – Die lewe van Cecilia Wessels*. Pretoria: Litera.

2006. Die rol van Wolff Ehrlich in Bloemfontein. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 22(3):77-110.

2007. Die swembad-geskiedenis van Bloemfontein. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 21(1):57-71.

2007. Die gebeure wat gelei het tot die bedanking van die Bloemfonteinse stadsraad in 1907. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 23(2):77-100.

2008. Die laaste 60 dae van Bram Fischer. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 33(3):81-95.

2009. Rebelle-ambulanskorps vir die Vrystaat, 1914. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 25(4):109-126.

2010. Veelbewoë weg van die Indiërs in SA. *Rapport* (*Weekliks*), 14 November:14.

2010. Nakie Smith (1845-1947) – Goewernante van die bekende en welaf Fichardt-familie van Bloemfontein. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 24(2):37-53.

2011. *'n Seun soos Bram – 'n Portret van Bram Fischer en sy ma Ella*. Kaapstad: Umuzi.

2012. Beelde verrys nie altyd so maklik nie. *Die Volksblad,* 7 Desember:10.

2012. "An absolute pillar of strength for her husband and the struggle": Molly Fischer (1908-1964) – wife, mother and struggle activist. *New Contree*, 65:87-110.

2014. Vlieëweek in Bloemfontein. *Culna*, 69:3-5.

2014. Die ontstaan van die unieke ondergrondse Reservoir-galery (2002) by Oliewenhuis kunsmuseum in Bloemfontein. *Navorsinge van die Nasionale Museum, Bloemfontein*, 30(4):47-70.

# Bronne: Koerante

*De Express*. 31-12-1885.

*Die Burger*. 27-5-1943.

*Die Vaderland*. 9-5-1975.

*Die Volksblad*. 22-27-10-1930; 22-2-1940.

*The Bloemfontein Post*. 22-9-1906.

*The Daily News*. 9-8-1882.

*The Friend*: 1-9-1853; 24-3-1854; 17-6-1862; 19-4-1877; 7-12-1866; 1-7-1880; 3-8-1882; 4-7-1890; 20-1-1906; 15-10-1906; 24-10-1912; 30-1-1914; 12-7-1918; 15-22-7-1918; 29-7-1918; 16-7-1918; 10-8-1918; 14-8-1918; 30-5-1925; 4-14-5-1925; 30-5-1925; 22-27-10-1930; 18-2-1947; 5-3-1947.

*The People's Weekly*. 26-7-1918; 10-8-1918.


GALLER
ENTRAN
e Bloemfontein.

Gedink Bloemfontein is 'n saai en vervelige stad wat sy verlede betref? Delf bietjie deur hierdie ware stadstories – hoofsaaklik gebaseer op inligting uit oorspronklike dokumente in die Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek en Bloemfonteinse koerante, en aangevul deur bestaande sekondêre bronne – en besluit self. In *Splinters en Dorings uit die Rosestad se Verlede* stel Hannes Haasbroek dié stad se kostelikhede en treurmares uit die verre verlede te boek.

Die geskiedkundige foto's is verkry uit die versamelings van die Nasionale Museum, Oliewenhuis-kunsmuseum, Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek en die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein.



**DR. HANNES HAASBROEK** is reeds meer as 35 jaar 'n historikus en hoof van die Geskiedenis-departement by die Nasionale Museum in Bloemfontein. Hy het sy doktorale studie in 1986 aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat voltooi. Met die jare het talle van sy artikels, hoofsaaklik oor die geskiedenis van die stad, in geakkrediteerde akademiese tydskrifte, populêre tydskrifte en koerante verskyn. Twee biografieë, te wete oor Cecilia Wessels en Bram Fischer – beide met hul wortels in Bloemfontein – het uit sy pen gevloei en vir laasgenoemde het hy 'n SALA-toekenning vir nie-fiksie ontvang. In 2012 het 'n fiksie-kortverhaal van hom eerste prys in die Bloemfonteinse Skrywersvereniging se jaarlikse skryfwedstryd verwerf, en sy debuut spanningsroman, *Woudfontein*, het onlangs verskyn.

SUNBONANI SCHOLAR

9 781920 382728 >